# 'N ONDERSOEK NA REKREASIEFASILITEITE EN -BEHOEFTES VAN BLANKES IN POTCHEFSTROOM

deur

STEPHANUS PETRUS TRICHARDT MALAN

(B.A., HONNS. B.A.)

Voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes van die graad Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

# Voorwoord.

Om hierdie ondersoek te voltooi, was die hulp van sekere persone onontbeerlik.

Eerstens wil ek mnr. G.J.L. Scholtz bedank vir die bekwame wyse waarop hy as leier vir my in hierdie ondersoek opgetree het. Dit was 'n voorreg en 'n genot om onder u te studeer.

Die Stadsraad van Potchefstroom het finansieel tot die ondersoek bygedra; waarvoor ek baie dankbaar is. Ek vertrou dat die resultate werklik van nut sal wees.

Aan mej. M.N. van Erdelen my dank vir die taalkundige versorging van die verhandeling a.o. die Engelse vertaling.

Juf. A. Engela was verantwoordelik vir die tik van die verhandeling. Aan haar is ek baie dank verskuldig vir die wyse waarop sy dit voltooi het.

Aan die besture van sportklubs en aan die publiek van Potchefstroom wat behulpsaam was met die invul van vraelyste, bied ek my opregte dank. Sonder u hulp kon die ondersoek nie voltooi gewees het nie.

Vir die hulp van <u>alle</u> ander persone wat onbaatsugtig meegehelp het om hierdie verhandeling 'n sukses te maak, kan ek alleen opreg dankbaar wees.

Bowenal aan God alleen die eer.

S.P.T. Malan.

Februarie 1970.

# INHOUDSOPGAWE


| Hoofstuk | Beskrywing | Bladsy |
|---|---|---|
| | VOORWOORD | |
| 1. | INLEIDING.................................. | 1-4 |
| 2. | DIE PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK .................................. | 5-7 |
| | 1. Probleemstelling .................... | 2-7 |
| | 2. Doel ................................ | 7 |
| 3. | WAT IS REKREASIE? ................... | 8-20 |
| | 1. Inleiding ........................... | 8-9 |
| | 2. Omskrywing van die begrip rekreasie | 9-13 |
| | 3. Definiëring van rekreasie .......... | 13-17 |
| | 4. Aktiewe en passiewe rekreasie ...... | 17-20 |
| | (1) Passiewe rekreasie ............ | 18-19 |
| | (2) Aktiewe rekreasie ............. | 19-20 |
| 4. | ALGEMENE ASPEKTE BETREFFENDE REKREASIE | 21-39 |
| | 1. Opelugrekreasie ..................... | 21-23 |
| | 2. Toenemende aanvraag na opelugrekreasie .................................. | 23-28 |
| | 3. Faktore wat die tipe rekreasie bepaal .................................. | 28-30 |
| | 4. Rekreasie as ekonomiese bate ....... | 30-33 |
| | 5. Organisasie van rekreasie .......... | 33-34 |
| | 6. Waarde van rekreasie ............... | 34-39 |
| 5. | DIE REKREASIELEIER ................. | 40-56 |
| | 1. Inleiding ........................... | 40-42 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2. | Teorieë oor leierskap .............. | 42-45 |
| | 3. | Kenmerke van leierskap ........... | 45-47 |
| | 4. | Die noodsaaklikheid van opgeleide rekreasieleiers .................. | 47-49 |
| | 5. | A. Opleiding van die rekreasieleier ...................... | 49-52 |
| | | B. Proffesionele opleiding .... | 52-55 |
| | 6. | Samevatting ....................... | 55-56 |
| 6. | | PLAASLIKE OWERHEDE EN DIE VOORSIENING VAN OPENBARE REKREASIE ........... | 57-74 |
| | 1. | Algemeen .......................... | 57-58 |
| | 2. | A. Plaaslike besture as die verantwoordelike instansie ...... | 58-62 |
| | | B. Wetlike aspekte t.o.v. voorsiening in rekreasiedienste deur plaaslike owerhede ...... | 62-63 |
| | | C. Algemene aspekte by voorsiening van rekreasiedienste deur die Stadsraad van Potchefstroom ..................... | 63-68 |
| | 3. | Programaanbieding vir rekreasie ... | 68-72 |
| | 4. | Samevatting ....................... | 72-74 |
| 7. | | DIE VRAELYS AS METODE VAN NAVORSING ................................ | 75-95 |
| | 1. | Algemeen .......................... | 75-77 |
| | 2. | Die vraelys as middel vir navorsing | 77-78 |
| | | A. Samestelling van die vraelys ... | 78-82 |

B. Vereistes wat vrae betref ..... 82-84

C. Konstruksie van die vraelys.... 84-87

D. Verspreiding van vraelyste .... 87-89

E. Vraagstuk van vraelys wat nie voltooi word nie .............. 89-91

F. Voor- en nadele van die vraelys ......................... 91-93

G. Evaluasie van die vraelys ..... 93-95

8. KONSTRUKSIE EN TOETSING VAN DIE VRAELYSTE WAT VIR DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS ................................ 96-100

1. Algemene vraelys aan die publiek van Potchefstroom ............ 96-98

11. Onderhoudsvraelys aan sportklubs ........................ 98-100

9. KEUSE VAN RESPONDENTE; VERSPREIDING EN AFNEEM VAN DIE VRAELYSTE .......... 101-106

A. Algemene vraelyste aan die publiek van Potchefstroom .................. 101-104

B. Onderhoudsvraelyste aan sportklubs 104-106

10. RESULTATE VAN GEGEWENS VAN DIE ALGEMENE VRAELYS AAN DIE PUBLIEK VAN POTCHEFSTROOM ............................ 107-144

A. Rekreasiedeelname en sportbesoek ... 108-125

B. Parke en parkbesoek ................ 125-133

C. Potchefstroomdam.................... 138

| | | | |
|---|---|---|---|
| | II. | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS ........................ | 139-144 |
| 12. | I. | RESULTATE VAN ONDERHOUDE MET SPORTKLUBS .............. | |
| | II. | SAMEVATTINGS EN GEVOLGTREKKINGS ........................ | |
| 12. | | SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN ONDERSOEKE VIR VERDERE NAVORSING ....... | 192-200 |
| | I. | Samevatting .................... | 192-195 |
| | II. | Gevolgtrekkings ............... | 195-200 |
| | III. | Ondersoek vir verdere navorsing | 200 |
| | | BIBLIOGRAFIE ...................... | 201-206 |
| | | BYLAE A. .... .................... | |
| | | BYLAE B. ........................ | |

## TABELLE


| NOMMER | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Die rekreasiepatroon, volgens orde van gewildheid, van blankes gedurende die somer | 108-110 |
| 2. | Ontleding van deelname aan georganiseerde sport gedurende die somer ............... | 110-111 |
| 3. | Die rekreasiepatroon, volgens orde van gewildheid, van blankes gedurende die winter | 111-113 |
| 4. | Ontleding van deelname aan georganiseerde sport gedurende die winter .......... | 114 |
| 5. | Belangrikste sport- en rekreasie aktiwiteite waaraan persone graag wil deelneem, maar waarvoor Potchefstroom nie voorsiening maak nie .......................... | 115-116 |
| 6. | Die verband tussen geslag en die beoefening van sport- en rekreasie aktiwiteite buite Potchefstroom .................... | 116-117 |
| 7. | Redes waarom sport- en rekreasie aktiwiteite buite Potchefstroom beoefen word . | 117-118 |
| 8. | Belangrikste sport- en rekreasie aktiwiteite wat gedurende die somer buite Potchefstroom beoefen word ............ | 118-119 |
| 9. | Belangrikste sport- en rekreasie aktiwiteite wat gedurende die winter buite Potchefstroom beoefen word ............. | 119 |

| | | |
|---|---|---|
| 10. | Belangrikste sport- en rekreasie aktiwiteite wat deur die jaar buite Potchefstroom beoefen word .................... | 120-121 |
| 11. | Bywoning van georganiseerde sportbyeenkomste. | 121 |
| 12. | Belangrikste sportbyeenkomste wat gedurende die somer bygewoon word ........ | 122 |
| 13. | Belangrikste sportbyeenkomste wat gedurende die winter bygewoon word......... | 122-123 |
| 14. | Belangrikste sportbyeenkomste wat deur die jaar bygewoon word ............... | 123-124 |
| 15. | Verband tussen geslag en belangstelling in 'n rekreasiesentrum ................. | 124-125 |
| 16. | Parke binne bereik van drie blokke vanaf wonings ........................... | 125 |
| 17. | Besoeke aan parke van Potchefstroom ... | 125-126 |
| 18. | Redes wat aangevoer word waarom parke een tot vier keer per jaar besoek word | 127-128 |
| 19. | Redes waarom parke nooit besoek word nie Die verband tussen parkbesoek en afstand van parke vanaf wonings ............... | 128 |
| 20. | Besoeke aan parke wat verder as drie blokke vanaf wonings geleë is ......... | 129 |
| 21. | Besoeke aan parke wat nader as drie blokke vanaf wonings geleë is ............ | 129-130 |

| | | |
|---|---|---|
| 22. | Parkbesoek deur kinders onder 18 jaar . | 130-131 |
| 23. | Redes waarom kinders parke selde (Jaarliks) besoek ........................ | 131-132 |
| 24. | Redes waarom kinders parke nooit besoek nie ................................ | 132-133 |
| 25. | Besoeke deur inwoners van Potchefstroom aan die Potchefstroomdam ............. | 134 |
| 26. | Redes waarom die Potchefstroomdam soms (1-4 keer per jaar)besoek word ........ | 135-136 |
| 27. | Redes waarom persone nooit die Potchefstroomdam besoek nie ................ | 136-137 |
| 28. | Rekreasiegeriewe wat persone graag by die Potchefstroomdam wil hê............ | 137-138 |

## SPORTKLUBONDERHOUDE


| No. | Sportklub | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | TENNISKLUBS ........................ | 145-155 |
| | A. Potchefstroom-wes Tennisklub ... | 145-148 |
| | B. Potchefstroom-suid Tennisklub .. | 148-150 |
| | C. Park-Tennisklub ................ | 150-153 |
| | D. Mooirivier-Tennisklub .......... | 153-155 |
| 2. | POTCHEFSTROOM KARATEKLUB ........... | 155-157 |
| 3. | POTCHEFSTROOM SEUNS BOKSKLUB ...... | 157-159 |
| 4. | POTCHEFSTROOM MOTORSPORTKLUB ....... | 159-161 |
| 5. | POTCHEFSTROOM AMATEUR FIETSRYKLUB . | 161-164 |
| 6. | POTCHEFSTROOMDORP SOKKERKLUB ....... | 164-167 |
| 7. | POTCHEFSTROOM DAMES HOKKIEKLUB .... | 167-169 |
| 8. | M.L. FICK PLUIMBALKLUB ............ | 169-171 |
| 9. | POTCHEFSTROOM KLEIDUIFKLUB ......... | 171 |
| 10. | POTCHEFSTROOMDORP KRIEKETKLUB ...... | 172-176 |
| 11. | POTCHEFSTROOMDORP RUGBYKLUB ........ | 176-179 |
| 12. | POTCHEFSTROOM AMATEUR ATLETIEKKLUB. | 179-185 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Rekreasie vorm 'n belangrike aspek van elke gelukkige gemeenskap. Dit is 'n vorm van vryetydsbesteding wat in die moderne samelewing al hoe meer op die voorgrond tree. Aanvanklik was dit net die voorreg van die adellikes, maar geleidelik het dit tot alle vlakke van die samelewing deurgedring en die behoefte daaraan neem steeds toe. Van al die faktore wat 'n groter aanvraag na rekreasie meebring, is die hoeveelheid tyd wat 'n persoon tot sy beskikking het, die gemak waarmee hy kan beweeg en, die hoeveelheid geld tot sy beskikking, seker die belangrikste. Hierdie drie faktore, tyd, inkomste en mobiliteit staan bekend as die T.I.M.-faktor.[1] Die verhoogde aanvraag na rekreasie kan ook as regstreekse uitvloeisel van verstedeliking en industrialisasie gesien word.

Botha[2] noem dat die geïndustrialiseerde maatskappy die mens van noodsaaklike fisieke aktiwiteite ontneem. As gevolg hiervan is 'n proses van fisieke verweking en biologiese ontaarding besig om die psigo-somatiese balans

---

1. Verslag. Verslag oor opelugontspanning vir blankes in die Pretoria Witwatersrand-verenigingstreek. p.17. (Hierna genoem P.W.V.-verslag).

2. Botha. 'n Ondersoek na die funksie van 'n staatsdepartement van sport en rekreasie in Suid-Afrika, p.2.

van die mens ernstig te bedreig. Dit hou veral gevaar in vir die produktiwiteit, werksvermoë, gesondheid en weerbaarheid van 'n volk.[1] Die voorkomende en helende waarde van gesonde rekreasie t.o.v. jeugmisdaad, fisieke en psigiese toestande, is reeds deur velerlei navorsing aangetoon.[2]

Rekreasie kan as 'n lewensbehoefte en 'n leefwyse gesien word. Die mens verlang na iets wat aan hom vreugde bied en wat hom van sy daaglikse spanninge kan laat vergeet. Die behoefte is grootliks psigologies van aard en spruit uit die psigiese en sosiale aspekte wat in intensiteit van individu tot individu verskil. Faktore soos sosio-ekonomiese stand, woongebied, ouderdom, geslag, kultuur en religie kan hierdie behoefte motiveer. Rekreasie kan daarom baie wyd wees en alles wat weg is van die daaglikse verpligting om in lewensbehoeftes te voorsien, kan potensieel as rekreasie beskou word, mits dit binne die sosiaal-aanvaarbare struktuur van die gemeenskap val.

Rekreasie is 'n doel op sigself. Die vreugde wat dit bied is die grootste beloning. Rekreasie mag nie as middel om 'n doel te bereik gesien word nie. Laasgenoemde is die standpunt van evolusioniste, humaniste en positiwisme. Feite in die wetenskap word as beginsels aanvaar. Met die verandering van hierdie feite,

---

1. Loc. cit.

2. Verslag. S.A.N.U. Ontspanning in die natuur. p.3. (Hierna genoem S.A.N.U. verslag (Julie 1961)).

verander die beginsels dienooreenkomstig. vir die Christendom is beginsels van die begin af vasgelê en is onveranderbaar. Die speldrang en die sosiale gevoel van die mens is van die begin af in hom gelê en dit het nie ontwikkel nie. By kleuters kan hierdie speldrang die beste gesien word. Spel, en in die wyer verband rekreasie, is daarom 'n Godgegewe besitting van die mens wat 'n doel op sigself is en nie 'n middel waardeur byvoorbeeld fiksheid of tegniese vaardigheid in sport verkry kan word nie. Rekreasie is primêr en alles wat daardeur verkry word is sekondêr. Die mens versaak daarom 'n plig deur nie aan gesonde rekreasie deel te neem nie. Daarom is dit ook die plig van plaaslike owerhede, provinsiale rade en die regering om die behoeftes van die onderskeie gemeenskappe ter harte te neem en om rekreasiefasiliteite te skep sodat die behoeftes bevredig kan word.

Gesonde aktiewe rekreasie kan die fisieke fiksheid van 'n volk verhoog waardeur die weerbaarheid van die landsburgers verhoog word. Scholtz noem dat moderne lande sport gebruik om die volk *se tanende fisieke krag te probeer behou.*[1)] Spierarbeid word deur meganisme by die moderne mens uitgeskakel en dit oefen 'n invloed uit op die fisieke krag en weerbaarheid van die bevolking. *In die sin bly die uitbouing en grootskaalse beoefening van sport en spele 'n baie waardevolle*

---

1. Scholtz. Die fisieke fiksheid van loteling van die Suid-Afrikaanse weermag, Suid-Afrikaanse Polisie in opleiding en skolier in standerd tien. p.4.

*belegging vir elke staat en volk.*[1]

Rekreasie kan nie behandel word sonder verwysing na vryetyd nie, aangesien laasgenoemde die raamwerk is waarbinne rekreasie afspeel. In die moderne lewe word die werkstyd ingekort. Dit bring meer vryetyd wat nuttig bestee moet word. Dit is gewoonlik gedurende vryetyd wanneer die mens met homself verveeld is dat sosiale euwels hulle beslag kry.[2] Die rol wat opvoeding in rekreasie speel is baie belangrik. Hier speel ouers, die skool, kerk en gemeenskap 'n deurslaggewende rol. Reeds van jongs af moet die kind geleer word hoe om sy vryetyd nuttig te bestee.

---

1. Loc. cit.

2. Smith. Die ontspanningsleier. p.2.

# H O O F S T U K 2

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

### 1. Probleemstelling

Plaaslike owerhede in Suid-Afrika het tans slegs 'n morele verpligting om in rekreasiedienste vir 'n gemeenskap te voorsien. Gebrek aan wetgewing deur die staat, finansies en inisiatief aan die kant van plaaslike owerhede, is klaarblyklik van die hoofredes waarom voorsiening van rekreasiedienste nie meer aandag geniet nie.

Fasiliteite, indien dit wel deur plaaslike owerhede verskaf word, word meestal op 'n lukraak wyse voorsien in die hoop dat die kol gaan tref. Hierdie benadering is twyfelagtig van aard en kan onekonomies wees, of nie in die doel waarvoor dit beplan is, voorsien nie. Rekreasiefasiliteite kan daarom nie sonder meer verskaf word, waarna daar gehoop word dat daardeur in die behoeftes van 'n gemeenskap voorsien is nie. Beplanning is noodsaaklik en hiervoor is wetenskaplike navorsing 'n voorvereiste. Opnames van en beplanning vir rekreasiebehoeftes is noodsaaklik. Met die vasstelling van rekreasiebehoeftes kan daar kwantatief en kwalitatief in rekreasiedienste voorsien word. Kort- en langtermynbeplanning kan onderskei word.

Opnames van die behoefte aan rekreasie, bied hoofsaaklik 'n beeld van die huidige behoefte wat bestaan.

Gereëlde opnames kan egter 'n aanduiding bied van wat om in die toekoms te verwag. Om vir die toekoms te beraam is moeilik, aangesien allerlei faktore, o.a. die veranderbaarheid van die mens se behoefte n.a.v. nuwe rekreasievorme wat ontwikkel word, in beplanning 'n rol speel. Oorbeplanning of oorberaming kan voordeliger as onderberaming of onderbeplanning wees. Indien bv. vir rekreasie-uitbreiding t.o.v. grondgebied oorberaam word, kan die onbenutte deel later vir ander doeleindes aangewend word, of kan dit na 'n latere ontwikkelingsprojek oorgedra word. Indien daar egter onderbeplan is, is dit dikwels moeilik om grondgebied sonder ekonomiese verliese te herwin.

In Potchefstroom word fasiliteite vir rekreasie deur die plaaslike owerheid voorsien. Dit sluit parke, sportvelde, swembad en rekreasiefasiliteite by die Potchefstroomdam in. Beskikbaarstelling van dié fasiliteite word nie altyd deur beplande opnames en die werklike behoeftes wat hieraan bestaan, vooraf gegaan nie. Die probleem is dat gebrek aan opnames en beplanning vir rekreasiefasiliteite kan 1) lei tot oorbenutting van sekere fasiliteite waardeur die grondgedagte van rekreasie versteur word; 2) lei tot frustrasie by 'n gemeenskap omdat daar nie in hulle behoeftes voorsien word nie; 3) lei tot ekonomiese verliese deurdat fasiliteite voorsien mag word waarvan nie gebruik gemaak word nie; 4) lei tot verlies van grondgebied vir rekreasie wat later nodig blyk te gewees het.

Rekreasiefasiliteite moet sodanig verskaf word dat

dit in die behoeftes van die gemeenskap as geheel voorsien. Die behoeftes van gestremdes, kleuters en oumense mag ook nie uit die oog verloor word nie. Dit is soms hierdie mense wat die grootste behoefte aan geskikte rekreasiefasiliteite het. Die verspreiding van goedbeplande parke in 'n gemeenskap, sodat dit intensief benut kan word, is baie belangrik. Deeglik uitgelegde parke kan nooit as 'n ekonomiese verlies beskou word nie. Die fisieke en psigologiese waardes wat die mens uit parkbesoek put, moet die grootste bydrae van parke wees.

2. Doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek is:

a. om die bestaande sportfasiliteite ~~van sportklubs~~ na te gaan en behoeftes van klubs aan te toon;

b. om die behoefte aan rekreasie by die gemeenskap van Potchefstroom na te gaan;

c. om die rekreasiepatroon van die gemeenskap gedurende die somer en winter na te gaan;

d. om vas te stel hoedanig die huidige parke van Potchefstroom deur die gemeenskap benut word en welke faktore parkbesoek beïnvloed;

e. om vas te stel of die gemeenskap in 'n rekreasiesentrum belangstel;

f. om vas te stel of sportklubs in 'n sentrale sportsentrum belangstel.

# HOOFSTUK 3

## WAT IS REKREASIE?

### 1. Inleiding

In die verhandeling word voortdurend na die begrip *rekreasie* verwys. Soos spel die basis van sport is[1] vorm die begrip rekreasie, vir die skrywer, die omvattende geheel van alle vorms van sosiaal-aanvaarbare vryetydsbesteding. Die begrip *rekreasie* is daarom baie wyd en sluit aktiwiteite in soos sport, spel en talle ander sosiale en kulturele aktiwiteite.

Na 'n begripsontleding van wat ontspanning en wat rekreasie is, kom Botha[2] tot die gevolgtrekking dat die twee begrippe sinoniem is. Hierdie siening word aanvaar. Daar word egter verkies om die begrip *rekreasie* te gebruik, aangesien dit ryker aan betekenis is as ontspanning. Van der Merwe[3] het ook kritiek teen die begrip ontspanning omdat, *ontspanning eintlik neuro-ontspanning beteken -- 'n toestand wat mens bereik as jy onder narkose is.* Botha beveel ook aan dat die naam van die huidige

---

1) Pietersen. Sociologie van de Sport. p.21.

2) Botha. 'n Ondersoek van die funksie van 'n Staatsdepartement van sport en rekreasie in Suid-Afrika. p.11.

3. Verslag. S.A.N.U. Verslag oor die Nasionale Konferensie oor openbare ontspanning. p.77. (Hierna genoem S.A.N.J.-verslag, April 1968).

Departement van Sport en Ontspanning verander moet word na *Die Departement van Rekreasie* of *Die Departement van Sport en Rekreasie*, aangesien die begrip ontspanning foutief is en *sonder twyfel met die begrip 'rekreasie' vervang moet word.*[1)]

2. Omskrywing van die begrip *rekreasie*

Rekreasie, ook genoem herskepping, is 'n fisiologiese en psigologiese proses wat so ingewikkeld is dat 'n algemene en bevredigende omskrywing hiervan moeilik gegee kan word. Rekreasie is 'n lewensbehoefte en by die bevrediging daarvan speel tyd en rus 'n baie belangrike rol.[2)]

Rekreasie is afgelei van die Latynse recreare wat beteken om te herskep, om te vernu en om te verryk. Dit kan ook teruggevoer word na die Engelse recreation; waarvan die betekenis dieselfde is as recreare. Rekreasie bied die geleentheid om die energie wat gedurende die dag aan arbeid vrygestel is, weer op te bou.[3)] Hiersonder is produktiewe en progressiewe werksvermoë nie moontlik nie.[4)] Bosman wys daarop dat rekreasie dien *as 'n uitlaatklep vir opgekropte gevoelens; dit bevat 'n verfrissingselement; dit is die tyd waarin die*

---

1) Botha, op. cit., p.509.

2. Vischer. Een beschouwing over economische en geografische aspecten van de recreatie, p.8.

3. Quinn. Urban sociology, p.427.

4. Postma. Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde, p.167 en 176.

*skeppingsdrang kan ontplooi .....*[1]

Meyer & Brightbill[2] noem dat rekreasie 'n lewenswyse en lewensbehoefte is. Dit kom tot uiting in die verlange na rekreasie. Psigologies is hierdie verlange geanker in die natuur van die mens. Die bevrediging van hierdie verlange is vir die mens se fisieke en psigiese ontwikkeling net so belangrik as sy daaglikse voedsel.[3]

Rekreasie is 'n behoefte wat gefundeer is in die skeppingsdrang van die mens en deur rekreasie kan die drange sterk geaktiveer word. Basies is die mens 'n skeppende wese. Reeds by die klein kindjie kan dit gesien word. Die kleimodelle, modderkoekies, gekrap teen die muur, is alles voorbeelde van die drang wat daar in die mens is om te skep. By die volwassene kan dit gesien word in die arbeid wat hy verrig. Wanneer die behoefte nie bevredig word nie, kan dit lei tot 'n afname in die skeppende vermoë, dus 'n vermindering van fisieke en psigiese prestasies.[4] Afname in rekreasiedeelname beteken 'n afname in prestasie en ook vermindering van produktiwiteit.[5]

---

1. Bosman. Liggaamlike Opvoeding in enkele Suid-Afrikaanse nywerhede, p.11.

2. Meyer & Brightbill. Community recreation, p.30.

3. Loc. cit.

4. Kraus. Recreation today, p.21-26.

5. Loc. cit.

Visscher[1] noem dat toename in welvaart, 'n faktor a.g.v. meer fisieke en psigiese inspanning, 'n groter behoefte aan rekreasie laat ontstaan en dat die aanvraag na rekreasie sal toeneem namate die wetenskap verder ontwikkel. *De recreatie is een fysiologische en psychologische voorwaarde voor de arbeid en daarmede voor de produktie een economische noodzaakelijkheid. Recreatie behoefte kan economisch gezien worden als een tekort aan geestelijke en lichamelijke prestasie met betrekking tot de arbeid.* Hoe verder die tegnologie ontwikkel word, hoe minder sal die mens self in staat wees om prestasies in die werksituasie te lewer en hoe groter sal die behoefte aan rekreasie word.

Dit is dus noodsaaklik dat die mens ingelig moet word aangaande rekreasie en dat hy geleer word om buite die werksituasie aan een of ander vorm van rekreasie deel te neem. Dit sal meebring dat sy fisieke en psigiese balans herstel word en dat hy 'n aanwins vir die maatskappy en die sosiale struktuur is. Die deelname aan rekreasie stel die vereiste dat die persoon homself geheel moet oorgee, dat hy sy stereotipe lewe moet vergeet en nuwe dinge moet ontdek.[2]

Visscher[3] onderskei die volgende vorms van rekreasie:

---

1. Visscher. Op. cit. p.9.

2. Verslag. Verslag van die O.R.R.R.C. Trends in American living and outdoor recreation, no. 22, p.239.

3. Visscher. Op. cit., p.9.

2.1. Natuur- of opelugrekreasie

Dit is orals moontlik waar die natuur is. Dit sluit in watersport, bergsport, natuuruitstappe, hengel, jag ens. Hier word 'n onderskeid gemaak tussen primêre natuurkenmerke bv. watervalle met die daaromliggende natuur en die afgeleide rekreasiefasiliteite soos parke met nagemaakte watertuine.

2.2. Sosiale Rekreasie

Dit is waar die mens binne die gemeenskapsverband, individueel of kollektief, sekere prestasies behaal. Hiertoe word gewoonlik sport en spele gereken.

2.3. Kulturele rekreasie

Die rekreasiebehoefte kan sterk deur kulturele aktiwiteite soos o.a. musiek, blyspele en toneel bevredig word. Die geleenthede vir kulturele rekreasie is egter nie orals in dieselfde mate teenwoordig nie. Hier kan die platteland teenoor die stad gestel word. In groot stede is daar baie meer geleentheid as op die platteland, om in kulturele behoeftes te voorsien. Dit is as gevolg van die aanwesigheid van baie meer teaters, kunsfeeste, toneelopvoerings en die uiteenlopende gekommersialiseerde rekreasievorms. Op die platteland is dit nie in so 'n groot mate aanwesig nie, deels omdat die gemeenskappe klein is en omdat belangstelling dan minder is.

## 3. Definiëring van rekreasie

Die begrip rekreasie is baie omvangryk en fluktueerbaar. Die grense kan nie volledig afgebaken word nie. Wat vir die een persoon rekreasie is, mag vir die ander werk wees. Die stelling kan met ~~twee~~ een voorbeelde toegelig word. 'n Reis wat deur die Tuinroete vir toeriste gereël word, mag vir die toeriste rekreasie wees, maar vir die gids wat hulle begelei, en ook dieselfde natuurskoon sien, is dit werk. Wanneer 'n persoon hengel vir plesier is dit rekreasie. As die hengelaar egter die vis wat hy vang verkoop om sodoende in sy lewensbehoeftes te voorsien, kan die hengel nie meer as rekreasie beskou word nie, maar moet dit as werk gesien word. In alle gevalle van *rekreasie* waar dit om broodwinning gaan, is daar 'n element van gedwongenheid: dit moet gedoen word anders kan daar nie in die lewensbehoeftes voorsien word nie.

Vir Meyer & Brightbill[1] is rekreasie *activity voluntarily engaged in during leisure and primarily motivated by the satisfaction or pleasure derived from it.* Die elemente van vrywillige deelname, vryetyd en satisfaksie is hier teenwoordig. Dit is die basis waarop rekreasie moet berus.

Neumeyer en Neumeyer[2] omskryf rekreasie as *any activity pursued during leisure, either individual or*

---

1. Meyer & Brightbill. Op. cit., p.28.
2. Neumeyer en Neumeyer. Leisure and recreation, p.22.

*collective, that is free and pleasureful, having its own immediate appeal, not impelled by a delayed reward beyond itself or by any immediate necessity. A recreational activity may be engaged in during any aged period of the individual, the particular action being determined by the time element, the condition and attitude of the person, and the environmental situation.*

Kidd[1] gee die volgende siening van rekreasie: *Recreation is the use of leisure or free time, whereby the person involved, gains some degree of personal satisfaction.*

'n Leemte by hierdie definisies is dat daar nie verwys word na die konstruktiewe deelname aan rekreasie, die sosiale aanvaarbaarheid van rekreasie, en die feit dat daar geen verband tussen werk en rekreasie bestaan nie. Rekreasie word in al die definisies so wyd gestel dat misdaad, wat gedurende vryetyd beoefen word en waaruit satisfaksie verkry word, ook onder rekreasie geplaas kan word.

'n Gangbare omskrywing van rekreasie word deur die Ryksplanologiese Diens[2] van Nederland gegee. Dit is *elke bezigheid of ervaring, die men binnen het kader van de maatschaplike orde, vrijwillig onderneemt of ondergaat gedurende de vrije tijd en die in de eerste plaats gemotiveerd wordt door de voldoening of het genoegen, dat daarvan verkregen wordt.* Die maatskaplike orde plaas

---

1. S.A.N.U.-verslag, Julie 1961, p.65.

2. Molendijk. Openlucht Recreatie, p.18.

hier 'n beperking op die inhoud van rekreasie, wat by ander definisies nie genoem is nie, of nie pertinent gestel is nie. Aangesien maatskaplike ordes by volkere verskil, met inagneming van ander faktore, sal rekreasie ook by volkere verskil.

'n Bruikbare definisie word deur Kraus[1] gegee: *Recreation consists of any activity or experience, usually chosen voluntarily by the participant, either because of the immediate satisfaction to be derived from it, or because he perceives some personel or social values to be achieved by it. It is carried on in leisure time, and has no work-connotations, such as study for promotion in a job. It is usually enjoyable and when it is carried on as part of organised community or agency services it is designed to meet constructive and socially worthwhile goals of the individual participant, the group, and society at large.*[2]

Kritiek wat teen die definisie ingebring kan word is dat dit rekreasie as middel sien om 'n doel te bereik. Met hierdie siening kan daar nie saamgestem word nie. Dit bied egter 'n visie wat rekreasie in die algemeen behels. Kraus[3] noem dat *die definisie onder sekere omstandighede verander mag word.*

---

1. Kraus. Op. cit., p.7.

2. Onderstreping is deur skrywer self gedoen.

3. Kraus. Op. cit. p.8.

Elke vakterrein wat die mens as tema het, heg 'n eie waarde aan rekreasie en het 'n eie siening van of benadering tot rekreasie. Vir die sosioloog val die klem op nuttige besteding van vryetyd; vir die psigoloog gaan dit om die behoud van psigiese balans; vir die opvoedkundige is rekreasie op opvoedkundige oorwegings gebaseer. Dit laat die vraag ontstaan in watter lig die liggaamsopvoeder rekreasie moet benader.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar bepaalde riglyne is waarvolgens rekreasie benader moet word. Psigologie, sosiologie, fisiologie, e.a. is almal hulpwetenskappe van die liggaamlike opvoedkunde en daarom moet dit ook gebruik word om 'n beskrywing van rekreasie, uit die liggaamsopvoeder se oogpunt, weer te gee.

Rekreasie omsluit al die sport-, spel- en ander liggaamlike aktiwiteite wat vrywillig beoefen word en primêr 'n doel op sigself is wat persoonlike genot verskaf en nie met werk in verband gebring kan word nie, wat gedurende vryetyd plaasvind, sosiaal aanvaarbaar is en sekondêre doelstellinge bereik soos o.a. fisieke fiksheid, motoriese verbetering en kennis, waardeur die psige ook voordelig beïnvloed word.

Hierdie omskrywing is gerig op deelname aan liggaamlike aktiwiteite om die mens se fisieke en psigiese kragte te mobiliseer en te verbeter. Dit impliseer nie dat rekreasie 'n middel is om hierdie doelstellinge te verkry nie, maar wel die teenoorgestelde, naamlik dat

rekreasie primêr is by die beoefening en dat voortvloeiende daaruit die doelstellinge bereik kan word.

## 4. Aktiewe en passiewe rekreasie

In rekreasie moet opbouende en herskeppende vryetydsbesteding onderskei word van nuttelose en afbrekende vryetydsbesteding. Indien persone aan skeppende en konstruktiewe aktiwiteite in hulle vryetyd deelneem, word die beskawingspeil verhoog. Indien hulle egter aan destruktiewe en nuttelose aktiwiteite deelneem, sal die sosiale orde degenereer en sal vooruitgang gestrem word.[1)]

'n Persoon wat gedurende sy vryetyd plante en diere bestudeer, bestee sy tyd op 'n opbouende wyse. Sy liggaam en gees herstel terwyl sy kennis verryk word. Hierteenoor kan 'n persoon gestel word wat sy vryetyd aan sosiale euwels bestee. Dit is afbrekend vir gees en liggaam en die sosiale orde word daardeur versteur.

Bosman[2)] wys daarop dat rekreasie-aktiwiteite in die huidige vorm tesame met die tyd wat daaraan bestee word, verskil *van volk tot volk, selfs van gemeenskap tot gemeenskap, asook van individu tot individu. Hierdie verskil word bepaal deur die behoeftes en fasiliteite van elke groep.* Dobbel word in die Republiek afgekeur, maar is tog 'n gewilde vorm van rekreasie in die meeste Europese lande en ook in sommige van ons buurstate.

---

1. Neumeyer & Neumeyer. Op. cit., p.13.
2. Bosman. Op. cit., p.11.

Die rol wat aanvraag en fasiliteite in rekreasie speel, is belangrik. Bestaande behoeftes moet gestimuleer word deur die beskikbaarstelling van fasiliteite. Dit kan tot gevolg hê dat groter behoeftes ontstaan, omdat fasiliteite belangstelling uitlok. Die proses sal voortgaan totdat daar 'n balans tussen aanvraag en voorsiening bestaan.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat behoeftes die fasiliteite en vice versa, bepaal. Daar moet dan ook onderskeid gemaak word tussen behoeftes wat passief en behoeftes wat aktief van aard is, 'n onderskeid wat nie altyd konsekwent geld nie, aangesien die twee vorme mekaar dikwels oorvleuel.

Aktiwiteit is 'n verpligting by rekreasie en kan fisies, psigies of emosioneel van aard wees.[1] Hierdie drie aspekte vul mekaar aan en geen aktiwiteit kan daarsonder plaasvind nie. Alleen deur te bepaal watter een van hierdie drie aspekte die prominentste is, kan bepaal word of rekreasie passief of aktief is. Oor die algemeen kan aanvaar word dat waar die fisiese aspek die prominentste is, dit aktiewe rekreasie behoort te wees. Aktiwiteite wat hoofsaaklik psigies of emosioneel van aard is kan as passiewe rekreasie geklassifiseer word.

4.(1) Passiewe Rekreasie

Postma[2] noem dat gekommersialiseerde rekreasie

---

1. Meyer & Brightbill. Recreation administration, p.32.

2. Postma. Op. cit. p.184.

meestal passiewe rekreasie is. Die groot sportbyeenkomste met die duisende toeskouers en net die handjievol spelers is tipies vir die stelling. Die passiewe vorm kan verder gesien word by bioskope, konserte, perdewedrenne en so meer. Hier verkies die mens om toeskouer of toehoorder te wees en hom te vermaak in die aktiwiteite wat deur ander verrig word. Die meeste vorms van rekreasie waar die persoon nie self aktief by betrokke is nie, kan as passiewe rekreasie gereken word.

4.(2) Aktiewe rekreasie

Dit is waar 'n persoon direk en aktief 'n bepaalde vorm van rekreasie beoefen. Die vereiste is dat die persoon hoofsaaklik fisies aktief moet wees. Dit kan o.a. aktiwiteite insluit soos bergklim, stap, swem, roei en alle amateur sport- en spelaktiwiteite. Quinn[1)] noem dat amateurtoneelspel ook aktiewe rekreasie is.

Soos reeds genoem is dit baie moeilik om aktiewe en passiewe rekreasie duidelik af te baken. Dikwels is daar 'n groot mate van oorvleueling en kan daar nie met sekerheid vasgestel word of rekreasie passief of aktief is nie. Dit is maklik om eksterne aktiwiteit waar te neem soos wanneer 'n persoon tennis speel. Dit is egter nie so maklik om aktiwiteit (fisies, psigies of emosioneel) by persone vas te stel wat na musiek luister of na 'n wedstryd kyk nie.

---

1. Quinn. Op. cit., p.429.

Meyer & Brightbill[1] noem dat *Leisure may result in idleness, but recreation, which often absorbs the lion's share of leisure, involves action and activity.*

Alhoewel beide die aktiewe en passiewe vorms van rekreasie van groot waarde vir die gemeenskap kan wees, moet daar meer klem gelê word op aktiewe rekreasie.[2]

---

1. Meyer & Brightbill. Community recreation, p.32.
2. Quinn. Op. cit., p.430.

# HOOFSTUK 4

## ALGEMENE ASPEKTE BETREFFENDE REKREASIE

### 1. Opelugrekreasie

Molendijk[1] noem dit *de grote trek naar buiten.* In die verslag[2] van die Departement van Beplanning, word opelugrekreasie gedeffinieer as *die benutting van buitenshuise omgewing vir genot en welsyn.* By hierdie definisie kan daar ook volstaan word.

Rekreasie in die opelug kan wissel van rustige stap in 'n natuurpark tot uitputtende sneeuski, van swem tot bergklim of passief of waarnemend in die natuur verkeer.

Met die beskikbaarstelling van geriewe vir opelugrekreasie, word aan almal die geleentheid gebied om hul fisieke kragte te herstel of te behou en om sy psigiese balans te herwin of te behou. As rekreasie in die opelug verder bydra om die mens se kennis te verryk, bv. deur natuur- of dierbestudering, is dit nog beter.

Gebiede wat vir opelugrekreasie geskik is, kan vir 'n wye verskeidenheid doeleindes aangewend word. Dit kan insluit parke, speelgronde, opelugteaters, strande, alle soorte sportvelde, wetenskaplike en historiese

---

1. Molendijk. Op. cit., p.19.
2. P.W.V.-verslag. Op. cit. p.1.

gebiede, plesieroorde en oop gebiede van verskillende soorte[1]. Die O.R.R.R.C.[2] [3] verslag - (Outdoor Recreation Resources Review Commission), stel die volgende klassifikasie van rekreasie-oorde voor, nl.

Klas 1 Hoë digtheidsareas. Die gebiede word hoofsaaklik vir rekreasie gebruik en word gekenmerk deur goedontwikkelde fasiliteite en terreine. Hierdie oorde is gewoonlik by damme, riviere, mere of die see. Kunsmatige fasiliteite vir rekreasie oorheers hier gewoonlik die natuurlike omgewing. Die natuur bly egter die middelpunt waarom ander geriewe en vermaaklikhede geskep is.

Klas II Algemene opelugareas. Hier word voorsiening gemaak vir aktiwiteite soos kampeer, piekniek, hengel, watersport en ander vorms van opelugaktiwiteite. By hierdie klas mag die oorspronklike natuur nie versteur word nie.

Klas III Natuurlike omgewing. Hierdie klas val tussen klas II en die primitiewe gebiede van klas V. Beplanning by die klas moet eerder die fisiese omgewing beklemtoon as om dit te versteur. Die mens moet die natuurlike omgewing self bestudeer en ontdek. Ontwikkeling moet net die daarstelling van toegangspaaie en die basiese geriewe vir piekniek en kampeer voorsien.

---

1. Webster. Urban planning and municipal public policy, p.166.
2. S.A.N.U.-verslag 1961. Op. cit., voorwoord tot verslag.
3. P.W.V.-verslag. Op. cit., p.27-28.

Aktiwiteite soos o.a. jag, bergklim, swem, hengel, kampeer en piekniek kan hier beoefen word.

Klas IV Unieke Natuurareas. Fisiese kenmerke oorheers en word aan die publiek vertoon. Slegs fasiliteite vir veiligheid moet voorsien word.

Klas V Primitiewe areas. Hierdie areas kan as die ongerepte natuur beskou word. Kommersiële bedrywighede moet nie toegelaat word nie, sodat die rustigheid nie versteur word nie.

Klas VI Historiese en kulturele terreine. Dit omvat alle plekke van historiese waarde soos monumente, veggebiede en oorblyfsels. Geen fasiliteite word toegelaat nie.

2. Toenemende aanvraag na opelugrekreasie

Gedurende vakansietye word vakansie-oorde in toenemende mate, jaarliks oorval met besoekers sodat daar groot druktes ontstaan. Die vraag is waarom daar 'n verhoogde aanvraag na opelugrekreasie is. Molendijk[1] noem dat dit moeilik is om met sekerheid iets oor die dryfvere te sê, aangesien studie in hierdie rigting beperk is. Hy noem egter dat die dieperliggende dryfvere gesoek moet word in die menslike verhoudings in die moderne samelewing en die huidige woonsituasie.[2]

---

1. Molendijk. Op. cit., p.19.

2. Loc. cit.

Ander faktore wat belangrik is:[1] 1) normale aanwas van die bevolking; 2) toename in inkomste per kapita; 3) toename in vryetyd per kapita; 4) toename in mobiliteit van die bevolkings; 5) meer fasiliteite en verbeterings by rekreasie-oorde; 6) reklame en advertensie; 7) afname in oop ruimtes.

Dit is duidelik dat vir die groeiende aanvraag na opelugrekreasie, behoorlik voorsiening gemaak sal moet word. Gebiede sal nou reeds vir die toekoms gereserveer moet word. Die verwagting is dat deelname aan opelugrekreasie teen die jaar 2000 in Amerika sal verdriedubbel.[2] Die vraagstuk van opelugrekreasie het in Suid-Afrika nog nie tot so 'n groot probleem ontwikkel nie, danksy die wyduitgestrektheid van die land teenoor 'n relatiewe klein bevolking. Die tyd sal egter kom dat dit 'n dringende oplossing vereis. Vroegtydige, wetenskaplik-gekoördineerde beplanning sal nou reeds die sleutel vir oplossing in die toekoms verskaf.

a. Die trek na rekreasie-oorde

In Nederland is opnames gemaak om vas te stel wanneer mense op rekreasietogte gaan. *Daarvolgens is indelings van dag-, middag-, en naweektrekke gedoen. 'n Vierde tipe, vakansietrek, kan ook bygevoeg word.*[3]

---

1. Potchefstroomstadsraad. Bestuurskomiteevergadering, 18 Sept., 1968, p.218.

2. S.A.N.U.-verslag 1968. Op. cit., p.23.

3. P.W.V.-verslag. Op. cit., p.13.

In die Nederlandse ondersoek word tot die gevolgtrekking gekom *dat een groot percentage van de trek naar buiten zich op vrij korte afstand van de woonplaats afspeelt. Bij de middagtrek blijft in steden als Amsterdam, Zaandam, en Rotterdam 80 a 90% binnen een straal van 30km om de woonplaats, bij de dagtrek 60 a 70%.*[1)]

Omrede mense skynbaar nie die behoefte het om gedurende dag of naweektrekke ver te reis nie, keer mense gewoonlik in die aand en veral op Sondae na hulle tuiste terug. Dit lei tot 'n verhoging van verkeersdrukte, en verkeersprobleme word geskep.[2)]

b. Vryetyd as raamwerk van rekreasie

Vryetyd kan omskryf word *to be that portion of man's time not required at work, at toil, or in eating and sleeping.*[3)]

Van die vroegste tye al het die mens oor vryetyd beskik. Hoeveel is onbekend. Die samelewing was toe nie so gekompliseerd soos vandag nie en daar was skynbaar nie so 'n dringende behoefte aan vryetyd nie. Namate tegnologie ontwikkel het, is die mens in 'n geroetineerde lewe vasgevang en word vryetyd daardeur afgebaken. Neumeyer & Neumeyer skryf[4)]: *Leisure is here. Modern life is being revolutionized by its rapid*

---

1. P.W.V.-verslag. Op. cit., p.14.
2. Ibid., p.13.
3. Smith, C.R. & ander. Rural recreation for profit, p.2.
4. Neumeyer & Neumeyer. Op. cit., p.13.

*extension. People have always had some leisure, but in recent years it has come with such suddenness that few are aware of its farreaching significance.*

In 1563 was die werksdag op veertien uur per dag vasgestel. Vandag staan dit reeds op agt uur en in sommige gevalle bestaan daar reeds 'n vyf uur werksdag.[1) 2)] In Amerika word bereken dat teen die jaar 2,000 die werksweek verkort sal word tot 32 uur per week en dat betaalde vakansies 3.9 weke per jaar sal beloop.[3)]

Fitzgerald[4)] skryf: *Leisure represents time, time is opportunity. Leisure represents freedom; freedom allows for choice; and choice is opportunity.* In die lig hiervan bied vryetyd geleentheid. Dit is geleentheid vir keuse - keuse vir aktiwiteit en keuse om vryetyd volgens eie oordeel te bestee. *Dit mag nie as ledige tyd beskou word nie, want in ledigheid verloor die lewe alle betekenis.*[5)] Die waarde van vryetyd word daarom gemeet aan die wyse waarop dit bestee word. Hierdeur kan 'n gemeenskap se kultuur gevorm of vernietig word. As dit konstruktief gebruik word, sal die beskawing vooruitgaan. As dit egter nutteloos bestee word sal die beskawing deterioreer en sal vooruitgang gestrem

---

1. Smith, p.1.
2. Kraus. Op. cit., p.10.
3. S.A.N.U.-verslag 1968. Op. cit., p.23
4. Fitzgerald. Community organisation for Recreation, p.34.
5. Smith. Op. cit., p.1.

word.[1]

Vryetydsbeoefening moet positiewe waarde hê, anders word dit geassosieer met niksdoen. Dat vryetyd wel produktiewe waarde inhou, blyk uit die talle uitvindinge, patente en tegniese hulpmiddele wat gedurende vryetyd geskep is. *Thomas Edison is reported to have said that he never did a day's work in his life. Yet this great investigator spent many hours in his laboratory, working on new inventions and engaging in creative activities.*[2]

Aristotelis skryf: ........ *the first principle of all action is leisure........*[3] Waar rekreasie aksie is, vorm vryetyd die raamwerk waarin rekreasie tot uitvoer gebring word.

Namate vryetyd toeneem word meer geleentheid geskep om aan konstruktiewe rekreasie deel te neem. Hier speel opvoeding in rekreasie 'n belangrike rol vir die jeug en veral vir die skoolgaande kind. Van jongs af moet die kind bewus gemaak word van die rol en nut wat rekreasie in die vorming van die mens inhou. Op skool moet die kind geleer word om aan soveel rekreasie-aktiwiteite as moontlik deel te neem, sodat hy 'n basiese kennis daarvan kan opdoen. Dit kan vir hom in sy latere lewe nut inhou indien hy van een rekreasievorm na 'n ander wil wissel.

---

1. Neumeyer & Neuemeyer. Op. cit., p.13.
2. Op. cit., p.20.
3. Kraus. Op. cit., p.8.

Vir die kind op skool moet vryetyd nie ledigheid wees nie. Sy belangstelling in rekreasie moet geprikkel word sodat hy na skoolure sy vryetyd nuttig aan rekreasie kan bestee. Dit is gewoonlik in die tyd wanneer die kind vry is van huislike- en skoolverpligtinge dat jeugmisdaad hoogty vier.[1] Vryetyd en rekreasie vorm 'n eenheid en die twee konsepte kan nie van mekaar geskei word nie. Die een kan nie nuttig sonder die ander bestaan nie.

3. <u>Faktore wat die tipe rekreasie bepaal</u>[2]

a. <u>Geografiese faktore</u>

Dit sluit klimaat en bodem in. In waterryke gebiede sal watersport tot ontwikkeling kom. So-ook sal in berglande bergklim 'n belangrike sport wees. Sosiale, ekonomiese en maatskaplike faktore sal 'n rol speel in die aktiwiteite wat beoefen word. Afhangende van die klimaatsomstandighede sal opelug- of binnenshuise sport ontwikkel.

b. <u>Bevolkingsdigtheid</u>

In stede is die woonruimte beperk en minder terrein vir algemene rekreasie is beskikbaar. In dié gebiede sal daar dus meer op gekommersialiseerde rekreasie gekonsentreer word. Op die platteland lewe die mens vryer en nader aan die natuur en rig hy hom meer tot

---

1. Smith. Op. cit., p.2.
2. Postma. Op. cit., p.184.

nie-gekommersialiseerde rekreasievorme.

c. <u>Tegnologiese ontwikkeling</u>

Radio's en motors het 'n groot invloed op die tipe rekreasie wat 'n persoon beoefen. Mobiliteit stel die mens in staat om in groepsverband of individueel na plekke te reis en daar sekere vorms van rekreasie te geniet. Radios en televisie stel die mens in staat om binnenshuis saam met die gesin of vriende te verkeer. Sosiale verhoudings kan hierdeur bevorder word.

d. <u>Ekonomies toestande</u>

Dit bepaal in 'n groot mate die tipe rekreasie waaraan 'n persoon deelneem. Hoe meer welvarend 'n persoon is, hoe meer spandeer hy aan *luukse* rekreasiefasiliteite soos bv. motorbootsport, seiljag en vlieg. Ekonomiese welvaart maak ook rekreasievorms wat aanvanklik net vir welvarende persone bestaan het, moontlik. Dit sluit aktiwiteite soos gholf en tennis in.

e. <u>Politieke faktore</u>

Dit speel gewoonlik 'n rol in lande met 'n totalitêre regeringsvorm. Volgens Postma[1)] word aktiwiteite soos sweeftuigvlieg en valskermspring aangemoedig. Dit het indirekte militêre voorbereiding ten doel. Volgens Fitzgerald[2)] word die tyd en die tipe rekreasie vir elke persoon in Rusland bepaal volgens die werk wat verrig

---

1. Loc. cit.

2. Fitzgerald. Op. cit., p.41.

word. Die sport waaraan hy deelneem word gerig op die versterking van fisieke en psigiese kragte met die oog op militêre voorbereiding.

f. Opvoedkundige faktore

Die inherente aanleg van die mens bepaal hoofsaaklik waaraan hy sal deelneem. Deur die ontwikkeling van hierdie aanleg sal sekere belangstellings ontstaan. Die mens moet deur ander gelei word om tot hierdie belangstelling te kom. Indien dit nie gebeur nie, sal hy waarskynlik in 'n ander rigting belangstelling toon as waarvoor hy aanleg het. Postma[1] noem dat dit gewoonlik net mense is wat intellektueel goed ontwikkel is, wat skaak speel. Dambord, wat eenvoudiger is, word deur mense met minder intellektuele ontwikkeling gespeel.

g. Sport en die pers

Deur die pers kan groot belangstelling in sekere sportvorms gewek word, veral as daar ophef van byeenkomste en daarmee gepaardgaande sportprestasies gemaak word.

## 4. Rekreasie as ekonomiese bate vir die land

Rekreasie bring in die algemeen aansienlike ekonomiese voordele vir die land mee. Hoe groter die aanvraag na rekreasie, hoe meer rekreasiefasiliteite moet voorsien word en hierdeur word die aankoop van hulpmiddels vir rekreasie verhoog. Dit sluit in sport-, kampeer-; hengel- en ander rekreasietoerusting

---

1. Postma. Op. cit. p.185.

wat die verbruiker nodig het om die aktiwiteit meer genotvol te maak. Die verhoogde aanvraag na rekreasie-toerusting het die gevolg dat nywerhede meer toerusting moet vervaardig en dit skep noodwendig meer werkgeleenthede. Opperman[1] wys daarop dat uit studies wat in die V.S.A. gedoen is, blyk dat:

*Deelnemers aan openbare ontspanning gemiddeld R3 - R5 per persoon per dag of 12.45c - 20.8c per persoon per uur (oor 24 uur) spandeer Vir oorsese besoekers word die bedrag wat daagliks per individu gespandeer word as nagenoeg R14 aangegee. Private beleggings in vakansiehutte het in waarde toegeneem van $86,000 - $25 miljoen gedurende die tydperk 1945-1954. Van die $2 biljoen wat jaarliks in die V.S.A. aan sporttoerusting gespandeer word, word $1.5 biljoen aan toerusting vir openbare ontspanning bestee. Openbare ontspanning het reeds tot 'n groot nywerheid met 'n omset van $20 biljoen per jaar ontwikkel.*

Kraus[2] wys daarop dat in die V.S.A. in 1963 byna $3 biljoen aan speelgoed en nie-duursame sportuitrusting gespandeer is en dat $2.5 aan duursame artikels soos gholfmotortjies en vliegtuie gespandeer is. $2 biljoen is bestee aan toegang tot teaters. Dit is dus omvangryke bedrae wat aan rekreasie bestee word, en dit toon

---

1. Van der Merwe. 'n Geografiese studie van opelug-ontspanning in Suid-Transvaal, p.27.

2. Kraus. Op. cit., p.12.

aan dat rekreasie 'n sterk ekonomiese bate vir 'n land kand wees.

In die Republiek van Suid-Afrika is die kapitale waarde aan bote in Maart 1965 op R14 miljoen geraam. Die jaarlikse besteding aan nuwe bote, instandhouding en uitgawes deur deelnemers aan bootsport is geraam op R7.8 miljoen.[1)] Dit is 'n heel indrukwekkende syfer as in ag geneem word dat dit net 'n enkele afdeling van rekreasie is en in die Pretoria - Witwatersrand - Vereeniging streek slegs 1.6% van die totale persentasie deelname aan rekreasie-aktiwiteite uitmaak.[2)]

Steyn[3)] wys in 1961 daarop dat hengel ongetwyfeld die grootste enkele bydrae tot opelugrekreasie in Transvaal lewer. Hengelaars het op daardie stadium reeds R4,960,000 aan hulle sportsoort bestee.

Rekreasieterreine help ook om gebieds- en eiendomswaardes te verhoog - veral as dit behoorlik in stand gehou en verfraai word. Die V.S.A. se departement van handel beweer dat *towns are held together more frequently by religious, social and recreational attractions than by plain business transactions.*[4)] Mense wil graag in 'n fraai en gerieflike omgewing woon waar hulle aan genotvolle rekreasie kan deelneem. Wonings in sulke gebiede is dan ook duur.

---

1. P.W.V.-verslag. Op. cit., p.21.
2. Ibid, p.74.
3. S.A.N.U.-verslag, 1961. Op. cit., p.21.
4. Meyer & Brightbill. Op. cit., p.52.

Die vooruitgang van sekere streke is grotendeels op finansies, wat deur plesiersoekers bestee word, aangewys. Die Franse en Italiaanse Riviera's is goeie voorbeelde. In Suid-Afrika kan talle kusdorpe en -stede, waarvan die Natalse Noord- en Suidkus voorbeelde is, genoem word. Namate meer rekreasiegeleenthede geskep word en die bestaande fasiliteite verbeter word, vergroot die toestroming na die gebiede en is die moontlikheid van groter winste ook gunstiger.

Samevattend kan daar beweer word dat omvangryke deelname aan rekreasie die ekonomie van die land voordelig beïnvloed. Namate die aanvraag na rekreasie toeneem sal dit die ekonomie van die land nog verder stimuleer. Die mens sal in die toekoms oor meer vryetyd beskik en hy sal hom meer tot rekreasie wend wat 'n verhoging in die aanvraag na rekreasiefasiliteite teweeg sal bring.

## 5. Die organisasie van rekreasie

Postma[1)] onderskei hoofsaaklik twee vorms van organisasie:

1. Nie-gekommersialiseerde rekreasie. Die tipe rekreasie ontstaan uit behoeftes van die individu of gemeenskap en het nie 'n winsmotief as uitgangspunt nie. Die leiding om te organiseer kom gewoonlik van privaatpersone.

Aangesien vryetyd die reg van die individu is, moet

---

1. Postma. Op. cit., p.183-184.

die staat of provinsie of plaaslike owerheid in die rekreasiebehoeftes van die publiek voorsien. Die vorm van rekreasie word gesteun deur belastinggeld en daarom word dit <u>openbare rekreasie</u>[1] genoem. Nywerhede wat die waarde van rekreasie vir hulle werknemers insien, doen soms groot moeite om geskikte fasiliteite op te rig om in die werkers se behoeftes te voorsien. Dit staan bekend as <u>industriële</u> rekreasie.[2] Rekreasie in gemeenskapsentra, vir die bekamping van jeugmisdaad, word <u>gemeenskapsrekreasie</u>[3] genoem. As rekreasiefasiliteite vir 'n bepaalde groep beskikbaar gestel word onder die beskerming van organisasies, wat gesteun word deur vrywillige organisasies, word van vrywillige rekreasie gepraat.[4]

2. <u>Gekommersialiseerde rekreasie</u>. Die tipe rekreasie het 'n winsmotief ten doel en is gewoonlik passief van aard. Ander beoefen 'n aktiwiteit en die persoon betaal om daarna te kyk. Hieronder word o.a. gereken alle wedstryde, perdewedrenne, televisie, radio en bioskope.

## 6. Die waarde van rekreasie

Elke individu is 'n unieke persoonlikheid wat hom van ander onderskei. Daarom is rekreasie verskillend

---

1. Botha. Op. cit., p.6.
2. Loc. cit.
3. Loc. cit.
4. Loc. cit.

vir elke mens en het selfs verskillende betekenisse vir dieselfde mens op verskillende tye.

Deur die moderne gekompliseerde lewenswyse en die geroetineerde werksituasie, word daar spanninge in die mens opgebou wat sy balans versteur. Butler[1] skryf in die verband:

*The strain to which people are subjected, especially in our cities, owing to the crowding, the noise, and the rushing about, uses up our strength without giving us time for recovery. Under such conditions the need for recreation of the right sort has become exceedingly important. Only as people have a chance to relax, to get their minds off the daily routine, and to give themselves over fully to some form of satisfying recreation activity, can they hope to counteract the effects of the abnormal conditions under which they are living.*

Slavson[2] noem dat wanneer 'n persoon die stadium bereik dat sy balans versteur word deur die werksituasie hy aktiwiteite kies wat daarvoor kompenseer. Die kantoorwerker kies dan gewoonlik 'n opelugaktiwiteit wat liggaamlike inspanning vereis soos tennis, rugby of stap. Die werker wat homself gedurende sy arbeid liggaamlik inspan, kies gewoonlik 'n aktiwiteit wat hom opwinding verskaf sonder fisieke inspanning.

---

1. Butler. Introduction to community recreation, p.13-14.
2. Slavson. Recreation and the total personality, p.10.

Slavson[1] noem verder dat deur rekreasie, (veral deur deelname aan aggressiewe spele soos rugby, stoei of boks) 'n ontlading van aggressiewe gevoelens plaasvind.

Corbin[2] wys daarop dat deur 'n georganiseerde rekreasieprogram 'n pasiënt se moraal opgebou kan word en dat dit hom sal help om gouer te herstel.

Rekreasie het 'n direkte invloed op die faktore wat die persoonlikheid vorm. Meyer & Brightbill[3] onderskei die invloed van rekreasie op die volgende faktore:

1. Geluk. Dit is die hoofkenmerk van rekreasie. By die beplanning van rekreasiefasiliteite moet met dié faktor deeglik rekening gehou word.

2. Satisfaksie. Dit word weerspieël in:
   a) veiligheid wat 'n persoon bv. binne 'n spanverband het;
   b) respons in bv. die applous van die skare;
   c) ervaringe in nuwe ondervindinge soos by die aanleer van nuwe spele.

Hierdie aspekte is die basiese dryfvere in die mens en moet gestimuleer word. Vir die aspek leen rekreasie hom uitstekend.

3. Ewewigtige groei. Moderne tegnologie oefen 'n

---

1. Ibid., p.12-14.
2. Corbin. Recreation leadership. p.280.
3. Meyer & Brightbill. Op. cit., p.40.

negatiewe invloed uit op die mens.[1] Geleenthede om ewewigtige groei in die mens te verseker moet geskep word. 'n Fisies gesonde mens met 'n gebalanseerde persoonlikheid is 'n aanwins vir die gemeenskap. Butler[2] noem in die verband dat spanning wat in die mens opgebou word, nie vir homself of die gemeenskap voordelig is nie.

4. Skeppingsvermoë. Tegnologiese ontwikkeling verdring die genot van die vrye skeppingsdrang van die mens.[3] Gedurende vryetyd kan die mens sy skeppingsvermoë na vore laat kom en kan dit benut word. Dit sluit o.a. in die verbeelding in kuns, die skep van modelle, ontwikkeling van nuwe tegnieke in sport, die kind se skepping met klei en verf en sy speel-speel wêreld.

5. Karakter. Niemand kan aan verskillende vorms van sosiaal-aanvaarbare en gesonde rekreasie deelneem sonder om ook ten goede beïnvloed te word nie. As iemand geleer het om nederig te wen of om sonder klagtes te verloor, *he has moved closer to a higher ethical and moral plane of living.*[4]

Dit is gewoonlik gedurende vryetyd, wanneer 'n

---

1. Butler. Op. cit., p.15-16.
2. Ibid., p.15.
3. Loc. cit.
4. Meyer & Brightbill. Op. cit., p.42.

persoon ledig is, dat sosiale euwels hul beslag kry. In hierdie aspek speel opvoeding in rekreasie deur die skool, ouers, kerk en gemeenskap 'n baie belangrike rol. Die mens moet oortuig word van die waarde van rekreasie en die konstruktiewe gebruik van vryetyd. As hierdie oortuiging deurslag kan vind, kan sosiale euwels in 'n groot mate bekamp word.

Volgens Butler[1] bied rekreasie die geleentheid vir die ontwikkeling van eienskappe soos eerlikheid, integriteit, betroubaarheid en ook kwaliteite soos hoflikheid, onselfsugtigheid, vriendelikheid en moed. Hierdie eienskappe en kwaliteite kan op die sportveld geoefen word. In spel bestaan reëls en die speler moet hom na die reëls skik, anders word hy gestraf. Die speler leer dat onder gesag ook vryheid bestaan. Hy leer om in spansverband saam te speel, medespelers en teenstanders te respekteer en om as leier te kan optree.

6. Kennis. Geleenthede vir die verryking van kennis in rekreasie is onbeperk. Deur uitstappe in die natuur kan kennis opgedoen word van plant- en dierelewe. Plesierritte buite of in die stad of dorp verryk kennis van die omgewing. Die aanleer van spele of nuwe tegnieke in sport verryk die kennis van die mens.

7. Fisieke toestand. Die invloed van oefening op die liggaam is bekend. Aktiewe rekreasie is liggaamlik

---

1. Butler. Op. cit., p.20.

inspannend en bied die geleentheid vir die verbetering van koördinasie en motoriese vaardigheid. Die oefening wat deur aktiewe rekreasie verkry word, het die voordeel dat die hart, senusisteem, bloedvate en asemhaling voordelig beïnvloed word. Die belangrikheid van opelugrekreasie vir die kind en volwassene is lank reeds deur die medici erken.[1)]

8. Sosiale toestand. Deur rekreasie kan sosiale kontak opgebou word. Rekreasie kan selde in isolasie geniet word. In sy diepste wese is die mens ook 'n kollektiewe wese en die gevoel dat hy aan ander behoort en dieselfde behoeftes en belange as hulle het, gee betekenis aan en verhoog die waarde van rekreasie.[2)] Die mens leer om met ander saam te leef en so kan 'n eenheidsgevoel opgebou word.

1. Meyer & Brightbill. Op. cit., p.43.

2. Slavson. Op. cit., p.14.

## HOOFSTUK 5

B) Die rol funksie en opleiding v/d ↗ DIE REKREASIELEIER

### 1. Inleiding

Positiewe en skeppende leierskap is vandag een van die grootste behoeftes in die wêreld, want daarsonder heers chaos.

Gemeenskaplike behoeftes en belange bring mense as groepe nader aan mekaar en daaruit moet persone opstaan om rigting en leiding te gee. Die strewinge van die groep of individu moet gekoördineer en gekanaliseer word. Die leier sal dan ook oor sekere eienskappe moet beskik om sy taak doeltreffend te kan uitvoer. Hierdie eienskappe staan bekend as leierskappotensiaal.[1)]

Solomon[2)] noem dat elke mens op een of ander tydstip, iewers en op een of ander wyse in sy lewe 'n leier is. Hy noem verder dat daar altyd mense is wat deur 'n persoon beïnvloed word, wat na hom luister en dinge doen omdat hy so sê. Kiser[3)] noem ook in die verband dat ..... *everyone, somewhere, has the capacity for leadership.*

Rekreasie is een van die belangrike lewensterreine wat bekwame hulp en leiding vereis. Hiersonder kan rekreasie nie tot sy reg kom nie en kan die deelnemers

---

1. Van der Walt. Leierskap, p.1.
2. Solomon. Leadership for youth, p.149.
3. Kiser. The American concept of leadership, p.71.

daaraan nie die volle waarde daaruit put nie. Tead[1]) beweer: *The vital problem is how to make group activity a happy and satisfied experience for people. On every side people are coming to recognize that one crucial factor in the solution of this problem is the quality of leadership displayed within the groups they join.*

Solomon[2]) noem dat die opelug die grootste klaskamer vir die rekreasieleier is. Hier is daar direkte kontak tussen mens en natuur en hier kan die leier 'n groot taak verrig. Waar die mens met ander mense op informele vlak te doen het, is beïnvloeding baie sterk en is mense geneig om die voorbeeld van die wat bo hulle gestel is, na te volg. In dié opsig is dit belangrik dat die rekreasieleier oor 'n sterk karakter en onbesproke persoonlikheid moet beskik.

Taylor[3]) skryf soos volg oor leierskap: hy omskryf leierskap as *an indeterminate something - or - other that apparently exists in a variety of indefinite forms and derives from a multitude of mysterious sources.* Hy kom dan ook aan die einde van die hoofstuk tot die vraag: *What is leadership? Just as gravity, love, magnetism, memory, et al.... No one quite knows.*[4])

---

1. Tead. The art of leadership, p.7.
2. Solomon. Op. cit., p.98.
3. Taylor. How to select and develop leaders, p.14.
4. Ibid., p.16.

2. Teorieë oor leierskap

Daar bestaan verskillende teorieë oor watter faktore aanleiding gee dat 'n persoon as leier gekies en aanvaar word. Navorsing is gedoen om die teorieë te ontleed en vier teorieë is o.a. uitgesonder.[1]

i. Eienskapsteorie

'n Studie van wêreldleiers is gemaak en sekere eienskappe is by hulle vasgestel.[2] Die teorie het as basis sekere eienskappe wat as noodsaaklik beskou word om as leier te kan optree. Kraus[3] beweer: ...... *it suggests that there is a certain combination of traits - intelligence, courage, warmth and enthusiasm, sensitivity, energy, professional drive, responsibility, and the like - that underlies leadership within a given field, or in general.* Latere ondersoeke het egter aangetoon dat slegs 'n paar van die eienskappe wat algemeen as komponente van leierskap aanvaar is, by leiers in verskillende leierskapstudies gevind is, o.a. aanpasbaarheid, aggressie en ambisie.[4]

Corbin[5] sonder vyftien eienskappe uit waaraan die rekreasieleier moet voldoen. Van die belangrikste is:

---

1. Kraus. Op. cit., p.54-56.
2. Bosman. Op.cit., p.62.
3. Kraus. Op. cit., p.54
4. Ibid., p.55.
5. Corbin. Op. cit., p.20.

regverdigheid, humorsin, netheid, verdraagsaamheid, vriendelikheid en 'n wye belangstellingsveld.

Interessant is Zimmerman[1] se ontleding en waardetoekenning van die einskappe van die rekreasieleier. Die volgende is volgens meriete die belangrikste: moed, 30%; intelligensie, 28%; visie, 26%; inisiatief, 16%; insig, 14%; kennis, 12%; selfvertroue, 10%; simpatie, 10%; vitaliteit, 10%; opregtheid, 10%.

Larson e.a.[2] onderskei tussen fisieke, psigiese en sosiale eienskappe. By elkeen van hierdie eienskappe word ander elemente uitgesonder wat die eienskappe as geheel weer opbou.

ii. Situasie - of geleentheidsteorie

Die teorie berus op die geleentheid of situasie waaruit die leier na vore tree. Die stituasie bepaal dus die leier. Stogdill[3] beweer in die verband dat leierskap 'n verhouding tussen persone in 'n sosiale situasie is en dat persone wat in een situasie leiers is, nie noodwendig in 'n ander situasie ook leiers sal wees nie. Jenkins[4] toon aan dat daar aansienlik baie inligting is wat daarop dui dat groot verskille in die gedrag van die leier in verskillende situasies

---

1. Bosman. Op. cit., p.62.

2. Larson, e.a. Problems in health, physical and recreation education, p.68.

3. Kraus. Op. cit., p.55

4. Ibid.

bestaan.

Sanford[1] het 'n ondersoek gedoen waarby 963 persone by betrokke was en hy het bevind dat die leier self, die situasie en die volgelinge drie belangrike faktore by 'n studie van leierskap is. Volgens hom is die situasie die belangrikste. Bosman[2] noem dan dat 'n persoon met spesifieke kwalifikasies eerder as leier na vore sal tree, as die persoon wat oor algemene leierseienskappe beskik.

iii. Funksionele teorie

Dit het as basis wat 'n persoon doen, eerder as wat hy is, of wat hy weet.[3]

Ross en Hendry[4] beweer dat leierskap nie primêr en alleenlik in die leier self geleë is nie, maar dat dit as 'n funksie van die groepstruktuur gesien moet word. Die leier handel daarom ook in ooreenstemming met die groep se begeertes, maar daar moet teen onaanvaarbare begeertes gewaak word.

Die leier kan van sy gesag na lede van die groep deligeer en aan hulle bepaalde opdragte gee om uit te voer.

---

1. Bosman. Op. cit., p.63.
2. Loc. cit.
3. Kraus. Op. cit., p.55.
4. Loc. cit.

iv. Saamgestelde teorie

Uit die vorige drie teorieë is dit duidelik dat net op sekere eienskappe klem gelê word. Die persoonlikheid word nie as geheel aanvaar nie. Hoewel die teorieë vir leierskapsbepaling onmisbaar is, kan elkeen nie afsonderlik toegepas word nie. Die mens moet as totaliteit in sy optrede gesien word, en daarom moet die teorieë geïntegreer word. Die eienskappe van die saamgestelde teorie kan in drie kategorieë verdeel word:[1) a. algemene persoonlikheidseienskappe; b. interpersoonlike eienskappe; c. kwaliteite van funksionele belang.

Dit is dus duidelik dat indien 'n persoon as leier geklassifiseer word, hy oor bepaalde eienskappe moet beskik. Hierdie eienskappe kan aangeleer of oorgeërf word en kan gesien word as die som van eienskappe waaroor 'n groep individue nie beskik nie, of wat swak ontwikkel is, wat die persone in die leier sien en waarmee die groep hulle identifiseer.

3. Kenmerke van leierskap

Die persoonlikheidseienskappe wat vir die leier gestel word, moet as ideaal gesien word, aangesien geen mens volmaak is nie. Die beeld moet egter deur die goeie leier nagestreef word.[2)]

---

1. Ibid., p.57.

2. Smith. Op. cit., p.5.

Larson e.a.[1] beweer dat ..*the exact formula for effective leadership in health, physical and recreation education has not been determined, but an examination of the characteristics of leadership under the divisions physical, mental emotional and social will reveal its necessary components.*

i. Fisiek. Die algemene voorkoms en fisieke gesondheid van die rekreasieleier sluit o.a. die volgende in: energie, uithouvermoë, spraak en die moontlikheid van doeltreffende handeling. *Energie verskaf die dryfkrag van die persoonlikheid en daarsonder kan die ontspanningsprogram nie met welslae deurgevoer word nie.*[2]

ii. Psigies. Dit behels psigiese prosesse, gesindhede en begrip. Onderafdelings is: intelligensie, oordeelvermoë, geestelike helderheid en pligsgetrouheid. *'n Goeie visie en verbeeldingskrag wat die situasie in die verskiet korrek kan opsom en met selfversekerheid daarna kan lei, sluit hierby aan.*[3]

iii. Emosioneel. Dit hou verband met die leier se reaksies op eksterne prikkels. Faktore van belang is: selfbeheersing, entoesiasme, integriteit en simpatie. Emosionele stabiliteit is van groot belang, aangesien emosionele uitbarstings onaangename gevolge het. Dit

---

1. Larson e.a. Op. cit., p.67
2. Smith. Op. cit., p.5.
3. Bosman. Op. cit., p.65.

het verlies van respek van die volgelinge, daling in status en verblinding van die oordeel ten gevolg.[1]

iv. Sosiaal. Dit hou verband met die leier se verhouding tot ander. Faktore van belang is: geselligheid, mensekennis, takt, moraliteit en kennis van die gemeenskapstruktuur.

Die rekreasieleier moet oor 'n baie dinamiese persoonlikheid beskik. Waar moontlik moet hy behulpsaam wees en hy moet simpatiekgesind wees. In onvoorsiene situasies moet hy vinnig en finale beslissings maak. Soms moet hierdie beslissings afgedwing word, maar dit moet altyd in liefde en eerbied geskied.

4. Die noodsaaklikheid en belangrikheid van opgeleide rekreasieleiers

Die belangrikheid van opgeleide rekreasieleiers kan nie oorskat word nie. Die sukses van georganiseerde rekreasie hang primêr van die kwaliteit van die persone wat dit organiseer, af. *Leadership, perhaps more than anything else, is a resource which must be strengthened greatly in recreation.*[2]

Gesien in die lig van meer vryetyd, groter inkomste en mobiliteit, sal daar in die jare wat kom 'n geweldige aanvraag na rekreasie ontstaan. Dit sal meebring dat meer en beter fasiliteite tot mense se beskikking gestel

---

1. Neumeyer & Neumeyer. Op. cit., p.366.

2. Meyer & Brightbill. Community recreation, p.81.

sal moet word. Hierdie fasiliteite moet nie net sommer voorsien word nie. Daar moet op beplanning gesteun word en die administrasie van rekreasiegebiede, -fasiliteite en -programme moet in geskikte hande geplaas word. In dié verband is die rekreasieleier onmisbaar en speel hy 'n groot rol.

Smith[1)] noem dat die praktyk en ervaring leer dat die mens nie altyd weet hoe en wat om sonder hulp en leiding te speel nie. Ook die volwassene verwelkom die belangstelling van raadgewers by die rekreasievorm waaraan hy deelneem, ten einde die tyd tot sy beskikking die voordeligste te geniet.

By die kind op skool moet 'n wye belangstelling in rekreasie gekweek word. Dit moet aan hom bevrediging verskaf sodat hy dit ook in sy na-skoolse lewe aktief kan beoefen. Vir hierdie doelstelling is die rekreasieleier onmisbaar.

Studente in liggaamlike opvoedkunde is tans al persone wat in die rekreasierigting opleiding ontvang. Die opleiding is hoofsaaklik opvoedkundig georiënteer en daarom is hulle nie altyd ten volle toegerus om as bekwame rekreasieleiers op te tree nie. Dit is 'n ongelukkige toestand dat dié aspek van opleiding nog so min aandag geniet. Daar is instansies soos myne, gevangeniswese, polisie, swaar nywerhede en weermag wat

---

1. Smith. Op. cit., p.3.

wat die belangrikheid van rekreasieleiers besef en waarvoor daar dan ook poste vir rekreasieleiers geskep is. Die belangstelling is egter nog te beperk en meer instansies, veral industrieë en munisipaliteite, moet meer aandag aan die aspek skenk. Die aanvraag na rekreasieleiers moet daarom van instansies kom wat met rekreasie as sulks te doen het. Om balans te verseker moet opleidingsentra en die instansies saamwerk en moet eg. die versekering kry dat die opgeleide persone in die praktyk opgeneem sal word. Hierdie verantwoordelikheid moet d.m.v. die pers, radio en ander kommunikasiemiddels onder die aandag van die instansies gebring word.[1)]

5. A. Opleiding van die rekreasieleier

Universiteite moet rekreasieleiers oplei, maar dit is nie wenslik alvorens daar nie aanvraag na en benutting van rekreasieleiers is nie. Hierdie aspek berus eintlik by die staat, provinsies, nywerhede, munisipaliteite en ander instansies wat nog nie die waarde van rekreasieleiers ten volle besef nie. (Dit impliseer dan ook dat die waarde van rekreasie vir die mens in die gemeenskap nog nie ten volle besef word nie).

In 'n verslag deur *The national conference on graduate study in health education, physical education and recreation,*[2)] word daar na algemene en spesifieke kwalifikasies verwys wat die rekreasieleier in opleiding

---

1. Bosman. Op. cit., p.188-189.

2. Verslag. The national conference on graduate study in health education, physical education and recreation, p.22-23.

moet verwerf.

i. Algemene kwalifikasies

a. Breë lewensfilosofie.

b. Samewerksaamheid.

c. 'n Lewenswyse binne aanvaarde norms en beginsels.

d. 'n Sin vir verantwoordelikheid en die moontlikheid om die rekreasieveld te ontgin.

e. 'n Begrip van die struktuur en funksie van die opvoeding en lg. se verhouding tot rekreasie.

f. Kennis van die rol van rekreasie in die sosiale struktuur.

g. Kennis van die bydrae van rekreasie tot die psigiese, fisieke, emosionele en sosiale groei van die mens.

h. Kennis van die metodes van wetenskaplike navorsing.

ii. Spesifieke kwalifikasies

Dit kan in drie kategorieë verdeel word, en opleiding kan in elk van die rigtings ontvang word.

1. Rekreasietoesig en administrasie

Persone wat in die rigting opleiding ontvang, se werk sal hoofsaaklik toesighoudend en administratief van aard wees. Die volgende aspekte sal in die leerplan aandag moet geniet:

a. kennis van die struktuur en organisasie van die gemeenskap en die basiese beginsels betreffende gemeenskapsbeplanning;

b. kennis van wetlike aspekte van plaaslike-,

provinsiale- en staatsgesag in die voorsiening van rekreasie;

c. kennis van die metodes en tegnieke vir die vasstelling van behoeftes aan rekreasie in die gemeenskap;

d. kennis van die basiese beginsels van administrasie en die toepassing daarvan in publieke verhoudinge, beheer oor rekreasiefasiliteite, begroting en finansiëring, personeel en die rekreasieprogram;

e. kennis van metodes vir die opleiding van rekreasiepersoneel.

11. Algemene rekreasieleierskap

Dit is opleiding wat ontvang word om in die algemeen in rekreasie diens te doen en leiding te gee. Die persoon vervul dus die rol van instrukteur. Die volgende aspekte moet in die leerplan vervat wees:

a. kennis van beplanning, uitvoering en leiding in aktiwiteite van die rekreasieprogram;

b. kennis van die beheer van groepe;

c. kennis van individuele verskille en die wyse waarop rekreasie bydra tot die groei en ontwikkeling van die mens;

d. die moontlikheid om beheer oor vyandelike en destruktiewe houdinge by die mens uit te oefen.

111. Rekreasie-opvoeding

Dosente is belas met die opleiding van rekreasiestudente aan kolleges en universiteite en moet oor minstens 'n meesters- of doktorsgraad in rekreasie beskik.

Die spesifieke vereistes wat aan die persone gestel word is as volg:

a. wye kennis oor en hoë kwalifikasies in rekreasie;

b. doeltreffende kennis aangaande die hulpbronne van rekreasie;

c. vaardigheid in die gebruik van instrumente van die opvoedkundige en sosiale navorsing;

d. die moontlikheid om rekreasieprogramme en die -praktyk krities te interpreteer en te evalueer;

e. kennis van die basiese beginsels van leer en die toepassing daarvan in leierskapsituasies.

*In essence therefore, the purpose of graduate study in recreation is to assist in the development of the kinds of people described above to the end that recreation may make a more effective contribution to lives of citizens in a democracy.*[1)]

B. <u>Professionele opleiding van die rekreasieleier</u>

Smith[2)] beweer dat daar verskillende opvattings bestaan oor watter vorm die opleiding van rekreasieleiers moet aanneem. Oor die noodsaaklikheid en die belangrikheid daarvan, mag daar nie twyfel bestaan nie. 'n Deeglike opvoedkundige agtergrond is noodsaaklik vir die rekreasieleier omdat hy met mense te doen sal hê en hy hulle persoonlikheid sal help vorm. Hoe lank en intensief

---

1. The national conference on graduate study....., p.23.
2. Smith. Op. cit., p.6.
3. Bosman. Op. cit., p.185-188.

die opleiding sal wees, sal afhang van die salarisse en werkgeleenthede vir so 'n beroep.

In Suid-Afrika bestaan nog geen kursus wat uitsluitlik vir rekreasie-opleiding aangewend kan word nie. Studente in liggaamlike opvoedkunde word wel opgelei, maar hulle is nie in dié spesifieke rigting gekwalifiseer nie.

Bosman[1] het navorsing gedoen en aanbevelings gemaak betreffende kursusse vir studente wat die rekreasieberoep wil volg. Dit is deeglik saamgestelde leerplanne wat beslis aandag moet geniet. Tot dusver is daar jammerlik nog geen aandag aan geskenk nie. Die kursusse is so saamgestel dat studente vir sowel die onderwys as die rekreasieberoep gekwalifiseer word. Hierdie kursus kan doeltreffend as 'n oorgangskursus toegepas word totdat 'n volwaardige kursus in rekreasie-opleiding later aangebied kan word. Gesien in die lig dat studente in beide rigtings kwalifiseer, behoort universiteite die inisiatief te neem en rekreasieleiers oplei. Al betree die afgestudeerdes dan voorlopig die onderwysberoep, is die potensiaal geskep en kan hulle in die tussentyd groot werk in die onderwys verrig deur kinders rekreasiebewus te maak. Sodoende word waardevolle ondervinding opgedoen en as die oproep van buite instansies kom, kan rekreasieleiers die veld ten volle toegerus, betree.

---

1. Bosman. Op. cit., p.185-188.

In Amerika, wat een van die leidende lande op die gebied van professionele opleiding vir rekreasieleiers is, is die kursusse wat vir opleiding aangebied word, baie intensief en alle voornemende studente word deeglik gekeur.[1] Die opleiding behels kortliks die volgende:

a. Voorgraads. Rekreasie word as hoofvak geneem ter verkryging van die graad. Ander vakke wat geneem word is sosiologie, musiek, liggaamlike opvoedkunde, skone- of industriëlekunste, drama of enige ander naverwante vakke.

b. Nagraads. Voordat die student tot nagraadse studie toegelaat word, word hy gekeur en moet hy bewys lewer van vaardighede in leierskap en rekreasie organisasie. Ander aspekte wat nagegaan word, is o.a. sy persoonlikheid, eie rekreasiepatroon, sosiale siening en gesondheid. Hy moet verder ook bewys lewer van minstens een jaar se praktiese ondervinding in rekreasie.

Die leerplan vir die meestersgraadstudie bestaan uit vier afdelings.

a. Algemene professionele opleiding. Meesterskap moet in kennis, insig en vaardigheid soos van die rekreasieleier verwag, bereik word. Aandag word ook geskenk aan administrasie en organisasie, finansiëring, navorsing en statistiek.

b. Spesialisering. Die bogenoemde word toegepas op

---

1. The national conference in graduate study.......
   Op. Cit., p.23-27.

bepaalde terreine soos openbare rekreasie, hospitaalrekreasie, stadsbeplanning en rekreasieterapie.

c. Veldwerk. Praktiese ondervinding word onder die toesig van erkende rekreasieleiers of dosente van die universiteit opgedoen.

d. Eie keuse. Eie onderwerpe in rekreasie word nagegaan en bestudeer.

Vir die doktorale studie word geleentheid geskep vir verdere spesialisering in rekreasie. Differensiasie word toegepas en die student ontvang hulp en leiding volgens vorige ondervinding en bekwaamheid. Daar word ook van die student verwag om 'n verhandeling rakende 'n onderwerp in die rekreasieveld in te dien.

## 6. Samevatting

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die taak van die rekreasieleier moeilik is en dat hy oor verskeie hoedanighede en kwalifikasies moet beskik om doeltreffend te kan funksioneer. Hy moet op verskillende wyses optree en sy rol verander na gelang van die omgewing en die doel wat bereik moet word. Soms is dit vir hom nodig om 'n emosionele rol te vervul, waar hy die ouerfiguur is en waar aan die deelnemers aan rekreasie veiligheid en sekuriteit gebied moet word. Soms moet hy streng optree om dissipline te handhaaf. Sy optrede moet egter altyd doelgerig wees en hy moet die groep gedurig nader aan die doelwit bring.

Die sukses van georganiseerde rekreasie hang primêr af van die kwaliteit van die persone wat dit organiseer.

Die belangrikheid van opgeleide rekreasieleiers mag daarom nie oorskat word nie. In die toekoms sal daar steeds meer en meer persone aan rekreasie deelneem en hulle moet in die beoefening daarvan gelei word om die tyd tot hulle beskikking die voordeligste te benut.

Die probleem wat tans in Suid-Afrika bestaan is dat geen rekreasieleiers opgelei word nie. Die tyd het aangebreek om studente op te lei wat vir sowel die onderwys as die rekreasieberoep gekwalifiseer word. 'n Potensiaal word geskep en sodoende kan die agterstand wat mag ontstaan, as rekreasieleiers aangevra word, uitgeskakel word. Die skrywer is van mening dat indien rekreasieleiers wel opgelei word, van hulle deur nywerhede benut sal word.

H O O F S T U K 6

# DIE ROL VAN PLAASLIKE OWERHEDE IN DIE VOORSIENING VAN OPENBARE REKREASIE

## 1. Algemeen

Gedurende die tyd toe die bevolking nog hoofsaaklik op die platteland gesentreerd was, was daar genoeg oop ruimtes om in die rekreasiedoeleindes van die bevolking te voorsien. Die mens het in noue kontak met die natuur geleef en uit die natuurlike is in 'n groot mate in die rekreasiebehoeftes voorsien. Persoonlike of groepsinisiatief het gewoonlik die leiding geneem.

Verskillende faktore het bygedra dat hierdie opset verander het. Verstedeliking is seker die grootste. Die mens raak verstrengel in die komplekse samelewingsvorm en die direkte kontak met die natuur gaan verlore. Oop ruimtes maak plek vir kompakte woonvorms en industrieë ontspring met al die veranderinge daaraan verbonde. Rookbesoedelde stede en gemeganiseerde arbeid vloei hieruit voort. Plantegroei en ander natuurlike kenmerke moet swig voor die progressiewe uitbreiding van stede en dorpe. Menige van die vorige vrye geleenthede vir hengel, swem, jag, wandel en ander aktiwiteite gaan verlore.

Gebrek aan die voorsiening van geskikte rekreasiefasiliteite of -dienste, lei tot 'n verhoogde graad van

van veral jeugmisdaad. Schulz[1] staaf die bewering en noem dat ongeskikte rekreasiefasiliteite onder faktore wat misdaad verhoog, resorteer. Hy wys ook verder daarop dat *the rate of criminal behavior among city dwellers is higher than in the country......Areas of deterioration and over-crowding tend to promote the production of criminals.....*[2]

Verkorting van die werksure bring meer vryetyd wat nuttig bestee moet word. Meganisasie het minder liggaamlike inspanning tot gevolg en verkort ook die werkstyd van die huisvrou. Al hierdie faktore werk mee dat die mens met homself gedurende sy vryetyd opgeskeep kan sit indien daar nie voorsiening gemaak word vir iets waaraan hy kan deelneem nie. Rekreasie blyk een van die geskikste oplossings te wees.

## 2. A. Plaaslike besture as die verantwoordelike instansie vir voorsiening in rekreasiedienste

Aanvanklik was die rol van plaaslike besture (munisipaliteite) 'n eenvoudige taak met slegs enkele funksies. Namate die stede en dorpe meer gekompliseerd geraak het, het plaaslike owerhede 'n verskeidenheid funksies en dienste oorgeneem wat oorspronklik deur privaatorganisasies beheer was.

Die vraag ontstaan nou of plaaslike owerhede ook die

---

1. Schulz, American city government, p.17.
2. Loc. cit.

geskikste instansie is om in rekreasie te voorsien, of deur wie anders en hoe daar voorsien moet word. Smith[1] noem dat dit 'n redelike standpunt is dat dit die instansies behoort te wees waarvan die deelnemers verteenwoordigers is. Fasiliteite van die gesin moet deur die ouers voorsien word, die van die onderwys deur die onderwysowerheid, die van die kerk deur die kerkraad en die van die gemeenskap deur die stadsraad.[2]

Webster[3] noem redes waarom plaaslike owerhede die geskikste instansie is om in rekreasiedienste te voorsien.

a. Munisipale rekreasie bied aan 'n groot persentasie van die gemeenskap die enigste geleentheid om aan gesonde rekreasie deel te neem.

b. Alleen deur gesag, soos by plaaslike owerhede, kan geskikte grondgebied bekom word vir die oprigting van fasiliteite.

c. Munisipale rekreasie bied geleentheid vir deelname aan mense in alle sosiale, ekonomiese of religieuse strukture.

d. Munisipale rekreasie is goedkoop in vergelyking met privaatverskaffers of kommersiële agentskappe.

e. Rekreasie wat deur munisipaliteite verskaf word is meer bestendig as dié wat deur privaatinstansies verskaf word.

---

1. Smith. Op. cit., p.4.

2. Loc. Cit.

3. Webster. Op. cit., p.250.

f. Die arbeid en instandhouding verbonde aan rekreasie het te groot geword vir privaatbeheer.

g. Plaaslike owerhede kan nie bekostig om nie in rekreasie te voorsien nie, *because of the demonstrated savings to the community in terms of lives, health and savety.*[1]

Van Vuuren[2] noem ook soortgelyke redes ten gunste van plaaslike owerhede as die beste instansie om in rekreasiedienste te voorsien.

Dit is duidelik dat dit die plig en verantwoordelikheid van plaaslike owerhede is om rekreasiedienste aan die gemeenskap te verskaf. Hierdie plig is slegs 'n morele verpligting, aangesien geen wetgewing bestaan wat plaaslike owerhede dwing om daarin te voorsien nie.

Voorsiening in rekreasiedienste moet as 'n belegging, veral in die jeug, gesien word. Groot bedrae word jaarliks aan riolering, sypaadjies, elektrisiteit en so meer bestee, maar plaaslike owerhede is nog huiwerig om geld in hulle kosbaarste besitting nl. mensemateriaal te belê. Rekreasiefasiliteite is geen luuksheid nie, dis 'n verantwoordelike belegging van die belastingbetaler se geld. Wat meer is, dit is tyd dat die belastingbetaler plaaslike owerhede tot rekenskap roep oor wat met sy geld ter bevordering van rekreasiedienste in die betrokke gemeenskap gedoen word. Groot syfers word dikwels

---

1. Loc. cit.

2. S.A.N.U.-verslag 1961, Op. cit., p.105.

aangegee oor wat alles ter bevordering van rekreasie uitgegee word. Ontleding van die syfers dui dat slegs 'n klein gedeelte daarvan vir werklike uitbreiding of ontwikkeling van rekreasie aangewend word. Die grootste gedeelte daarvan word bestee aan administrasiekoste, wat salarisse en lone van werkers insluit.

Indien behoorlike fasilaiteite vir 'n gemeenskap nie voorsien word nie, kan dit 'n vingerwysing wees na plaaslike besture wat nie die belangrikheid van gesonde openbare rekreasie in die gemeenskap besef nie. Vrees vir toenemende uitgawes is seker een van die grootste struikelblokke vir plaaslike owerhede om nie rekreasiedienste uit te brei nie. Roberts Moses,[1] New York se stadskommissaris van parke, het die saak in die verband duidelik en nadruklik gestel: *Daar is nòg geregtigheid nòg besparing nòg gesonde verstand in die ontduiking van hierdie saak. Dit is 'n werklike veld, sommige waarvan meetbaar is in dollars en die grootste gedeelte wat slegs gemeet kan word in terme van menslike ongeluk*.

Na die belangrikheid van gesonde rekreasie is daar reeds in 'n vorige hoofstuk verwys. Hierdie rekreasie kan nie plaasvind indien daar nie geskikte fasiliteite voorsien word nie. Schulz[2] noem dat dit die ideaal van plaaslike owerhede moet wees om rekreasiegeleenthede vir alle ouderdomsgroepe en sosiale strukture te skep, met

---

1. S.A.N.U.-verslag, 1961, Op. cit., p.104.

2. Schulz. Op. cit., p.37.

die klem veral op die groepe ........*who are least able to contend successfully with the problem of recreation in an urban environment.*[1]

Rekreasiefasilaiteite kan die vooruitgang van 'n gemeenskap sterk prikkel en plaaslike owerhede moet dit besef. Webster noem in die verband dat ....*industrial location is very strongly influeenced by the recreational environment of the community.*[2]

B. Wetlike aspekte t.o.v. voorsiening in rekreasiedienste deur plaaslike owerhede

Daar bestaan geen wetgewing wat plaaslike owerhede direk verplig om in rekreasiedienste te voorsien nie. Die betrokke ordonnansie,[3] ordonnansie 17 van 1939, met spesifieke verwysing na artikel 79, sub-artikels 8-12, bepaal dat plaaslike owerhede wel rekreasiegebiede mag voorsien, verhuur of huurgeld vasstel, lenings of skenkings aan sportliggame doen, apparaat vir sport verskaf en verversingslokale op rekreasieterreine voorsien. Alles wat in die artikels vervat is mag gedoen word, maar die keuse word aan plaaslike owerhede oorgelaat.

Het dit nie nodig geword dat provinsiale owerhede meer spesifiek en afdwingende maatreëls tref t.o.v. voorsiening van rekreasiefasiliteite deur plaaslike

---

1. Loc. cit.

2. Webster. Op. cit., p.249.

3. Hart. Ordonnansies van die provinsie Transvaal.... vol. 11.

owerhede nie?

Die staat moet sekere rekreasieprojekte, wat van streeks- of nasionale belang is, subsidieer. Die Departement Sport en Ontspanning kan selfs leiding neem en plaaslike owerhede tot verskaffing van sodanige fasiliteite inspireer. Deur middel van opnames kan rekreasiebehoeftes vasgestel word en daarvolgens kan voorsien word. Kort- en langtermynbeplanning behoort beide aandag te geniet.

C. Algemene aspekte t.o.v. voorsiening van rekreasiedienste deur die plaaslike owerheid van Potchefstroom

Van Vuuren[1] noem dat, volgens die stadsbeplanningskemas van die meeste plaaslike owerhede, daar na gelang van die digtheid van die bevolking 3-4 acres per 1,000 persone as oop ruimtes afgesonder word. Hy noem verder dat in die V.S.A. 10 acres per 1,000 persone die aanvaarde norm is. Die Nasionale Parkediens van die V.S.A. beveel 20 acres en meer aan.[2] Sir Raymond Unwin, die beroemde stadsbeplanner, is van mening dat 16 acres per 1,000 persone nie te veel is nie.[3]

i. Afsondering van oop ruimtes in Potchefstroom

Die volgende standaarde word plaaslik gestel:[4] (persentasies word bereken op gemiddelde groottes van

---

1. SANU-verslag, 1961, 1961. Op. Cit., p.106.
2. Loc. cit.
3. Loc. cit.
4. Potchefstroom dorpsaanlegskema, no.1, 1946, p.5.

woonerwe).

| Digtheidsone | % gebied afgesonder |
|---|---|
| tot 10,000 vk. vt./woongebied | 4.00 |
| tot 15,000 vk. vt./woongebied | 3.00 |
| tot 20,000 vk. vt./woongebied | 2.50 |
| tot 40,000 vk. vt./woongebied | 1.50 |

In Potchefstroom word dus ± 3% grondgebied as oop ruimtes afgestaan. As die persentasie met die aanlegskema van Pretoria[1] vergelyk word, blyk dit gunstig te wees.

| Digtheidsone | % gebied afgesonder |
|---|---|
| tot 5,000 vk. vt./woongebied | 6.00 |
| tot 6,000 vk. vt./woongebied | 5.00 |
| tot 7,000 vk. vt./woongebied | 4.50 |
| tot 8,000 vk. vt./woongebied | 4.00 |
| tot 9,000 vk. vt./woongebied | 3.50 |
| tot 10,000 vk. vt./woongebied | 3.00 |
| tot 15,000 vk. vt./woongebied | 2.00 |
| tot 20,000 vk. vt./woongebied | 1.50 |

Hier word slegs 2% grondgebied per 15,000 vk. vt. woongebied as oop ruimtes afgesonder. In beide gevalle vergelyk die persentasiegebied wat afgesonder word egter swak met die standaarde wat in die V.S.A. gestel word.

ii. <u>Organisasie en administrasie van rekreasie in Potchefstroom</u>

In Potchefstroom bestaan geen direkte organisasie

---

1. Pretoria dorpsaanlegskema, no.1, 1944.

van rekreasie deur die plaaslike bestuur nie. Die stadsingenieur en sy personeel, wat tuinboukundiges insluit, beplan, ontwikkel, beheer en hou sportterreine en parke in Potchefstroom in stand.

Volgens die dorpsaanlegskema word daar voorsiening gemaak vir oop ruimtes wat, wanneer dit nodig blyk te wees, vir rekreasie aangewend kan word. Dit is ook die beleid van die plaaslike bestuur om die rekreasieruimtes en -geriewe teen 'n billike huurgeld aan georganiseerde sportliggame te verhuur. Die sportklubs en hulle lede moet hulle koste aan sport en gepaardgaande administrasie self dra.

Op geen wyse is die amptenare van die Stadsraad self gemoeid met die praktiese organisasie van sport nie; die Raad beskou dit blykbaar as die uitsluitlike prerogatief van die sportklubs self.

a. Finansiële skenkings aan sportliggame

Indien sportklubs aansoek doen, word jaarliks skenkings deur die plaaslike owerheid oorweeg. Minimum skenkings bedra sowat R25 per jaar. Daar is egter al skenkings van R500, R250, R200 en R150 aan sportliggame gemaak. Vir die boekjaar 1964/65, is R800 aan sportklubs geskenk. In die boekjaar 1968/69, is R1025 geskenk. Oor die geheel beskou is die skenkings minimaal. Dit is egter betekenisvol as in ag geneem word dat sommige plaaslike owerhede, met net so 'n groot of groter gemeenskap as Potchefstroom, geen finansiële skenkings aan sportliggame maak nie.

Daar is sportklubs wat finansieel 'n sukkelbestaan voer. Dit is gewoonlik die sportklubs waar nie-toeskouer sportsoorte soos rolbal, tennis, pluimbal en muurbal beoefen word. Toeskouer-sportsoorte kan uit toegangsfooie in 'n groot mate in hulle eie finansiële behoeftes voorsien. Dit is daarom nodig om in geldskenkings te differensieer en in verhouding groter skenkings te maak aan sportsoorte wat werklik finansiële steun nodig het.

b. Finansiering van rekreasiedienste

Daar is tans geen finansiële bronne van provinsiale en staatsweë waaruit plaaslike owerhede kan put om rekreasie in gemeenskappe uit te brei nie. Alle uitgawes t.o.v. rekreasie moet dus deur plaaslike owerhede self gedra word. Sodanige finansiering deur die stadsraad van Potchefstroom vind plaas deur:-

(1) direkte finansiering van die volle uitgawe uit lopende inkomste op die belastingrekening;

(2) finansiering uit interne leningsfondse in welke geval die jaarlikse rente en die delging plus bedryfskoste uit lopende inkomste betaal word;

(3) finansiering uit eksterne leningsbronne in welke geval die rente en delging plus bedryfskoste uit die lopende inkomste betaal word.

Huurgelde uit die verhuur van sportterreine vorm 'n uiters nominale deel van die bedrag wat jaarliks vir rekreasie aangewend word.

c. Parke en sportgronde in Potchefstroom

(1) Parke wat reeds ontwikkel is

Die totale oppervlakte van parke wat reeds ontwikkel is, word op 47 morge gereken. Hiervan is egter 32 morge wat by die Potchefstroomdam ontwikkel is. Ontwikkelde parke in die dorp beslaan dus net 15 morge, wat in totaal ± 1 morg vir elke 1,860 inwoners beteken.

Klerksdorp, met 'n blanke-bevolking van 30,000, beskik oor 23 ontwikkelde parke met 'n oppervlakte van 105 morge (± 1 morg vir elke 286 inwoners). Kroonstad, met 'n bevolking van 17,000, beskik oor 21 parke wat oor die dorp verspreid lê en wissel in grootte van 1 acre tot 15 morge aan die rivierwalle.

(2) Sportgronde wat reeds ontwikkel is

Die totale oppervlakte van ontwikkelde sportgronde word op 106 morge gereken. Die oppervlakte sluit egter 88 morge in wat deur die gholfbaan langs Rivierstraat beslaan word. Die gebied word as private oop ruimte beskou en kan moontlik nie by die totaal gereken word nie.

(3) Parke wat nog nie ontwikkel is nie

Die totale oppervlakte van parke wat nog nie ontwikkel is nie, word op ongeveer 120 morge gereken. 'n Gedeelte van ongeveer 16 morge wat by die dam ontwikkel word, is hierby ingereken. Die Wasgoedspruitgedeelte is tans in ontwikkeling.

d. Aspekte van die Potchefstroomdam

Die benuttingspatroon van die damvakansie-oord, plaas dit in die kategorie van streeksrekreasieruimte. Volgens statistieke vorm besoekers uit Potchefstroom aan die dam slegs sowat 25% van die totale aantal besoeke. Vanaf elders word die besoeke op 75% gereken.

Onder die huidige ontwikkeling kan tot 10,000 persone per dag toegelaat word. Dit word egter ondervind dat die terrein so 'n getal nie vir lang periodes ongerief kan akkommodeer nie. Derhalwe word 'n verdere 16 morge nou ontwikkel. Doeltreffende ontwikkeling van die oord, kan 'n groot ekonomiese bate vir Potchefstroom beteken.

3. Programaanbieding vir rekreasie deur plaaslike owerhede

Uit 'n vorige punt het dit duidelik geword dat plaaslike owerhede die verantwoordelike instansie is om in rekreasiedienste te voorsien en dat oop ruimtes vir rekreasie afgesonder moet word. Die oop ruimtes moet in parke, speel- en sportgronde ontwikkel word. Intensiewe ontwikkeling hiervan is nutteloos indien georganiseerde programme, waardeur mense gelei en geprikkel word om aktief aan rekreasie deel te neem, nie aangebied word nie. Plaaslike owerhede moet daarom die inisiatief neem en programme aanbied of toesien dat dit aangebied word. Hiervoor is opgeleide personeel nodig. Neumeyer & Neumeyer[1] noem dat elke

1. Neumeyer & Neumeyer. Op. cit., p.302.

gemeenskap met 'n populasie van 8,000 en meer oor 'n man of vrou moet beskik ...*who shall give full time to the planning and supervision of the leisure hours of the inhabitants.*

Uit literatuurstudie is dit duidelik dat in die buiteland en veral die V.S.A., groot bedrae deur plaaslike owerhede aan georganiseerde rekreasie bestee word. Vir die jeug veral word groot moeite gedoen. Dit is ook opvallend dat skole en plaaslike owerhede nou saamwerk om hierdie programme deur te voer. In die meeste gevalle word skoolleerplanne deur die rekreasieprogram aangevul.

Pasedena in California[1] beskik oor 'n rekreasiedepartement wat ten doel het om 'n deurlopende jaarprogram vir rekreasie vir alle ouderdomsgroepe te organiseer. Onder andere word gesinskampkursusse gehou en dit sluit lesings en praktiese demonstrasies in. Alle fasette van kampeer word behandel en prakties beoefen. Natuurstudiereise word vir kinders georganiseer en daar word klem gelê op natuurbewaring en wetenskaplike aspekte daarvan word behandel. Hierdeur word die kind die geleentheid gebied om die natuur te ontdek. Lesse word o.a. ook in hengel, ski, boogskiet en jagveiligheid gegee.

In die V.S.A.[2] in plekke soos Milwaukee, Phoenix, Moline, West Allis en Bristol, word interessante programme aangebied, waardeur mense gelei word om aan

1. Kraus. Op. cit., p.135-136.
2.Ibid, p.136-159.

rekreasie deel te neem. Hierdie programme is gemik op uitbreiding van die kennis van die mens in al die aspekte van rekreasie. Kampeer is 'n aktiwiteit waarop baie klem gelê word omdat dit die gesinsverband bevorder.

Dit is interessant om te sien aan watter aktiwiteite aandag gedurende die kampe geskenk word. Sport en spele vorm die basis en daar word verder aandag geskenk aan die volgende: spoorsny, kompaslees, weerbestudering en verwerking van weerdata, morsekode, vuurmaak, noodhulp, kaartlees, skatting van afstande en bestudering van sterre as nagriglyne. In hierdie opsig troon die plaaslike owerhede van die V.S.A. ver bo die Republiek s'n uit.

A. Aspekte van die rekreasieprogram

Kessel[1)] noem die volgende punte wat in aanmerking geneem moet word by die samestelling van die rekreasieprogram:

a. voorsien aktiwiteite wat uitdagend en stimulerend vir die avontuurlustige is;
b. voorsien aktiwiteite wat net blote genot is, wat nie vaardigheid vereis nie en wat die mens van spanninge kan laat vergeet;
c. voorsien aktiwiteite wat tot satisfaksie sal lei as iets goed voldaan is?
d. voorsien aktiwiteite wat kennis en vaardigheid sal uitbrei;

---

1. Kessel. The A.A.H.P.E.R. recreation policy statement, p.19.

e. voorsien aktiwiteite wat die gesinsverband bevorder;

f. voorsien aktiwiteite wat oordraagbaarheidswaarde het;

g. voorsien aktiwiteite wat leierskap kan ontwikkel;

h. voorsien aktiwiteite wat in die behoeftes van die hele gemeenskap sal voldoen.

Dit is ook belangrik dat elke dorp of stad oor 'n oefensentrum beskik om mense die geleentheid te bied om hulle fisieke kragte, onder wetenskaplike leiding, te herwin of te verbeter.

Webster[1] noem die volgende kriteria wat in aanmerking geneem moet word by die opstel en aanbieding van rekreasieprogramme:

a. dit moet omvangryk wees om geleentheid tot deelname aan alle ouderdomsgroepe en geslagte te bied;

b. behoeftes van gestremdes en bejaardes moet in ag geneem word;

c. dit moet so saamgestel word dat die gemeenskapsgevoel daardeur bevorder word, maar daar moet ook in die individu se behoeftes voorsien word;

d. dit moet so georganiseer word dat daar in die behoeftes van persone wat op verskillende tye hulle vryetyd geniet voorsien word;

e. die programme moet so saamgestel word dat dit aktiwiteite insluit wat verskillende vaardighede vereis en wat ook geleentheid tot tegniese vordering in aktiwiteite bied;

---

1. Webster. Op. cit., p.251-252.

f. aktiwiteite wat leierskap bevorder moet ingesluit word;

g. die program moet so saamgestel word dat belangstelling vir rekreasie by die kind aangewakker word, sodat hy dit na die volwasse lewe kan oordra;

h. die program moet buigbaar wees en moet verander kan word na gelang van die veranderde behoeftes van die gemeenskap.

Die rekreasieprogram is dus daarop ingestel om hulp en leiding aan mense wat rekreasie beoefen, te bied. Hoewel rekreasie 'n doel op sigself is, is daar 'n verskeidenheid sekondêre doelstellings wat deur die rekreasieprogram bereik kan word. Die program moet egter nie so toegepas word dat die grondgedagte van rekreasie nl. dat dit 'n doel op sigself is, versteur of benadeel word ten gunste van die sekondêre doelstellings nie. By die opstel en aanbieding van die program moet dié gedagte deeglik in berekening gebring word.

## 4. Samevatting

Die rol wat plaaslike owerhede oorspronklik in 'n gemeenskapstruktuur gespeel het, was baie eenvoudig. In die vorige eeu het die gekompliseerde samelewingsvorm wat ons vandag ken, nie bestaan nie. Die mens was vry en het na aan die natuur geleef. Geleenthede vir rekreasie was volop.

Namate die samelewingsvorm meer gekompliseerd geraak het, het plaaslike owerhede 'n verskeidenheid funksies van privaatbeheer oorgeneem. Die voorsiening aan

rekreasiedienste is tot dusver nog net as 'n morele verpligting deur plaaslike owerhede aanvaar.

Daar bestaan verskeie redes waarom plaaslike owerhede die geskikste instansies is om in rekreasiefasiliteite te voorsien. Voorsiening in rekreasiedienste moet as 'n belegging in mensemateriaal gesien word. Plaaslike owerhede in Suid-Afrika is blykbaar meer op die materialisties-nuttige beleggings ingestel as in beleggings wat groot geesteswaarde inhou.

Die grondgebied wat in Potchefstroom aan oop ruimtes vir rekreasie afgesonder word, vergelyk goed met dié wat byvoorbeeld in Pretoria afgesonder word. Meer van die oop ruimtes moet egter net ontwikkel word.

Wat organisasie en administrasie van rekreasie in Potchefstroom betref, bestaan daar geen aparte afdeling in die stadsraad wat hoofsaaklik op die aspek aangewese is nie. Die stadsingenieur en sy personeel is o.a. vir die beplanning, aanleg, instandhouding, uitbreiding en beheer van rekreasie verantwoordelik. Hierdie opset dien verander te word en 'n afsonderlike departement wat uitsluitlik met rekreasie gemoeid is, moet geskep word.

Finansies wat vir rekreasie verkry word, moet slegs vir die direkte uitbreiding en ontwikkeling van rekreasie aangewend word en moet nie lone en salarisse en ander administratiewe onkoste insluit nie. Fasiliteite moet dan ook teen die laagste moontlike koste aan die publiek

beskikbaar gestel word. Webster[1] noem in die verband dat daar 'n direkte verhouding bestaan tussen gebruik van fasiliteite en heffingsgeld. Die vermeerdering of vermindering daarvan bepaal die gebruik van rekreasie-fasiliteite.

Voldoende voorsiening van rekreasiefasiliteite is nie genoegsaam indien georganiseerde programme om mense tot deelname in rekreasie te lei en te prikkel, nie aangebied word nie. Die programme moet so saamgestel word dat nie alleen die gemeenskap as geheel daarby baat nie, maar ook die individu moet nut daaruit put.

---

1. Webster. Op. cit., p.254.

HOOFSTUK 7

# DIE VRAELYS AS METODE VAN NAVORSING

## DIE VRAELYS AS METODE VAN NAVORSING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

### 1. Algemeen oor die vraelys

Die vraelys is, soos die naam aandui, 'n reeks vrae wat opgestel word en aan mense voorgelê word vir beantwoording. Die opsteller van die vraelys kan die ondervraer, en die persoon wat dit beantwoord, kan die respondent genoem word. Dit word dus in die eerste plek gebruik om feitlike gegewens te versamel en tweedens kan dit gebruik word om heersende opvattings te bepaal.[1)]

Die vraelys moet alleenlik gebruik word om inligting te bekom wat op geen ander wyse nie, of moeilik, bekombaar is. Baie wangebruike van die vraelys, het die status daarvan laat daal, sodat dit tans baie negatief deur mense bejeën word. *Misuses and overuses of the questionnaire have caused it to be criticized.*[2)]

Die vraelys neem gewoonlik twee vorms aan. Dit kan of introspektief of ekstrospektief van aard wees. In die eersgenoemde word die vraelys vir beantwoording aan

---

1. Taute & Jansen van Rensburg. Navorsing van Skoolprobleme. p.18.

2. American Association for Health, Physical Education, and Recreation (A.A.H.P.E.R.) Research Methods in Health, physucal Education and Recreation. p.101.

die persone, van wie direkte inligting verkry wil word, voorgelê. Die vrae handel dan ook oor aspekte wat hulle self raak. In die tweede geval word die vraelys deur 'n derde persoon, wat inligting van ander verstrek, beantwoord.[1)]

Die hoofdoel van die vraelys as navorsingsmiddel is om 'n massa-ontleding van bepaalde aspekte in 'n kort tyd te maak. Aangesien 'n hele populasie nie ondervra kan word nie, word verteenwoordigende steekproewe gemaak, en word vraelyste uitgegee om te voltooi.

Waar die beantwoorder die vraelys in die teenwoordigheid van die ondervraer invul of waar die ondervraer die vrae aan die beantwoorder stel en daardeur gegewens inwin, het die respondent die geleentheid om vrae aan die ondersoeker te stel oor aspekte wat nie duidelik is nie. Hierdie wyse van inwinning van inligting kan die onderhoudsvraelys genoem word.

'n Verskeidenheid doelstellings kan met die gebruik van vraelyste beoog word. Cilliers[2)] stel dit as volg: *In die eerste instansie verskaf dit 'n vaste noteringsvorm vir waarnemings wat of direk of uit mededelings verkry is. Tweedens verskaf dit 'n grondslag vir die standardisering van waarnemings in gevalle waar meer as een eenheid waargeneem word. Derdens kan dit dien as waarnemings- of onderhoudsgids vir sover die waarnemer*

1. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, p.19.

2. Cilliers, Maatskaplike navorsing. pp.92-93.

*dit kan gebruik as leidraad in die maak van waarnemings of vir die leiding van die onderhoud. Vierdens kan dit, in die geval van persoonlike mededelings, help om die onderhoud formeel te rig of te struktureer, deur dat dit 'n formele lys van items of vrae kan bevat wat aan die respondent gestel moet word, tesame met, indien dit so beplan is, 'n vaste stel van alternatiewe reaksies waaruit die respondente moet kies.*

Dit is duidelik dat die vereistes waaraan die vraelys moet voldoen sal afhang van die doel wat daarmee beoog word, asook die wyse waarop dit as navorsingsmiddel aangewend gaan word.

Die vraelys as sulks, moet so suiwer wetenskaplik en akademies moontlik gehou word. Eerlike antwoorde met die volle en heelhartige samewerking van die ondersoekte persone moet verkry word.

## 2. Die vraelys as middel vir navorsing

Mouly skryf: *Probably no instrument in research has been more subject to cencure than the questionnaire. Yet it continues to be the most used - and most abused - instrument in educational research as both graduate students and professional agencies continue to rely on it.*[1]

Krediet vir die vraelys moet aan Horace Mann toegeken word vir sy gebruik daarvan as navorsingsmiddel in 1847. Die wangebruike - beide in kwaliteit en

---

1. Mouly, The Science of Educational Research. p.238.

kwantiteit, neem na die Eerste Wêreldoorlog sulke afmetings aan dat die National Education Association (N.E.A.) in 1930 'n diepgaande ondersoek daaraan gewy het. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat nieteenstaande die wangebruike daarvan, dit nie verdoem moet word nie. Daar word op die behoeftes om dit te verbeter gewys.[1] Vandag word die voordele en die gebreke van die vraelys deeglik besef.

Mouly[2] noem dat die eerste probleem by die samestelling van die vraelysondersoek is om te besluit of afdoende gegewens ingewin sal word deur die vraelys, en of meer presiese tegnieke vir ontleding toegepas moet word al dan nie. Die besluit moet gegrond word op 'n duidelike beeld van wat die navorser wil ontleed en die tipe gegewens wat benodig word om die vrae wat op die probleem betrekking het, te antwoord.

Wat die resultate van die ondersoek betref noem Van Jaarsveld[3] dat dit grootliks van die respondent se spesifieke motivering tydens voltooiing, toestande waaronder hy voltooi, intelligensie, graad van psigiese gesteldheid, algemene houding t.o.v. die vraelys, bewuste en onbewuste tendense tot leuentaal en verskeie ander motiverings en houdingsaktiwiteite sal afhang.

---

1. Loc. cit.

2. Loc. cit., p.239.

3. Van Jaarsveld. Die aanpassingsvraelys van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing en die gebruik daarvan by nywerheidskoolseuns. p.43.

A. Samestelling van die vraelys[1]

Naas die keuse van 'n geskikte onderwerp in navorsing is niks so belangrik vir sukses as die suksesvolle samestelling van die vraelys self nie. As dit gedruk en uitgegee is, kan die foute nie sonder moeite en koste reggestel word nie. Voor dit dus uitgestuur word, moet die vraelys deeglik ontleed word om alle foute uit te skakel.

Voordat die vraelys opgestel word, moet die ondersoeker eers 'n studie maak van die terrein wat hy wil ondersoek en die nodige aspekte wat daarin nagevors wil word, moet aangeteken word. Die vraelys moet nou so opgestel word dat dit hierdie aspekte dek.

Elke item moet funksioneel wees en moet belangstelling wek by die respondent, omdat laasgenoemde neig om weg te skram van 'n vraelys wat in die wind gegooi is met die doel om 'n kol te tref.

Daar is drie faktore wat in aanmerking geneem moet word by die opstel van die vraelys.[2]

1. Wetenskaplike samestelling

Samestelling van die vraelyste vereis baie hersiening. Kritici van buite is belangrik, omdat hulle objektief kan beoordeel. Die verantwoordelikheid berus by die ondersoeker om die vraelys so op te stel dat dit

---

1. Mouly, Op. cit., p.242-251.

2. Loc. cit., p.246-251.

die belangstelling van die respondent sal wek. Die respondent se verpligting om te antwoord verdwyn wanneer dit lyk of die probleem van minder belang is, wanneer die vrae tekens van onverskilligheid toon, wanneer onnodige vrae ingevoeg word of wanneer die beantwoorder se tyd en energie nie in ag geneem word nie.

2. Oop of geslote antwoorde

Die vorm wat die vrae aanneem is 'n belangrike oorweging by die samestelling van die vraelys. Dit is eerstens belangrik om te besluit of die vrae oop sal wees, dit is, of die respondent die vraag in eie woorde moet verstrek; byvoorbeeld: Aan watter somersport neem u deel? .............................................

Geslote vrae is wanneer die respondent voorgelegde alternatiewe gestel word byvoorbeeld: Neem u aan sport deel? Ja/Nee. Dit kan ook wees waar 'n groep alternatiewe gestel word waaruit die respondent een of meer moet kies of afmerk. Die oorweging van oop of geslote vrae word grootliks deur die probleem wat opgelos moet word, bepaal.

Geslote vrae hou die vraelyste kort en lewer 'n beter reaksie daarop. Oop vraelyste bied meer geleentheid om die probleem in 'n breër lig te stel en bied meer geleentheid tot buigsaamheid. Dit mag groter betroubaarheid in die hand werk, maar die kanse vir verkeerdelike interpretasie is ook groter. Die geslote vraelys verminder die probleem van verkeerdelike interpretasie

en bied 'n beter tabulering en interpretasie. Aan die ander kant mag die respondent weer nie weet watter keuse om te maak nie en dan mag hy 'n antwoord kies wat die geskikste vir die vraag sal lyk.

Die besluit oor watter vorm om te gebruik, berus op die basis van geldigheid, betroubaarheid, eenvoud en bruikbaarheid.

Oor die algemeen bied die geslote vraelys 'n groter veld om te dek en 'n meer sistematiese tabulering. Dit is aan te beveel dat daar voorsiening vir oop vrae gemaak word, sodat die respondent die geleentheid kry om ook eie aanbevelings en motiverings neer te skryf.

Wanneer vasgestel wil word aan watter items, uit 'n sekere groep, die respondent die meeste voorkeur gee, moet aan hom duidelik gestel word dat hy dit moet nommer volgens die orde van voorkeur.

## 3. Inhoud

Die inhoud van die vraelys is baie belangrik en hiermee word na die vrae self verwys. Vrae moet beperk word tot dié wat die ondersoeker met rede, as betroubaar beskou en wat geldige antwoorde moet verskaf. Elke vraag moet geoordeel word in die lig van sy bydrae tot die algemene oogmerke van die studie. Die vrae moet dus duidelik, direk en in eenvoudige taal gestel word. Dit is veral belangrik waar die sosio-ekonomiese en kulturele agtergrond van die respondent betrokke is.

Mouly[1] [2] noem dat algemeen aanvaar kan word dat 40% van die algemene populasie *are illiterate for questionnaire purposes.*

Abrams[3] beweer dat 90% beantwoorders/respondente minstens 10% van die vrae verkeerdelik interpreteer en dat ten minste 10% van die respondente 90% van die vrae verkeerd interpreteer.

B. Vereistes van vrae

Dit is nodig dat die vrae korrek en wetenskaplik opgestel word. Dit is dus nodig om die vereistes wat aan die vrae self gestel word beter toe te lig.

Taute en Van Rensburg[4] noem die volgende vereistes waaraan die vrae moet voldoen:

(1) dit moet kort, bondig en duidelik gestel word;

(2) dit moet ondubbelsinnig gestel word sodat die respondent nie terme anders as die ondervraer verstaan of gebruik nie.

(3) voorkeur moet aan vrae gegee word waarop die antwoord deur 'n enkele woord verstrek kan word;

(4) vrae moet so opgestel word dat die respondent nie deur die beantwoording daarvan beïnvloed word om die korrekte antwoord te verskaf nie;

---

1. Mouly. Op. cit., p.251.

2. Hierdie persentasie is op die Amerikaanse bevolking as geheel bereken. Vir blankes in S.A. behoort dit baie laer te wees.

3. Loc. cit.

4. Taute & Jansen van Rensburg. Op. cit., pp.24-27.

(5) vrae moet genoeg in getal wees om al die inligting te bekom wat die ondersoeker nodig sal kry;

(6) vrae moet so opgestel wees dat die respondente nie versoek word om sekere take uit te voer, wat die ondersoeker self kan doen nie;

(7) vrae moet so opgestel word dat die respondent duidelik kan onderskei wanneer feitlike gegewens verlang word en wanneer hy net sy mening moet uitspreek.

(8) vrae moet in logiese volgorde gerangskik word sodat die belangstelling van die respondent gewek en sy taak vergemaklik word.

Coetzee[1)] noem dat antwoorde op vrae oor private en persoonlike aangeleenthede nie baie betroubaar sal wees nie. Hierdie tipe vrae moet dan ook liefs nie in die vraelys ingesluit word nie.

1. <u>Uiterlike voorkoms van die vrae en vraelys self</u>[2)]

a) Vraelyste moet so opgestel word dat daar geskikte spasie is vir die neerskryf van antwoorde en/of instruksies.

b) Die tussenruimtes tussen vrae moet sodanig wees dat vrae nie maklik deur die beantwoorders oorgeslaan word omdat hulle dit nie raaksien nie.

c) Die vraelyste moet netjies getik en afgerol wees op papier wat ink goed verdra. Dit moet dus 'n

---

1. Coetzee. Op. cit., p.20.

2. Taute & Van Rensburg. Op. cit., p.27.

goeie algemene voorkoms hê.

d) Verskillende afdelings, indien daar is, behoort deur 'n passende opskrif aangedui te word.

e) Die vraelys as geheel moet weens al die reeds genoemde kenmerke, 'n goeie indruk op die respondent maak.

Die algemene voorkoms van die vraelys is dus baie belangrik. 'n Lomp en onaantreklike vraelys lewe 'n swak indruk en reaksie daarop sal swak wees. Vir die afrol van die vraelyste word die vlakdrukproses aanbeveel.

C. Die konstruksie van die vraelys

Nadat kortliks verwys is na die faktore wat in aanmerking geneem word by die opstel van die vraelys, is 'n beeld geskep waarvolgens die vraelys opgestel kan word.

Nadat die terrein van ondersoek verken is en die navorser vasgestel het watter afdelings deur die vraelys gedek moet word, is die prosedure vir die konstruksie van die vraelys, volgens Coetzee[1] as volg: *hy (die ondersoeker) oorweeg self eers baie noukeurig die redaksie van elke vraag, daarop probeer hy self om die vrae te beantwoord en kom so tot 'n tweede verbeterde redaksie, dan lê hy die vrae vir hul oordeel voor aan 'n aantal bevoegde beoordeelaars en kom so tot 'n derde*

1. Coetzee. Op. cit., p.20.

*verbeterde redaksie, eindelik laat hy die aldus gewysigde vrae deur 'n klein aantal 'proefpersone' beantwoord en uit hulle antwoorde kan hy dan tot die finale redaksie vir toepassing by sy eintlike ondersoek kom.*

Hierdie bewering vereis verdere toeligting.

1. Eerste redaksie

Die ondersoeker skryf alle vrae neer wat hy dink die ondersoekterrein behoort te dek. Die vrae word logies in volgorde gerangskik en die opsteller beantwoord elke vraag self. Vrae word gerangskik sodat dit die beste resultate sal lewer. Nou reeds kan alle vrae wat vaag gestel, dubbelsinnig of onnodig is, uitgeskakel of verbeter word. Dit lei tot 'n tweede verbeterde redaksie.

2. Tweede redaksie

Die vraelys is nog in proefvorm en dit word voorgelê aan 'n paneel deskundiges op die gebied van vraelyssamestelling. Die persone staan objektief teenoor die vraelys en kan dit goed evalueer. Samesprekings kan ook gehou word. Dit lei tot 'n verbeterde derde redaksie.

3. Derde redaksie

Die vraelys kan nou in die verbeterde vorm aan 'n ander paneel deskundiges voorgelê word. Hulle wenke en aanbevelings lei tot die vierde fase nl. die proefvorm.

4. Die Proefvorm

a. Eerste proefredaksie

Die voorlopige vraelys word aan 'n klein verteenwoordigende groepie proefpersone voorgelê vir beantwoording. Al die probleme, wenke en moontlike ander vrae wat nie in die vraelys opgeneem is nie, kan van hulp wees om die vraelys nogeens te verbeter. (Die proefpersone word gevra om wenke en probleme neer te skryf).

b. Tweede proefredaksie

Dit is die finale vorm en indien dit nodig geag word kan dit aan 'n ander groep proefpersone voorgelê word vir beantwoording of kan dit weer aan die eerste groep proefpersone voorgelê word en getoets word vir betroubaarheid.

Kleiner puntjies soos afwerking, voorkoms ens. geniet nou aandag. Indien die resultate deur rekenoutomate verwerk gaan word, is dit noodsaaklik om dit eers aan deskundiges voor te lê vir numering en finale rangskikking van die vrae. Hierna kan dit finaal getik, afgerol en versprei word.

Die konstruksie van 'n vraelys vereis deeglike hersiening. Dit is egter uiters noodsaaklik want as dit eers versprei is, kan dit nie weer sonder koste, moeite en tyd verander word nie.

'n Belangrike aspek by die konstruksie van die vraelys en veral by die verspreiding daarvan is die

meegaande brief. Hierin moet kortliks die doel van die vraelys geskets word en dit moet die belangstelling van die respondent wek. Hierdie skrywe moet kort maar betekenisvol wees.

D. Die verspreiding van vraelyste

Hier bestaan hoofsaaklik twee wyses waarop dit versprei kan word, nl. deur te pos en deur dit persoonlik af te lewer. Elkeen sal kortliks bespreek word.

1. Posvraelyste

Hierdie term word gebruik om aan te toon dat vraelyste deur die pos aan respondente gestuur word. El-Badry[1)] noem dat *The mailed questionnaire is desirable in surveys because it is economical of money and effort and free from the interviewers effect on the respondent....* Hy noem verder dat posvraelyste *are often exposed to two kinds of bias: 1. bias arriving from the respondents' misunderstanding the questions, resentment of interference in their personal affairs, of falsifications for reasons connected with the subject of the survey. 2. bias of non-response, which arises from differences in the characteristic under investigation between respondents and non-respondents.*[2]

Indien die ondersoeker finansieel daartoe in staat

1. Mouly. Op. cit., p.255.

2. Loc. cit., p.256-259.

is, is posvraelyste baie handig en verg baie min moeite.

Daar moet 'n gefrankeerde koevert by die posvraelyste ingesluit word sodat die respondent dit weer terug kan stuur. Gewoonlik word 'n bepaalde tydperk gestel waarin die vraelys teruggestuur moet word. Opvolgvraelyste vir 'n tweede en derde keer sal dikwels nodig wees, en verhoog gewoonlik die koste van posvraelyste.

Waar persone, wat die vraelys beantwoord, wyd verspreid woon, soos in verskillende provinsies, is posvraelyste die enigste oplossing om inligting te bekom. Indien die persone in 'n enkele dorp of stad woon, of nie wyd verspreid woon nie is dit egter beter om die metode van persoonlike aflewering en terughaling te gebruik.

2. Persoonlike aflewering

Hierdie metode is onekonomies in tyd omdat die vraelyste persoonlik deur die ondersoeker aan die respondente oorhandig moet word vir voltooiing en dit weer persoonlik deur hom afgehaal moet word. Dit kan ook deur hulppersone afgelewer en terugbesorg word.

'n Voordeel van die metode is dat die vraelys kortliks verduidelik kan word. 'n Bepaalde tyd word aan die respondent gegee om die vraelys te voltooi. Aan die einde van die tydperk gaan haal die ondersoeker weer die vraelyste. Dit is gewoonlik nodig om 'n tweede, derde of selfs vierde keer te gaan om die vraelyste terug te kry.

## E. Die vraagstukke van vraelyste wat nie voltooi word nie

'n Ondersoeker moet nooit verwag dat hy al die vraelyste wat hy uitgestuur het sal terug kry nie. Mouly[1] noem dat baie ondersoekers so min as 20 tot 40 persent vraelyste terug ontvang. Die belangrikste faktore wat terugsending beïnvloed word deur Mouly[2] as volg gestel.

### 1. Die lengte van die vraelys

Hoe korter die vraelys is, en hoe minder invloed dit het op die tyd van die respondent, hoe meer vraelyste kan terugverwag word. Die vraelys mag egter nie verkort word ten koste van die inhoud nie.

'n Vraelys moet gewoonlik nie langer as 'n halfuur duur nie. Die tydfaktor moet gesien word in die lig van die aard van die onderwerp, die bereidwilligheid van die respondente en ander faktore - baie wat meer belangrik is as die tyd wat betrokke is.

### 2. Keuse van populasie

Dit is wel so dat persone uit die steekproef nie in die onderwerp sal belangstel nie, of nie oor voldoende kennis beskik om die vraelys te voltooi nie. Dit sal veroorsaak dat vraelyste nie voltooi en teruggestuur sal word nie.

---

1. Mouly. Op. cit., p.255.

2. Loc. cit.

3. Wetenskaplike samestelling

Dit is 'n faktor waarmee die ondersoeker deeglik rekening moet hou. Geen persoon wil deel hê aan iets wat tot niks lei en as geheel niks beteken nie. Die kwaliteit van die vraelys is daarom belangrik en as die resultate tot iets konstruktiefs lei, sal die mense dit eerder beantwoord as wanneer dit 'n lukraak proses is. Die algemene voorkoms van die vraelys kan ook die persentasie terugsending beïnvloed.

4. Die meegaande brief

'n Goeie beskrywende brief kan belangstelling wek. Die teenoorgestelde is ook moontlik. Dit moet so gestel word dat die respondent belangrik voel en voel dat sy hulp onmisbaar is.

5. Ander faktore

Dit sluit faktore in wat minder belangrik is, maar wat terugsendings beïnvloed. Daar is gevind dat indien 'n gewone posseël op koeverte gebruik word, meer vraelyste terugontvang word as wanneer daar van vooruitbetaalde posseëls gebruik gemaak word.

Die tyd wanneer 'n persoon 'n vraelys ontvang is ook baie belangrik. Dit is beter om nie vraelyste te versprei sodat dit op 'n Maandag, die begin van 'n maand of jaar ontvang word nie. Gewoonlik hou ander dinge die mense dan besig en hulle het nie 'n groot belangstelling in die vraelyste nie.

Nixon[1] noem dat die woord *vraelys* nie op die vraelys moet verskyn nie. Hy beweer dat weens die gebruik van die vraelys vir soveel ondersoeke, dit die mense soms irriteer as hulle met die eerste oogopslag die woord *vraelys* sien. *Reference to the questionnaire as a form or instrument may have a less irritating effect on certain respondents.*[2]

F. Voor- en nadele van die vraelys as metode van navorsing

Die bespreking van die voor- en nadele van die vraelys moet beperk word tot dit waarmee vergelyk kan word. Dit kan met die onderhoud vergelyk word omdat daar 'n duidelike en redelike ooreenkoms bestaan.[3]

a. Voordele

Een van die hoofvoordele van die vraelys is dat dit 'n wye groep proefpersone kan dek teen die laagste onkoste. Dit bied nie alleen wyer geografiese dekking as ander tegnieke nie, maar dit bereik ook persone wat moeilik gekontak kan word. Die groter dekking voorsien groter geldigheid in die resultate, deurdat 'n meer verteenwoordigende groep persone verkry word.

1. Waar die identiteit van die respondent nie onthul word nie, sal meer respondente gewillig wees om die vraelys te voltooi.

---

1. Nixon. The mechanics of questionnaire construction. p.438.

2. Loc. cit., p.483.

3. Mouly. Op. cit., p.239-242.

2. Die vraelys bied aan die respondent meer geleentheid om vrae te oordink as wat by ander tegnieke, veral die onderhoud, die geval is.
3. Die vraelys is meer betroubaar in gevalle waar die respondent die geleentheid het om die antwoord weer na te gaan.
4. Die vraelys bied groter eenvormigheid in die wyse waarop die vrae aangebied word en verseker op die wyse 'n groter vergelykbaarheid tussen antwoorde.

b. Nadele

1. Die grootste nadeel isdie probleem van vraelyste wat nie teruggestuur of nie beantwoord word nie. Dit verklein die steekproef en verminder die waarde van resultate.
2. Die betroubaarheid van die resultate berus grootliks by die bereidwilligheid, bevoegdheid en eerlikheid van die beantwoorders.
3. 'n Verdere nadeel is dat die mate van onbetroubaarheid van die respondent se gegewens nie getoets kan word nie. Die enigste oplossing lê in die selektering van die populasie om die tipe onbetroubaarheidselement uit te skakel.
4. 'n Ander belangrike nadeel in die vraelys is die moontlikheid om vrae verkeerdelik te interpreteer. Die gevaar word vergroot wanneer vrae dubbelsinnig is as gevolg van swak formulering of as verskillende betekenisse aan woorde of begrippe geheg word.

Hierdie nadeel behoort deur deeglike samestelling van die vraelys uitgeskakel te word.

In die geheel gesien het die vraelys meer voordele as nadele en daarom kan dit as navorsingsmiddel gebruik word.

Whitney[1)] noem dat aan die Universiteit van Minnesota 'n studie gedoen is waar die vraelys as navorsingsmiddel gebruik is. Vir die doel is 1,600 vraelyste gebruik. Nadat die vraelyste terug ontvang is, is 'n steekproef met 200 onderhoude gemaak om die akkuraatheid van die vraelyste na te gaan. Daar is gevind dat die vraelys byna net so akkuraat as die onderhoude was.

G. Evaluasie van die vraelys as metode van navorsing

Evalueringskriteria[1) 2)]

(1) Hou die vraelys verband met 'n betekenisvolle onderwerp en lewer dit 'n belangrike bydrae tot navorsing?

(2) Is die belangrikheid van die probleem duidelik in die meegaande brief uiteengesit?

(3) Vereis die vraelys alleenlik inligting wat op geen ander manier verkry kan word nie.

(4) Is die vraelys in verhouding tot die studie wat gedoen word: samevattend, uitgebreid, diep of

---

1. Whitney. The elements of Research. p.144.

2. Mouly. Op. cit., p.263.

3. Whitney. Op. cit., p.142.

oppervlakkig?

(5) Is die instruksies in die vraelys duidelik, volledig en aanvaarbaar?

(6) Is die vrae objektief en vry van dubbelsinnighede en ander faktore wat die geldigheid kan beïnvloed?

(7) Is die vrae miskien so gestel dat die beantwoorder negatief beïnvloed word en op die verdediging gestel word?

(8) Is die vrae so gestel dat dit maklik getabuleer en geïnterpreteer kan word?

(9) Sal alle terme/sinsnedes dieselfde betekenis hê vir alle persone?

(10) Is dit binne die bevoegdheid van die beantwoorder om die vrae te beantwoord?

(11) Beloof dit afskrifte of bekendmakings van die verwerkte resultate?

(12) Is die vrae so opgestel dat die beantwoorder 'n minimum hoef te skryf?

(13) Is die vrae gerig op feitlike gegewens en word daar so min as moontlik op menings van die beantwoorder gesteun?

Opsommend kan dus gesê word dat die swakhede van die vraelys nie onoorkombaar is nie en dat die voordele meer gewig dra. Dat die swakhede die geldigheid kan beïnvloed is nie te betwyfel nie. Daar moet in ag geneem word dat met mense gewerk word en dat die werk van mense feilbaar is. Die swakheid lê binne die bereik van die ondersoeker en hy kan dit regstel. Die vraelys is daarom onmisbaar

by grootskaalse navorsingsprojekte, waar menings van mense getoets word. Indien die vraelys as metode vir navorsing uit wetenskaplike ondersoeke gesluit word, sal navorsing gestrem word en sal waardevolle inligting nie maklik bekombaar wees nie. Dit is egter duidelik dat die vraelysmetode baie uitgebrei en verbeter moet word t.o.v. kwaliteit en die beperking van die gebruik daarvan tot situasies waarvoor dit geskik is.

As wetenskaplike ondersoekmetode in liggaamlike opvoedkunde het die vraelys nuttigheidswaarde en kan die resultate in die praktyk toegepas word tot skepping of verbetering van fasiliteite.

# H O O F S T U K  8

## KONSTRUKSIE EN TOETSING VAN DIE VRAELYSTE WAT IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

Met die opstel van die vraelyste wat in hierdie ondersoek gebruik is, het die ondersoeker gepoog om die konstruksie so ver moontlik op wetenskaplike basis te fundeer.

Vir die ondersoek is twee tipes vraelyste gebruik: 'n algemene vraelys en 'n onderhoudsvraelys. Die konstruksie van die verskillende vraelyste en inwinning van die gegewens, geskied op twee verskillende wyses.

1. Doel en konstruksie van die algemene vraelys aan die publiek van Potchefstroom (Sien Bylae A vir die vraelys)

   a. Doel

   Die doel van die vraelys is om die rekreasiepatroon en -behoeftes van blankes in Potchefstroom vas te stel.

   b. Konstruksie van die vraelys

   (i) Eerste redaksie

   Met die doel wat vir die vraelys beoog is, het die ondersoeker begin om vrae wat die hele terrein dek, so wyd as moontlik op te stel. Die voorlopige vraelys is daarna deur die ondersoeker self beantwoord

en die vrae is georden na inhoud en funksionele rangskikking. Vrae wat nie geskik was nie, is weggelaat en ander moontlike vrae is bygevoeg.

(ii) Tweede redaksie

Nadat die vraelys as geheel weer deurgegaan is, is dit aan vier persone voorgelê vir kritiese ontleding. Die vier persone was onderskeidlik die leier van die ondersoek, 'n dosent van die Departement Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., 'n personeelbestuurder van 'n fabriek en 'n offisier van die S.A.W. Kritiek en wenke van hierdie persone het daartoe bygedra dat die vraelys vir die derde maal hersien is. 'n Belangrike wenk wat ontvang is, is om 'n bylaag waarop soveel moontlike sport en rekreasie-aktiwiteite verskyn, saam te stel. Elke aktiwiteit moes genommer word en slegs die nommers moes deur die respondente, waar dit in die vraelys vereis word, neergeskryf word. Die wenk was van groot waarde by die verwerking van die gegewens.

c. Toetsing van die vraelys

(i) Proefredaksie

Die semi-finale vraelys is aan 'n klein groepie van twaalf persone voorgelê vir beantwoording. Die twaalf persone het bestaan uit vyf studente, twee onderwysers, drie skoliere, een pensionaris en een huisvrou. Die proefpersone is gevra om met die eerste poging die vraelys te voltooi, die tyd te meld

wat dit hulle geneem het en om probleme wat ondervind is aan te dui. Tye om die vraelys te voltooi het van 11-18 minute gewissel en die ondersoeker was van mening dat dit voldoende tyd is om die vraelys te voltooi. Probleme en kritiek is aangeteken en in aanmerking geneem by die samestelling van die finale vraelys.

(ii) Finale verwerking

Na die proefredaksie is die vraelys finaal verwerk. Vir die voorblad is 'n meegaande brief geskryf, waardeur gepoog is om die belangstelling van die respondente gaande te maak; waarin die doel van die vraelys geskets word en daarop gewys word dat elke voltooide vraelys wat terug ontvang word, belangrike gegewens lewer. 'n Uitslag van die resultate in die pers is ook in die vooruitsig gestel.

Die vraelys is in beide Afrikaans en Engels opgestel. Wat die inkleding van die vraelys betref, is dit aangepas by die vereistes van moderne rekenstandaarde. Hierna is dit d.m.v. die vlakdrukproses gedruk en is die vraelyste gebind en versprei.

11. Doel en konstruksie van die onderhoudsvraelys aan sportklubs (Sien Bylae B vir die vraelys).

(i) Doel

a. Om 'n analise te maak van die ledesamestelling, deelname en groei van sportklubs.
b. Om 'n analise te maak van die beskikbare oefenterreine van klubs en om probleme en behoeftes van die

klubs bloot te lê.

c. Om die finansiële toestand van sportklubs na te gaan en vas te stel of ontwikkeling van die klub weens gebrek aan finansies aan bande gelê word.

d. Om die wyse van organisasie en administrasie van sportklubs na te gaan.

e. Om vas te stel of klubs reklame aan Potchefstroom verskaf.

(ii) Konstruksie van die vraelys

Aangesien dié vraelys 'n onderhoudsvraelys is, verskil die konstruksie hiervan van die algemene vraelys aan die publiek.

Met die doel wat vir die vraelys beoog is, het die ondersoeker begin om terreine af te baken waarop vrae gestel kon word. Ses terreine is gekies nl. algemeen, lede, fasiliteite en terrein, finansies, organisasie en administrasie en reklame aan Potchefstroom. Nadat die terreine verken is, is begin om 'n groot aantal vrae vir elkeen op te stel. Vrae is hierna in heroorweging geneem en wat as oorbodig beskou was of nie beslis 'n bepaalde aspek van die terrein ontleed het nie, is weggelaat. Vrae is in logiese en funksionele volgorde gerangskik. Die konstruksie van die vraelys het vier fases van verandering deurgegaan.

Aangesien die vraelys aan sportklubs 'n onderhoudsvraelys is, en die opsteller self die vrae aan die klubverteenwoordigers stel en self die antwoorde neerskryf,

het die vraelys as geheel net ten doel om 'n vaste basis te wees waardeur al die onderhoude met sportklubs struktureel gerig kan word. Onduidelikhede betreffende vrae gedurende die onderhoud, kan deur die ondersoeker self opgeklaar word. Die onderhoudsmetode bied ook die geleentheid om wyer as die vraelys te werk.

(iii) Toetsing van die onderhoudsvraelys

Voordat die vraelys finaal verwerk is, het die ondersoeker dit nie aan buitestaanders vir beoordeling voorgelê nie, aangesien dit as oorbodig beskou is. Dit is o.a. moeilik om 'n standaardvraelys, wat direk op al die sportklubs toegepas kan word, op te stel. So 'n vraelys sal onnodig lank, intensief en onekonomies wees. Sake wat op die klub betrekking het en wat moontlik nie in die vraelys vervat is nie, mag gedurende die onderhoud na vore kom en aangeteken word.

# HOOFSTUK 9

## KEUSE VAN RESPONDENTE, VERSPREIDING EN AFNEEM VAN DIE VRAELYSTE

### A. Algemene vraelys aan die publiek van Potchefstroom

#### (i) Keuse van respondente

Deur die vraelys het die ondersoeker probeer om 'n verteenwoordigende groep blanke persone bo tien jaar te bereik. Om praktiese redes is dit moeilik om kinders onder tien jaar met 'n vraelys te bereik om sodoende hulle rekreasiepatroon vas te stel. Ouers van kleuters is vir die doel betrek om vrae oor hulle kinders te beantwoord. (Nadat die vraelyste versprei is, is vasgestel dat kinders van tien tot vyftien jaar probleme ondervind om die vraelys te voltooi. Dit het veroorsaak dat 'n groot aantal vraelyste vir kinders onder vyftien jaar nie geskik vir verwerking was nie).

Om die keuse van proefpersone te vergemaklik is nege beroepsgroepe uitgesonder nl. skoliere, studente, sake-, ambagsberoep, weermag, polisie, boere, opvoedkundig, professioneel en huisvrou. Soveel moontlik persone uit elke beroep is met vraelyste genader en daar is gepoog om die beantwoordingsreaksie so hoog moontlik vir elke groep te maak.

Ouderdomsgroepe is in kategorieë van vyf jaar, vanaf tien jaar tot sestig en ouer opgestel. Uit die

totaal van 701 vraelyste wat verwerk is, is die volgende hoeveelhede verteenwoordigend van die beroepe en ouderdomme wat getoets is:

a. beroepe;

| | | | |
|---|---|---|---|
| skoliere | - 56 | weermag/polisie | - 58 |
| studente | - 97 | boere | - 8 |
| sakelui | - 145 | opvoedkundig | - 114 |
| ambagslui | - 62 | professioneel | - 104 |
| | | huisvrou | - 57 |

b. ouderdomme;

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 - 14 jaar | - 8 | r0 - 44 jaar | - 37 |
| 15 - 19 jaar | - 120 | 45 - 49 jaar | - 39 |
| 20 - 24 jaar | - 161 | 50 - 54 jaar | - 25 |
| 25 - 29 jaar | - 143 | 55 - 59 jaar | - 14 |
| 30 - 34 jaar | - 92 | 60 en ouer | - 10 |
| 35 - 39 jaar | - 52 | | |

Die grootste hoeveelheid respondente groepeer tussen die ouderdomme 15 - 29 jaar. 'n Opvolgsteekproef om die hoër ouderdomme meer verteenwoordigend te maak, moes gedoen word, hoewel dit nie baie suksesvol was nie. Veral persone bokant veertig jaar was nie juis veel bereid om vraelyste te voltooi nie. 'n Algemene klag was dat hulle òf te oud is, òf nie tyd het nie.

(ii) Verspreiding en terughaling van die vraelyste

Verskillende metodes van verspreiding is gebruik. Na elkeen word kortliks verwys.

(a) Persoonlike aflewering. Hier het die ondersoeker elke respondent persoonlik opgesoek, 'n vraelys aan hom oorhandig, kortliks die doel van die vraelys geskets en hom/haar gevra om dit te voltooi sodat die ondersoeker dit twee dae later weer kon kom haal.

(b) Hulpverspreiders. 'n Groep Liggaamlike Opvoedkunddestudente is genader en gevra om hulle bereid sal wees om te help met die verspreiding van die vraelyste. Aan die studente is verduidelik wat van hulle verwag word en hoe daar teenoor die respondent opgetree moet word. Die persone wat bereid was het vraelyste ontvang wat hulle versprei en weer terugontvang het.

By groot besighede is die bestuurders of personeelbeamptes genader en aan hulle is gevra om die vraelyste onder die werkers te versprei en toe te sien dat dit voltooi word. Na 'n vasgestelde tyd is die vraelyste weer gaan haal. By die S.A.W. was die rekreasie offisier die hulpverspreider. By skole was liggaamlike opvoedkunde-onderwysers behulpsaam en by die Onderwyskollege 'n dosent in liggaamlike opvoedkunde.

(c) Posvraelyste. Volgens die vereistes van posvraelyste is honderd vraelyste aan respondente gepos. Die metode was 'n mislukking, aangesien daar slegs 'n 3% reaksie was, toevallig net van Engelssprekendes.

Die metode van persoonlike aflewering deur die ondersoeker en hulpverspreiders het die beste resultate gelewer. Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die hulpverspreiders (studente) 'n kleiner verlies aan

vraelyste as die ondersoeker self gehad het, hoofsaaklik omdat eg. vraelyste gedurende die aand uitgedeel het en dit nie langer as een uur later weer gaan opeis het nie. Die tyd wat verloop vandat vraelyste uitgedeel en weer opgeëis word, speel dus 'n belangrike rol in die persentasie terugontvangs.

Nadat die vraelyste terugontvang is, is die gegewens op ponskaarte gepons en is die resultate d.m.v. 'n outomatiese rekenaar verwerk.

B. Onderhoudsvraelyste aan sportklubs

(i) Keuse van respondente vir onderhoude

Vir die doel van die vraelys was dit noodsaaklik om met openbare sportklubs in Potchefstroom onderhoude te voer. Die sportklubs van die Universiteit, Onderwyskollege, Landboukollege, Weermag en skole is buite rekening gelaat aangesien die onderskeie inrigtings entiteite op sigself is, geslote klubs bevat en self vir die voorsiening en instandhouding van hulle sportfasiliteite verantwoordelik is. Die Potchefstroom Buiteklub is ook nie genader nie, aangesien dit as selfvoorsienende privaatontwikkeling beskou word. Bogenoemde instansies wat nie met vraelyste genader is nie, se sportfasiliteite is in breë trekke nagegaan en daar is gevind dat die sportterreine intensief benut word en dat klubs goed vorder. Groot uitbreidings vir sportfasiliteite word o.a. deur die P.U. vir C.H.O., Hoërskool Gimnasium en die Weermag vir die onmiddellike toekoms beplan.

Die volgende sportklubs is genader:
(i) Park Tennisklub, (ii) Mooirivier Tennisklub, (iii) Potchefstroom-Wes Tennisklub, (iv) Potchefstroom-Suid Tennisklub, (v) Dameshokkieklub, (vi) Potchefstroomdorp Rugbyklub, (vii) Potchefstroom Karateklub, (viii) Potchefstroom Seunsboksklub, (ix) Potchefstroom Amateur Fietsryklub, (x) Potchefstroom Amateur Atletiekklub en die Wes-Transvaalse Amateur Ateltiekunie, (xi) Potchefstroomdorp Krieketklub, (xii) Potchefstroom Pluimbalklub.

(ii) Afneem van die onderhoudsvraelys

Nadat inligting ingewin is oor wie op die verskillende sportliggame dien, is onderhoude met klubverteenwoordigers gereël. Die doel van die vraelys is dan kortliks verduidelik. Daar is so ver moontlik gepoog om telkens beide die voorsitter/-ster en die sekretaris/-esse by die onderhoud te betrek.

Die onderhoude het in die aand by die huise van die verteenwoordigers plaasgevind. Met die aanvang van die onderhoud, is daar aan elke persoon 'n vraelys oorhandig. Die doel van die vraelys is dan weereens verduidelik. Daar is genoem dat alle inligting aangaande finansies konfidensieel is en dat dit alleenlik vir die ondersoeker noodsaaklik is om sekere gevolgtrekkinge te maak.

Nadat die klubverteenwoordigers verstaan het wat met die vraelys beoog word, en daar geen verdere vrae

meer was nie, is met die onderhoud begin. Die ondersoeker het elke vraag voorgelees en die respondente kon die vrae met behulp van die vraelys wat aan hulle oorhandig is, volg. Dit het ook aan die respondente die geleentheid gebied om reeds die volgende vrae deur te gaan en om hulle daarop voor te berei. Antwoorde van die respondente is neergeskryf en vir kontrole is dit weer teruggelees. Die hele vraelys is op dié wyse deurgegaan. Indien aspekte van belang opgeduik het, wat nie in die vraelys vervat is nie, is dit opgeteken en is dit verder ontleed. Nadat die hele vraelys op dié wyse deurgegaan is, is dit vlugtig hersien om seker te maak of alle vrae beantwoord is. Onderhoude het van 'n uur tot twee uur geduur.

Besoeke aan die fasiliteite van sportklubs is gedoen en die inligting van sportklubs verkry, is sodoende getoets.

# H O O F S T U K 10

## RESULTATE

### I. Resultate van gegewens wat deur die algemene vraelys aan die publiek in Potchefstroom verkry is

Voordat die gegewens bespreek word is dit van belang om 'n paar aspekte toe te lig.

Uit 'n totaal van 778 voltooide vraelyste wat van respondente terugontvang is, kon daar slegs 701 deur die rekenoutomaat verwerk word. Die wat weggelaat is, is as onbetroubaar beskou aangesien gegewens onvolledig of nie korrek verstrek was nie. Respondente vanaf 10 jaar en ouer is genader.

Die steekproef van 701 respondente sluit 419 manlikes en 282 vroulikes in. Daar is bevind dat manlike respondente meer as vroulike respondente tot samewerking bereid was. Verder is ondervind dat respondente bo 40 jaar nie veel vir samewerking te vinde was nie. Om die rede lê die swaartepunt in die resultate tussen die ouderdomme 15 - 35 jaar.

A. Rekreasiedeelname en sportbesoek

Tabel 1

Die rekreasiepatroon, volgens orde van gewildheid, van blankes gedurende die somer

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n = 419 | n = 282 | n = 701 |
| 1. Swem | 52.5 | 62.8 | 56.6 |
| 2. Sport (georganiseerd) | 64.2 | 42.2 | 55.3 |
| 3. Kampeer | 41.8 | 46.5 | 43.7 |
| 4. Motorplesierritte | 33.9 | 41.8 | 37.1 |
| 5. Wandel | 25.5 | 41.5 | 32.0 |
| 6. Piekniek | 17.4 | 33.3 | 23.8 |
| 6. Fietsry vir plesier | 17.2 | 28.0 | 21.5 |
| 8. Nie-georganiseerde spele | 23.3 | 15.2 | 20.0 |
| 9. Parkbesoek | 15.8 | 25.2 | 19.5 |
| 10. Bootsport | 18.6 | 16.7 | 17.8 |
| 11. Natuuruitstappies | 13.6 | 22.0 | 17.0 |
| 12. Hengel | 20.5 | 5.7 | 14.6 |
| 13. Besigtiging van besienswaardighede | 12.4 | 13.1 | 12.7 |
| 14. Bergklim | 11.9 | 12.4 | 12.1 |
| 15. Perdesport | 12.6 | 9.9 | 11.6 |

Tabel 1 (vervolg)

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n = 419 | n = 282 | n = 701 |
| 16. Waterski | 11.9 | 8.9 | 10.7 |
| 17. Motorsport | 14.6 | 2.1 | 9.6 |
| 18. Ysskaats | 7.9 | 11.3 | 9.3 |
| 19. Perdry vir plesier | 8.8 | 6.7 | 8.0 |
| 20. Jag | 11.9 | 0.4 | 7.3 |
| 21. Rolskaats | 5.5 | 7.1 | 6.1 |
| 22. Voëlwaarneming | 5.7 | 5.7 | 5.7 |

Waar dit gaan om deelname aan someraktiwiteite, blyk dit uit die steekproef van 701 respondente dat <u>rekreatiewe swem</u> die gewildste rekreasie-aktiwiteit is. Dit word gevolg deur <u>georganiseerde sport</u>. Dit is insiggewend dat deelname aan sportaktiwiteite so hoog op die voorkeurlys is. Hierdie bevinding word gerugsteun deur die resultate van die 1968 ondersoek deur die Sosiologide Departement van die P.U. vir C.H.O.[1] Daar is bevind dat 82% van die respondente een of ander sport beoefen.[2]

1. 'n Departementele ondersoek na die vryetydsbehoeftes van die werkende jeug van Potchefstroom. Departement Sosiologie P.U. vir C.H.O. 1968. p.17.

2. Aktiwiteite soos snoeker, kaartspeel en slotmasjiene is ook onder sport gereken. Dit word egter as geestelike rekreasie onderskei.

Georganiseerde sport is die gewildste aktiwiteit vir die manlike groep: 64.2% neem daaraan deel terwyl slegs 42.2% vroulikes daaraan deelneem. Swem is egter die gewildste someraktiwiteit vir dames: 62.8% vroulikes teenoor 52.5% manlikes.

Tabel 2

Ontleding van deelname aan georganiseerde sport gedurende die somer

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| 1. Tennis | 29.6 | 25.9 | 28.1 |
| 2. Swem | 22.0 | 18.1 | 20.4 |
| 3. Atletiek en landloop | 16.7 | 10.6 | 14.3 |
| 4. Krieket | 15.5 | 00.0 | 9.3 |
| 5. Tafeltennis | 7.9 | 9.6 | 8.3 |
| 6. Pluimbal | 6.7 | 8.2 | 7.3 |
| 7. Gimnastiek | 3.1 | 4.6 | 3.7 |
| 8. Gholf | 4.3 | 0.7 | 2.9 |
| 9. Ringtennis | 1.4 | 3.5 | 2.3 |
| 10. Rolbal | 2.1 | 2.5 | 2.3 |
| 11. Muurbal | 2.4 | 1.1 | 1.9 |
| 12. Ysskaats | 1.4 | 1.1 | 1.3 |

Tennis is die gewildste somersport. Dit word gevolg deur swem, atletiek en krieket.

Die hoë persentasie deelname aan georganiseerde tennis is waarskynlik te danke aan die groot aantal en goeie tennisbane wat in Potchefstroom bestaan. Beide mans (29.6%) en dames (25.9%) gee voorkeur aan tennis bo enige ander sportsoort in die somer.

Die hoë persentasie deelname aan georganiseerde swem is nie realisties nie. Swemklubs in Potchefstroom voer 'n sukkelbestaan. Die swemklub van Potchefstroomdorp oefen in Klerksdorp. Getoets aan die praktyk kan die hoë deelname aan georganiseerde swem verklaar word deur die moontlikheid dat persone die vraag verkeerdelik geïnterpreteer het en dat swem wat slegs vir genot beoefen word, ook as georganiseerd beskou is.

Tennis, swem, atletiek en krieket kan as die gewildste somersporte vir mans beskou word, terwyl tennis, swem, atletiek, tafeltennis en pluimbal die gewildste somersport vir dames is.

Tabel 3

Die rekreasiepatroon, volgens orde van gewildheid, van Blankes gedurende die winter

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419) | (n=282) | (n=701) |
| 1. Sport (georganiseerd) | 58.0 | 38.7 | 50.2 |
| 2. Motorplesierritte | 34.8 | 50.4 | 41.1 |

Tabel 3 (vervolg)

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | (n=419) | (n=282) | (n=701) |
| 3. Wandel | 18.1 | 35.1 | 25.0 |
| 4. Nie-georganiseerde spele | 23.4 | 25.9 | 24.4 |
| 5. Natuuruitstappies | 17.9 | 26.6 | 21.4 |
| 6. Besigtiging van besienswaardighede | 16.9 | 19.5 | 18.0 |
| 7. Fietsry vir die plesier | 11.7 | 22.7 | 16.1 |
| 8. Piekniek | 11.5 | 22.3 | 15.8 |
| 9. Bergklim | 11.5 | 19.1 | 14.6 |
| 10. Motorsport | 16.2 | 7.4 | 12.7 |
| 11. Jag | 19.1 | 1.4 | 12.0 |
| 12. Parkbesoek | 10.0 | 14.9 | 12.0 |
| 13. Hengel | 15.8 | 4.6 | 11.3 |
| 14. Perdry vir Plesier | 9.8 | 11.7 | 10.6 |
| 15. Perdesport | 8.8 | 7.4 | 8.3 |
| 16. Voëlwaarneming | 5.7 | 6.4 | 6.0 |
| 17. Bootsport | 5.3 | 6.0 | 5.6 |
| 18. Ysskaats | 4.5 | 2.8 | 3.9 |
| 19. Rolskaats | 3.8 | 3.2 | 3.6 |
| 20. Swem | 2.4 | 3.2 | 2.7 |
| 21. Waterski | 1.9 | 0.4 | 1.3 |

Dit blyk dat georganiseerde sport die gewildste aktiwiteit gedurende die winter is. Daar bestaan egter 'n afname van 5.3% in die persentasie deelname in vergelyking met die somerdeelname.

Motorplesierritte (41.1%) word tweede geplaas in vergelyking met vierde plek (37.1%) gedurende die somer.

Alhoewel wandel vir plesier (25.0%) derde plek in die rangorde inneem, bestaan daar 'n 7% afname in deelname in vergelyking met somerdeelname. 'n Relatief groter persentasie dames as mans neem aan wandel deel.

Naas wandel neem nie-georganiseerde spele (24.4%) vierde plek in: 'n 4% styging in deelname gedurende die winter kom voor.

In vergelyking met somerdeelname bestaan by winterdeelname 'n groot skommeling betreffende voorkeurdeelname aan aktiwiteite. Met enkele uitsonderings bestaan daar afnames in die persentasie deelname aan die verskillende aktiwiteite. Die invloed van temperatuur gedurende die winter, kan duidelik gesien word by aktiwiteite soos swem: 56.6% gedurende die somer en 2.7% gedurende die winter; piekniek: 23.8% gedurende die somer en 15.8% gedurende die winter; parkbesoek: 19.5% gedurende die somer en 12.0% gedurende die winter.

Deelname aan natuuruitstappe is hoër gedurende die winter as in die somer en kan moontlik in verband gebring word met die verhoogde deelname aan motorplesierritte. Dieselfde geld ook vir besigtiging van besienswaardighede.

Tabel 4

Ontleding van deelname aan georganiseerde sport gedurende die winter

| Aktiwiteite | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| 1. Tennis | 23.6 | 22.7 | 23.3 |
| 2. Rugby | 28.6 | 00.0 | 17.4 |
| 3. Hokkie | 2.1 | 9.9 | 5.3 |
| 4. Pluimbal | 4.8 | 5.0 | 4.9 |
| 5. Gimnastiek | 3.8 | 3.5 | 3.7 |
| 6. Atletiek en landloop | 3.3 | 3.5 | 3.4 |
| 7. Gholf | 4.3 | 0.7 | 2.9 |
| 8. Netbal | 00.0 | 6.4 | 2.6 |
| 9. Korfbal | 00.0 | 5.7 | 2.3 |
| 10. Ringtennis | 1.4 | 3.5 | 2.3 |
| 11. Sokker | 3.8 | 00.0 | 2.3 |
| 12. Muurbal | 3.1 | 0.7 | 2.1 |
| 13. Ysskaats | 0.9 | 0.4 | 0.7 |

Tennis is weereens die gewildste aktwiteit. In die winter bestaan daar egter 'n 5% afname in deelname.

Rugby is, volgens deelname, uit die totale steekproef skynbaar die tweede gewildste winteraktiwiteit. Aangesien rugby 'n manssport is met 28.6% deelname in vergelyking met 23.6% by tennis, behoort rugby as die gewildste sport gereken te word.

Tabel 5

Belangrikste sport- en rekreasie-aktiwiteite waaraan persone graag wil deelneem, maar waarvoor in Potchefstroom nie voorsien is nie

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| 1. Ysskaats | 11.9 | 17.1 | 14.5 |
| 2. Muurbal | 5.5 | 3.5 | 4.7 |
| 3. Perdry | 1.7 | 6.0 | 3.4 |
| 4. Keëlbal | 2.9 | 1.1 | 2.1 |
| 5. Rolskaats | 1.9 | 2.5 | 2.1 |
| 6. Boogskiet | 2.4 | 0.7 | 1.7 |
| 7. Skerm | 1.9 | 0.4 | 1.3 |
| 8. Waterski | 0.7 | 1.4 | 1.0 |
| 9. Tafeltennis | 0.7 | 1.1 | 0.9 |
| 10. Bofbal | 0.7 | 0.4 | 0.6 |
| 11. Bootsport | 0.2 | 1.1 | 0.6 |
| 12 Fotografie | 0.5 | 0.7 | 0.6 |
| 13 Ringtennis | 0.2 | 1.1 | 0.6 |

Ysskaats is die grootste in aanvraag. Dit word gevolg deur muurbal. Daar bestaan bykans 'n 10% verskil tussen ysskaats en muurbal.

Oor die algemeen is die persentasie aanvraag vir die verskillende aktiwiteite egter laag.

Die voorsiening van fasiliteite vir ysskaats is baie duur en 'n groot gemeenskap is 'n vereiste om ysskaats 'n ekonomiese belegging te maak. Wat muurbal betref, is die voorsiening van fasiliteite goedkoper. Veral mense met min vryetyd kan baat by die beoefening van muurbal, aangesien dit 'n sportsoort is wat min tyd verg, maar tog aan die beoefenaar 'n goeie stimulus bied in die uitbou van fisieke fiksheid.

Tabel 6

Die verband tussen geslag en die beoefening van sport- en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom

| | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Beoefen sport en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom* | 13.4 | 9.6 | 11.8 |
| Beoefen nie sport- en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom nie | 83.3 | 88.7 | 85.4 |

Slegs 11.8% van die respondente beoefen sport- en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom. Uit die totale aantal manlike en vroulike respondente neem 13.4% manlikes en vroulikes aan sport en rekreasie buite

* Manlikes: n=56; vroulikes: n=27. Totale = 83 respondente wat aktiwiteite buite Potchefstroom beoefen.

Potchefstroom deel. 'n Aansienlike persentasie (85.4%) neem aan geen rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom deel nie. Hiervan vorm manlikes 83.3% en vroulikes 88.7%. (In die volgende tabel word die redes verskaf waarom sport- en rekreasie-aktiwiteite elders beoefen word).

Tabel 7

Redes waarom sport- en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom beoefen word

| Redes | % respondente |
|---|---|
| Word nie hier aangebied nie | 9.0 |
| Fasiliteite is nie geskik nie | 3.8 |
| Gebrek aan behoorlike afrigting | 1.9 |
| Swak administrasie | 0.4 |
| Groepsgees nie na wense | 1.0 |
| Taalgrense | 0.0 |
| Gebrek aan ondernemingsgees in klub | 0.4 |

Die grootste persentasie respondente beweer dat die aktiwiteite wat hulle beoefen nie in Potchefstroom aangebied word nie. Uit tabelle 8-10 blyk dat o.a. die volgende aktiwiteite nie in Porchefstroom aangebied word nie, maar wat tog elders beoefen word: waterpolo (0.7%), swem (0.6%), manshokkie (0.7%) sagtebal (0.1%), ysskaats (3.7%), muurbal (2.6%) en keëlbal (1.3%). Dit is realisties om te beweer dat indien die besondere fasiliteite voorsien word, daarvan gebruik gemaak sal word.

'n Persentasie van 3.8 van die respondente beweer dat die fasiliteite vir die beoefening van sekere sportaktiwiteite in Potchefstroom nie geskik is nie. Uit tabelle 8-10 blyk o.a. dat die volgende sportfasiliteite wel voorsien word, maar tog verkies die persone om die aktiwiteite buite Potchefstroom te beoefen: krieket (0.3%), rugby (0.3%), motorsport (2.3%), fietsry (1.1%), pluimbal (0.9%), en rolbal (0.3%). Swak administrasie (0.4%) en gebrek aan ondernemingsgees in klubs (0.4%) kan moontlik hiermee in verband gebring word.

Beter afrigting by sportklubs buite Potchefstroom trek sportmanne uit Potchefstroom. Dit beteken 'n verlies van sportpotensiaal vir Potchefstroom.

Tabel 8

Belangrike sport- en rekreasie-aktiwiteite wat gedurende die somer buite Potchefstroom beoefen word.

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Kampeer | 1.4 | 0.0 | 0.9 |
| Waterski | 0.9 | 0.8 | 0.9 |
| Bootsport | 0.9 | 0.4 | 0.7 |
| Waterpolo | 1.2 | 0.0 | 0.7 |
| Swem | 0.7 | 0.4 | 0.6 |
| Hengel | 0.6 | 0.0 | 0.4 |
| Krieket | 0.5 | 0.0 | 0.3 |

Kampeer (0.9%) en waterski (0.9%) is die hoofaktiwiteite wat gedurende die somer buite Potchefstroom beoefen word.

Interessant is dat geen vroulike respondente graag buite Potchefstroom kampeer of hengel nie.

Die persentasie aktiwiteitsbeoefening buite Potchefstroom gedurende die somer is egter laag en onbeduidend.

Tabel 9

Belangrikste sport- en rekreasie-aktiwiteite wat gedurende die winter buite Potchefstroom beoefen word

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Jag | 2.7 | 1.2 | 2.0 |
| Hokkie | 1.2 | 0.0 | 0.7 |
| Rugby | 0.4 | 0.0 | 0.3 |
| Sagtebal | 0.0 | 0.4 | 0.1 |

Jag is die gewildste aktiwiteit wat gedurende die winter buite Potchefstroom beoefen word. Dit is logies aangesien die jaggeleenthede in die omgewing van Potchefstroom baie swak is.

Alleen mans beoefen hokkie buite Potchefstroom. Vir die dorp Potchefstroom bestaan daar tans geen manshokkieklub nie en dit is die rede waarom mans hokkie buite Potchefstroom beoefen.

Tabel 10

Belangrikste sport- en rekreasie-aktiwiteite wat deur die jaar buite Potchefstroom beoefen word

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Ysskaats | 4.1 | 3.3 | 3.7 |
| Muurbal | 3.7 | 1.2 | 2.6 |
| Motorsport | 2.4 | 2.1 | 2.3 |
| Keëlbal | 1.5 | 1.2 | 2.6 |
| Fietsry | 2.0 | 0.0 | 1.1 |
| Rolskaats | 1.2 | 1.1 | 0.9 |
| Boks | 1.5 | 0.0 | 0.9 |
| Perdry | 0.6 | 1.1 | 0.9 |
| Pluimbal | 0.0 | 2.2 | 0.9 |
| Ringtennis | 0.6 | 1.2 | 0.9 |
| Tennis | 1.5 | 0.0 | 0.9 |
| Boogskiet | 0.5 | 0.0 | 0.3 |
| Gimnastiek | 0.4 | 0.0 | 0.3 |
| Natuuruitstappies | 0.2 | 0.4 | 0.3 |
| Rolbal | 0.0 | 0.8 | 0.3 |
| Tafeltennis | 0.0 | 0.8 | 0.3 |
| Gholf | 0.2 | 0.0 | 0.1 |
| Skyfskiet | 0.2 | 0.0 | 0.1 |

Ysskaats (3.7%) is prioriteit een, gevolg deur muurbal (2.6%), motorsport (2.3%) en keëlbal (1.3%).

Ysskaats en muurbal bly aktiwiteite wat in aanvraag is en wat telkens die hoogste persentasies in volgorde van voorkeur lewer. Dit is dus aktiwiteite wat persone graag voorsien wil hê.

Tabel 11

Bywoning van georganiseerde sportbyeenkomste

| | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Nee | 21.0 | 27.7 | 23.7 |
| Ja | 76.8 | 71.6 | 74.8 |

Dit blyk dat 74.8% van die totale aantal respondente georganiseerde sportbyeenkomste bywoon. Daar bestaan 'n geringe verskil in persentasie tussen bywoning deur manlike en vroulike respondente.

Uit die hoë bywoningsyfer kan met reg die afleiding gemaak word, dat die publiek van Potchefstroom sportbewus is, veral t.o.v. die bywoning van rugby, atletiek en tennis... 'n feit wat uit latere tabelle blyk.

Tabel 12

Belangrikste sportbyeenkomste wat gedurende die somer bygewoon word

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Atletiek | 50.1 | 51.7 | 50.9 |
| Krieket | 25.8 | 7.5m | 18.4 |
| * | | | |

Atletiek is by uitstek die gewildste toeskouersport gedurende die somer. Daar bestaan slegs 'n geringe persentasieverskil van 1.6% tussen manlike en vroulike respondente wat atletiek bywoon.

Daar bestaan 'n groot persentasie verskil tussen bywoning van atletiek en krieket. Lg. is 'n sportsoort wat ook meer deur mans bygewoon word.

Tabel 13

Belangrike sportbyeenkomste wat gedurende die winter bygewoon word

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Rugby | 71.8 | 61.3 | 67.7 |
| Hokkie | 5.7 | 13.8 | 9.0 |
| Sokker | 8.3 | 3.3 | 6.3 |
| Netbal | 0.0 | 10.0 | 4.0 |
| Korfbal | 0.2 | 4.7 | 2.0 |

* Bywoning van alle ander somersportsoorte is minder as 1% en is nie-beduidend.

Rugby is die gewildste toeskouersport gedurende die winter. Manlikes (71.8%) woon dit eerder by as voulikes (61.3%).

Die lae persentasie bywoning van sokker (6.3%) is moontlik te wyte aan die feit dat dit tot onlangs toe nog veral op die platteland, 'n sukkelbestaan in Suid-Afrika gevoer het; dat fasiliteite vir sokker in Potchefstroom eers onlangs geskep is en dat die publiek nog nie sokkerbewus geraak het nie. Sokker is 'n sportsoort wat in kosmopolitiese gemeenskappe, soos aan die Rand, groter aanhang as rugby het. In gemeenskappe waar die Afrikaanse element deurslaggewend is, het sokker nog 'n groot veld om te wen.

Tabel 14

Belangrikste sportbyeenkomste wat deur die jaar bygewoon word

| Aktiwiteit | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Tennis | 36.0 | 40.0 | 37.7 |
| Pluimbal | 1.4 | 7.4 | 3.9 |
| Boks | 3.7 | 0.8 | 2.4 |
| Stoei | 2.9 | 1.8 | 2.4 |
| Tafeltennis | 1.9 | 3.2 | 2.4 |
| Gholf | 2.4 | 1.4 | 2.0 |
| Rolbal | 1.2 | 2.9 | 1.9 |
| Karate | 1.2 | 1.1 | 1.1 |
| Fietsry | 0.6 | 1.5 | 1.0 |
| Jukskei | 1.0 | 0.8 | 0.9 |
| Judo | 0.7 | 0.7 | 0.7 |

Tennis is die sportsoort wat die meeste kere gedurende die jaar bygewoon word. Daar bestaan 'n groot persentasieverskil t.o.v. die daaropvolgende sportsoorte.

As die persentasie bywoning van sportbyeenkomste vir somer, winter en deur die jaar met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat in rangorde die volgende drie sportsoorte die gewildste is:

(i) rugby: 67.7%:

(ii) atletiek: 50.9%:

(iii) tennis: 37.7%:

Tabel 15

Verband tussen geslag en belangstelling in 'n rekreasiesentrum

| | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Ja | 82.1 | 81.3 | 82.2 |
| Nee | 17.2 | 17.0 | 17.1 |

Dit blyk dat 82.2% van die respondente van 'n rekreasiesentrum gebruik sal maak indien dit voorsien word.

Hoewel die persentasie idealisties mag voorkom, toon dit 'n behoefte wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie. Dit is ook duidelik dat eweveel manlikes as vroulikes in 'n rekreasiesentrum belangstel. Vir die respondente wat nie daarin belangstel nie, is dit ook die

geval.

B. Parke en parkbesoek

Tabel 16

Parke binne bereik van drie blokke vanaf woning*

| | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Nee | 56.6 | 34.3 | 51.2 |
| Ja | 42.5 | 55.3 | 47.6 |

Uit die steekproef wat gemaak is, blyk dat 47.6% van die respondente binne 'n afstand van drie blokke vanaf 'n park woon. 'n Groter persentasie woon egter verder as drie blokke vanaf 'n park. Soos uit latere tabelle blyk, speel afstand 'n rol by parkbesoek.

Tabel 17

Besoeke aan parke van Potchefstroom

| Besoek | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Gereeld 10 keer/ jaar | 16.2 | 13.8 | 15.3 |

* Drie blokke is geneem aangesien dit as 'n redelike loopafstand beskou word. Die huidige ligging van parke in Potchefstroom is ongeveer op 'n basis van drie blokke en nader van mekaar geleë, behalwe in die middedorp.

Tabel 17 (vervolg)

| Besoek | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Dikwels 5-9 keer/ jaar | 19.8 | 17.7 | 19.0 |
| Soms 1-4 keer/jaar | 43.4 | 48.9 | 45.6 |
| Nooit | 20.0 | 18.1 | 19.3 |

Dit blyk dat die grootste persentasie persone (45.6%) parke 1-4 keer per jaar besoek. Dit word gevolg deur 19.3% respondente wat nooit parke besoek nie. Die persentasie is betreurenswaardig.

Van die respondente besoek 19.0%parke 5-9 keer per jaar. Die kleinste persentasie persone (15.3%), besoek parke tien keer en meer per jaar. Slegs 34.3% van die respondente besoek dus parke vyf keer en meer per jaar.

Die persentasie persone wat parke, ongeag die aantal kere, besoek, is 80%. Op sigself is dit 'n hoë persentasie, maar die intensiteit van parkbesoek is laag.

Dit skyn dus of daar nie 'n baie groot behoefte bestaan om parke te besoek nie. Redes vir die verskynsel word in die volgende tabelle belig.

Tabel 18

Redes wat aangevoer word waarom parke een tot vier keer per jaar besoek word

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Parke te ver van woning | 25.8 | 24.6 | 25.3 |
| Geriewe onvoldoende | 16.5 | 15.2 | 15.9 |
| Geen behoefte om parke te besoek nie | 20.9 | 15.9 | 18.8 |
| Het nie tyd nie | 43.4 | 48.6 | 45.6 |
| Dit is te onaantreklik | 17.6 | 13.8 | 15.9 |
| Dit is tydmors om parke te besoek | 4.4 | 0.7 | 2.8 |

Die meeste respondente (45.6%) beweer dat hulle nie tyd het om parke te besoek nie. Die argument gaan egter nie op nie. Uit die steekproef, om vryetyd te bepaal, blyk dat 18.3% respondente oor vyf uur vryetyd per dag beskik; 16.5% beskik oor vier uur vryetyd; 15.0% beskik oor ses uur; 11.0% beskik oor drie uur en 7.1% beskik oor sewe uur vrye tyd per dag.* Mense beskik dus wel oor genoeg tyd om parke te besoek.

Dit blyk dat 25.3% respondente parke min kere besoek omdat dit te ver van die woning geleë is. Uit 'n vorige tabel het dit geblyk dat 'n nog groter persentasie persone verder as drie blokke van 'n park af woon.

* Vergelyk die vraelys, vraag 5, vir die wyse van vrye tydsberekening.

Van die respondente het 18.8% geen behoefte om parke te besoek nie.

Beteknisvolle persentasies van 15.9% en 15.9% word aangegee vir redes dat geriewe in parke onvoldoende is, en dat parke onaantreklik is.

Die minderheid respondente beweer dat dit tydmors is om parke te besoek.

Tabel 19

Redes waarom parke nooit besoek word nie

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Parke te ver van woning | 16.7 | 17.6 | 17.0 |
| Geriewe onvoldoende | 6.0 | 11.8 | 8.1 |
| Geen behoefte om parke te besoek nie | 50.0 | 39.2 | 45.9 |
| Het nie tyd nie | 36.9 | 35.3 | 36.3 |
| Dit is te onaantreklik | 15.5 | 27.5 | 20.0 |
| Dit is tydmors om Parke te besoek | 9.5 | 5.9 | 8.1 |

Die grootste persentasie respondente (45.9%) beweer dat hulle geen behoefte het om parke te besoek nie. Redes hiervoor kan nie bepaal word nie.

Tabel 20 en 21

Die verband tussen parkbesoek en afstand van parke vanaf woonings

Tabel 20

Besoek aan parke wat verder as drie blokke van wonings geleë is

| Besoek | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Gereeld 10 keer+/ jaar | 12.7 | 9.0 | 11.4 |
| Dikwels 5-9 keer +/jaar | 19.0 | 15.6 | 17.8 |
| Soms 1-4 keer/ jaar | 45.1 | 50.8 | 47.1 |
| Nooit | 23.2 | 24.6 | 23.7 |

Tabel 21

Besoek aan parke wat nader as drie blokke van wonings geleë is

| Besoek | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Gereeld 10 keer/ jaar | 20.2 | 17.9 | 19.2 |
| Dikwels 5-9 keer/ jaar | 21.3 | 29.9 | 20.7 |
| Soms 1-4 keer/ jaar | 41.6 | 48.1 | 44.6 |
| Nooit | 16.3 | 13.5 | 15.0 |

Uit die twee tabelle is dit duidelik dat daar 'n besliste verband bestaan tussen afstand van parke vanaf wonings en parkbesoek.

Van die respondente wat nader as drie blokke vanaf 'n park woon besoek 19.2% dit meer as tien keer per jaar teenoor 11.4% besoek van respondente wat verder as drie blokke van parke af woon. Dieselfde geld ook vir besoeke wat vyf tot nege keer per jaar voorkom.

'n Kleiner persentasie persone (44.6%), wat nader as drie blokke van 'n park af woon, besoek egter een tot vier keer per jaar 'n park, teenoor 47.1% parkbesoek deur persone wat verder as drie blokke van 'n park af woon.

Waar 23.7% persone, wat verder as drie blokke van 'n park af woon, nooit parke besoek nie, besoek slegs 15% persone, wat nader as drie blokke van 'n park af woon, nooit parke nie.

Hoe nader persone dus aan parke woon, hoe intensiewer is die parkbesoek.

Tabel 22

Parkbesoek deur kinders onder 18 jaar*

| Besoek | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Gereeld (weekliks) | 13.5 | 13.3 | 10.8 | 15.2 |
| Dikwels (maandeliks) | 18.2 | 26.5 | 12.3 | 20.7 |

* Die vraag is deur ouers oor hulle kinders beantwoord. Vergelyk vraag 22 in die algemene vraelys.

Tabel 22 (vervolg)

| Besoek | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Soms (kwartaalliks | 25.7 | 29.6 | 26.2 | 28.1 |
| Selde (jaarliks) | 16.9 | 15.3 | 23.1 | 19.8 |
| Nooit | 25.7 | 15.3 | 27.7 | 23.5 |

Die grootste persentasie kinders (28.1%) besoek parke kwartaalliks. Dit word gevolg deur 23.5% kinders wat nooit parke besoek nie. Van lg. persentasie toon kleuters en hoërskoolleerlinge die hoogste persentasies (25.7%)en (27.7%) respektiewelik.

In die geheel gesien besoek laerskoolkinders parke die meeste, gevolg deur kleuters en dan hoërskoolleerlinge.

Tabel 23

Redes waarom kinders parke selde (jaarliks) besoek

| Redes | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Speelgeriewe is onvoldoende | 13.2 | 6.3 | 0.0 | 15.9 |
| Te ver geleë | 31.6 | 31.3 | 10.3 | 38.6 |
| Ouers verkies dit nie | 7.9 | 12.5 | 10.3 | 15.9 |
| Onveilig | 7.9 | 6.3 | 6.9 | 9.1 |
| Speel liewers by maats | 15.8 | 18.8 | 17.2 | 25.0 |
| Speel liewer by die huis | 15.8 | 15.6 | 17.2 | 29.5 |

Tabel 23 (vervolg)

| Redes | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Het nie tyd nie | 2.6 | 6.3 | 34.5 | 27.3 |
| Dit is te onaantreklik | 5.3 | 3.1 | 3.4 | 4.5 |

Die meeste respondente beweer dat hulle kinders parke selde besoek omdat dit te ver geleë is. Kleuters (31.6%) toon die hoogste persentasie. 'n Verdere 29.5% beweer dat hulle kinders liewer by die huis speel. Kleuters vorm weereens die hoogste persentasie. Dit skyn of hoërskoolleerlinge (34.5%) nie tyd het om parke te besoek nie. Persentasies van 15.9% en 15.9% word aangegee omrede speelgeriewe in parke onvoldoende is en dat ouers verkies dat hulle kinders nie in parke speel nie. Waar onvoldoende speelgeriewe aangegee word, blyk dit dat, vir kleuters veral, die speelgeriewe onvoldoende is.

Tabel 24

Redes waarom kinders nooit parke besoek nie

| Redes | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Speelgeriewe is onvoldoende | 7.4 | 3.6 | 3.8 | 5.7 |
| Te ver geleë | 18.5 | 10.7 | 11.5 | 11.3 |

Tabel 24 (vervolg)

| Redes | % Kleuters | % Laerskool | % Hoërskool | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Ouers verkies dit nie | 22.2 | 14.3 | 11.5 | 13.2 |
| Onveilig | 3.7 | 3.6 | 3.8 | 3.8 |
| Speel liewer by maats | 7.4 | 17.9 | 7.7 | 13.2 |
| Speel liewers by die huis | 25.9 | 32.1 | 19.2 | 22.6 |
| Het nie tyd nie | 3.7 | 7.1 | 34.6 | 18.9 |
| Dit is te onaantreklik | 11.1 | 10.7 | 7.7 | 7.5 |

Uit die gegewens blyk dat 22.6% van die respondente se kinders liewers tuis speel as om in parke te speel. Hoërskoolleerlinge (34.6%) het nie tyd om parke te besoek nie. Die persentasie wat vir kleuters aangegee word, kan verklaar word deur die moontlikheid dat ouers nie tyd het om hulle kinders na parke te neem nie.

Speelgeriewe is vir kleuters onvoldoende en parke is vir hulle te ver geleë. Vir al drie groepe kinders word parke nie juis as onveilig beskou nie, maar tog verkies ouers dat hulle kinders nie in parke speel nie.

Die feit dat parke vir kinders te onaantreklik is, kan moontlik met onvoldoende speelgeriewe in verband gebring word.

C. Potchefstroomdam

Tabel 25

Besoeke deur inwoners van Potchefstroom aan die Potchefstroomdam

| Besoek | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| | n=419 | n=282 | n=701 |
| Gereeld (10 keer +/jaar) | 36.8 | 35.1 | 36.1 |
| Dikwels (5-9 keer/jaar) | 23.4 | 29.8 | 26.0 |
| Soms (1-4 keer/ jaar) | 35.3 | 30.5 | 33.4 |
| Nooit | 1.4 | 2.5 | 1.9 |

In 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat besoeke deur inwoners van Potchefstroom aan die Potchefstroomdam slegs 25% van die totale aantal besoeke uitmaak. Uit die steekproef wat in hierdie ondersoek gemaak is, blyk dat 32% meer betroubaar is. Meer as tweederdes van die besoekers aan die Potchefstroomdam kom van elders, 'n feit wat bewys dat mense van elders Potchefstroom as 'n gewilde rekreasie-oord reken.

As in aanmerking geneem word dat slegs 1.9% van die inwoners van Potchefstroom nooit die dam besoek nie, is dit die gewildste rekreasie-oord in Potchefstroom - 95.5% van die respondente besoek die dam een keer en meer per jaar.

Tabel 26

Redes waarom die Potchefstroomdam soms - d.w.s. (1-4 keer per jaar), besoek word

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Beskik nie oor vervoer nie | 12.2 | 11.6 | 12.0 |
| Te veel mense | 20.9 | 16.3 | 19.2 |
| Daar is niks te doen nie | 27.7 | 29.1 | 28.2 |
| Geen behoefte om meer kere te gaan nie | 35.8 | 36.0 | 35.9 |
| Het nie tyd nie | 24.3 | 27.9 | 25.6 |
| Gebrek aan fasiliteite vir kampeer en piekniek | 6.1 | 12.8 | 8.5 |
| Ruimte te beperk | 7.4 | 5.8 | 6.8 |
| Wil nie toegangsfooie betaal nie | 32.4 | 23.3 | 29.1 |

Uit tabel 25 blyk dat 'n groot persentasie, 33.4% van die respondente, die dam „soms" besoek. Redes vir hierdie lae besoeksyfer is nagegaan. Die hoogste persentasie respondente nl. 35.9% beweer dat hulle geen behoefte het om meer dikwels te gaan nie. Ook by parkbesoek is dié verskynsel aangetref.

Van die respondente beweer 29.1% dat hulle nie toegangsfooie wil betaal nie. Respondente vra dat besoekers uit die munisipale gebied van Potchefstroom, persone wat deur belastingheffing regstreeks tot die ontwikkeling van die dam bydra, gratis toegang tot die dam moet verkry. 'n Ander rede wat aangevoer word is dat respondente soms na werk in die middag of gedurende die naweek bietjie by die dam wil rondstap en rekreëer. Indien hulle per motor wil ingaan, moet hulle toegang betaal. Daar is ook geen parkeerterrein buite die dam waar motors gelaat kan word nie. 'n Parkeerterrein word buite die dam aangevra.

Tabel 27

Redes waarom persone nooit die Potchefstroomdam besoek nie

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Beskik nie oor vervoer nie | 33.3 | 28.6 | 30.8 |
| Te veel mense | 16.7 | 14.3 | 15.4 |
| Daar is niks te doen nie | 16.7 | 28.6 | 23.1 |
| Geen behoefte om meer kere te gaan nie | 50.0 | 14.3 | 30.8 |
| Het nie tyd nie | 16.7 | 42.9 | 30.8 |
| Gebrek aan fasiliteite vir kampeer en piekniek | 33.3 | 14.3 | 23.1 |

Tabel 27 (vervolg)

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| Ruimte te beperk | 0.0 | 0.0 | 0.0 |
| Wil nie toegangsfooie betaal nie | 50.0 | 28.6 | 38.5 |
| Ry na ander rekreasieoorde | 16.7 | 14.3 | 15.4 |

Aangesien slegs 1.9% van die totale aantal respondente (n=13) <u>nooit</u> die dam besoek nie, kan die besware van die groep nie as betekenisvol beskou word nie en word verdere besprekings buite rekening gelaat.

Tabel 28

Rekreasiefasiliteite of geriewe wat mense graag by die Potchefstroomdam wil hê

| Fasiliteite | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| 1. Swembad | 58.5 | 73.8 | 64.6 |
| 2. Saal vir binneshuissport | 57.5 | 59.2 | 58.2 |
| 3. Tennisbane | 51.8 | 58.9 | 54.6 |
| 4. Wildtuin | 47.7 | 43.6 | 46.1 |

Tabel 28 (vervolg)

| Redes | % respondente | | % van totale aantal respondente |
|---|---|---|---|
| | ml. | vr. | |
| 5. Rolskaatsbaan | 37.9 | 48.9 | 42.4 |
| 6. Plesierboot | 37.9 | 47.9 | 41.9 |
| 7. Set-setbaan | 32.7 | 33.7 | 33.1 |
| 8. Speelparke vir kinders | 34.1 | 24.8 | 30.4 |
| 9. Keëlbalbaan | 25.3 | 20.6 | 23.4 |
| 10. Snoekertafels | 22.2 | 20.2 | 21.4 |
| 11. Motorbootsport | 25.3 | 20.6 | 23.4 |
| 12. Jukskeibane | 14.1 | 10.3 | 12.6 |

Dit is duidelik dat die grootste aanvraag na 'n swembad is. Ander redes wat aangevoer word waarom die dam soms of nooit besoek word nie is o.a. dat die damwater te vuil en onhigiënies is, die swemplek te gevaarlik is, en die vrees vir bilharzia onder talle mense bestaan.

'n Saal vir binnenshuissport is tweede in aanvraag en dit hou verband met die hoë persentasie belangstelling vir 'n rekreasiesentrum, soos uit vroeëre tabelle geblyk het.

Tennisbane is 'n noodsaaklikheid by die dam. Talle vakansiegangers is lief vir tennis, maar daar bestaan geen fasiliteite daarvoor by die dam nie.

## II. SAMEVATTING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ALGEMENE VRAELYS AAN DIE PUBLIEK VAN POTCHEFSTROOM

### A. Sport

a. Gedurende die somer is swem vir rekreasie die gewildste aktiwiteit vir die inwoners van Potchefstroom. Dit word gevolg deur georganiseerde sport.

Gedurende die winter geniet georganiseerde sport voorkeur as die gewildste rekreasie-aktiwiteit. Hierdie feite is insiggewend en dui daarop dat die blanke bevolking van Potchefstroom sterk sportbewus is en aktief aan sport deelneem. Die gewildste sportsoorte is rugby, atletiek en tennis. Die aktiwiteite trek ook die meeste toeskouers na hulle onderskeie byeenkomste.

In die somer is die buitelugaktiwiteite soos kampeer, motorplesierritte, wandel, piekniek en fietsry vir plesier hoog op die voorkeurlys. Temperatuur gedurende die winter beïnvloed die rekreasiepatroon van die somer en groot skommelinge t.o.v. voorkeur van rekreasie-aktiwiteite kom voor. Naas georganiseerde sport, is motorplesierritte gedurende die winter die gewildste aktiwiteit. Dit word gevolg deur wandel, nie-georganiseerde spele en natuuruitstappe.

Dit is opmerklik dat mense, deur die aanduiding dat buitelugaktiwiteite so hoog op die voorkeurlys is, graag weg wil kom uit die omgewing waaraan hulle daagliks gekoppel is.

Al bogenoemde feite dui daarop dat die bewoners

van Potchefstroom rekreasiebewus is.

b. Daar bestaan 'n groep sport- en rekreasie-aktiwiteite wat mense graag wil beoefen, maar wat nie in Potchefstroom aangebied word nie. Ysskaats en muurbal is die grootste in aanvraag. Daar is reeds aangetoon dat fasiliteite vir ysskaats duur is en dat 'n groot gemeenskap vereis word om dit 'n ekonomiese belegging te maak. Aan die ander kant trek fasiliteite mense, en gemeenskappe soos Klerksdorp, Parys, Stilfontein, Orkney, Carletonville is binne die reistyd van een uur vanaf Potchefstroom geleë. Indien ysskaatsfasiliteite wel voorsien word, mag die fasiliteitsgebruik uit die bronne gevoed word. Sodanige fasiliteite moet deur die Stadsraad voorsien word en nie in die hande van privaatpersone gelaat word nie.

Fasiliteite vir muurbal is goedkoper as die vir ysskaats. Muurbal is egter uitstekend vir mense wat oor min vryetyd beskik of wat net hul vryetyd op sekere tye kan geniet. Dit is ook nuttig as 'n fiksheidsbehoudende sport. Verder is dit 'n sportsoort wat deur alle ouderdomsgroepe, deur beide geslagte beoefen kan word. Dit is ook nie aan seisoene, reën of temperatuurskommelinge gebonde nie. Hierdie geriewe moet op 'n sentrale punt in die middedorp aangebring word.

Daar moet gelet word op die feit dat winsgewende aspekte nie as uitgangspunt vir rekreasie gestel mag word nie. Rekreasie is vir die massa en vir die individu. Beide se behoeftes moet in aanmerking geneem

word en daarvolgens moet beplan word.

Ander aktiwiteite wat mense graag voorsien wil hê en wil beoefen is o.a. perdry, boogskiet, waterski en skerm. In die reël hang die aktiwiteite egter van private inisiatief vir die stigting van klubs af. In die verband kan die rekreasiebeampte/-leier van groot waarde wees.

c. Wat die beoefening van sport en rekreasie-aktiwiteite buite Potchefstroom betref, word aktiwiteite soos swem, hengel, bootsport, kampeer en piekniek buite Potchefstroom beoefen. Wat egter hinderlik is, is die feit dat sommige sportpersoonlikhede by sportklubs buite Potchefstroom aansluit, terwyl die aktiwiteite wat hulle beoefen wel hier plaaslik aangebied word. Uit die aantal persone wat sportaktiwiteite buite Potchefstroom beoefen (11.8%), vorm die bogenoemde groep bykans 45%. Die orige 55% beweer egter dat die aktiwiteite wat hulle beoefen nie in Potchefstroom aangebied word nie.

d. Betekenisvol is die feit dat 82.3% van die totale aantal respondente positief in 'n rekreasiesentrum belangstel. Dit toon die groot behoefte aan sodanige sentrum. Die opname het ook aangetoon dat daar, vir al die ouderdomsgroepe wat getoets is, 'n bestendige belangstelling in 'n rekreasiesentrum bestaan. 'n Afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat so 'n sentrum in 'n uiters belangrike behoefte vir alle ouderdomsgroepe sal voorsien - 'n behoefte wat so sterk is, dat die

plaaslike owerheid beslis aandag hieraan sal moet skenk.

B. Parke

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die persentasie besoeke aan parke gedurende die jaar redelik hoog is, maar dat die intensiteit van parkbesoek baie laag is. Die huidige parkuitleg bevredig nie die inwoners van Potchefstroom nie, vandaar die lae besoek. Parke is die veranderde faktor wat by die mens aangepas moet word, sodat in sy behoeftes voorsien word. Die individu moet nie verander word om by parke aan te pas nie.

Die hoofdoel van parke moet nie net stadsverfraaiing wees nie. Parke moet 'n deel van die natuur wees wat nader aan die mens gebring word. As 'n persoon 'n park binnestap moet hy afgesluit van die daaromliggende wêreld voel. Die psigiese rekreasie wat 'n persoon uit parkbesoek put, moet die oorwegendste norm by parkuitleg wees. In dié opsig faal die meeste van die parke van Potchefstroom. Dit is meer tuine wat die meeste mense in elk geval by hulle huise het.

Park- en sportuitleg moet meer in harmonie met mekaar gebring word. As voorbeeld kan die Park Ovaal geneem word. Uitleg van sportvelde is te formeel en behoort meer aaneenskakellend met parke te wees. By die beplanning van die sport- en parkkompleks langs die Moorivier en Wasgoedspruit-gedeeltes, moet hiermee rekening gehou word. Sportvelde moet deel van die parkuitleg vorm. Die potensiaal vir parkuitleg in die genoemde gebiede, is een van die grootste bates vir

Potchefstroom. Ruimte is een van die belangrikste vereistes vir geslaagde parke en hieraan is daar geen tekort nie.

Opvallend is dat afstand wat parke van wonings af is, 'n rol speel by parkbesoek. Hoe nader parke aan wonings geleë is, hoe hoër is parkbesoek en vice versa.

Dit is ook duidelik dat parke nie in die behoeftes van kinders voorsien nie. Veral speelgeriewe vir kleuters en laerskoolleerlinge is onvoldoende.

C. Potchefstroomdam

a. Besoeke deur die inwoners van Potchefstroom aan die Potchefstroomdam is hoog en die persentasie persone wat nooit die dam besoek nie, is baie laag. Meer as tweederdes van die besoekers aan die dam kom uit ander dorpe. Dit dui aan dat die dam 'n gewilde rekreasieoord is. Die gevolg is dat kapitaal van buite in Potchefstroom gespandeer word. Uitbreidings, veral t.o.v. rekreasiefasiliteite wat persone graag by die dam wil hê, kan meebring dat meer vakansiegangers gelok word, wat 'n groter inkomste vir die stadsraad en die gemeenskap inhou.

b. 'n Swembad is die grootste behoefte by die Potchefstroomdam. Veral 'n verwarmde binnenshuise swembad vir die winter is 'n groot tekortkoming. Die aantrekkingskrag van die dam sal daardeur verhoog word en dit sal as 'n seisoenale rekreasie-oord, wat aansienlike voordele bied, gereken kan word.

'n Saal vir binnenshuisesport is tweede in aanvraag en sluit aan by die hoë belangstelling in 'n rekreasiesentrum.

# H O O F S T U K 11

## RESULTATE

### I. RESULTATE VAN ONDERHOUDE WAT MET SPORTKLUBS IN POTCHEFSTROOM GEVOER IS EN TEN DOEL GEHAD HET OM DIE BEHOEFTES VAN, EN PROBLEME IN, DIE KLUBS VAS TE STEL

1. Tennisklubs

A. Potchefstroom-wes-Tennisklub

i. Lede

Die klub beskik oor 39 lede waarvan 22 mans en 17 dames is. Geen kinders is by die klub ingeskryf nie. Die gemiddelde ouderdom van die mans is 32 jaar en die dames 30 jaar. Die ledetal verteenwoordig die volgende beroepsrigtings: opvoedkundig - 6; studente - 7; sakelui - 2; boere - 2; beroepslui - 6; huisvroue - 16. Die lede is almal Afrikaanssprekend. Meeste lede van die klub nl. 27, is woonagtig in die omgewing van Die Bult.

Uit die totale aantal lede neem 30 gereeld, en 9 somtyds aan wedstryde deel. Niemand beoefen tennis slegs vir rekreasie nie. Wat aktiewe deelname aan tennis betref is dit dus 'n sterk klub.

Daar word beoog om 'n juniorklub te stig, wat die ledetal aansienlik sal uitbrei.

ii. Fasiliteite en terrein

Daar is tans vier permanente tennisbane en 'n klubhuis tot die klub se beskikking. Dit voorsien op die oomblik in die klub se behoeftes. Indien die juniorklub gestig word, sal die bane nie voldoende wees nie, aangesien dit die ledetal aansienlik sal uitbrei.

Die toestand van die tennisbane is na wense vir die beoefening van die klub se aktiwiteite en dit is vir al die lede gerieflik geleë.

Die tennisbane behoort aan die plaaslike owerheid en word geheel en al deur dié instansie onderhou.

Die klub beskik nie oor 'n telefoon of persgeriewe nie, maar dit word nie deur die klub nodig geag nie.

Daar bestaan geen parkeerruimte vir deelnemers of toeskouers nie; alleenlik in die straat. 'n Doeltreffende parkeergebied is nodig.

Daar is 'n gebrek aan sitplekgeriewe vir deelnemers en toeskouers en hierin moet voorsien word.

iii. Finansies

Die klub ontvang jaarliks 'n donasie van die Stadsraad. Daar word ook donasies van erelede en besighede ontvang. Tesame met die ledegeld van die klub en donasies wat ontvang word, word die ontwikkeling van die klub nogtans deur gebrek aan finansies gestrem. Die aankoop van tennisballe en nette beloop jaarliks 'n groot bedrag en die geld wat oorbly is nie genoeg vir die klubaktiwiteite nie. Dit geld veral t.o.v. inskrywings vir ligawedstryde en reëlings i.v.m.

vriendskaplike wedstryde. Kompetisie met ander klubs is noodsaaklik, maar word gestrem deur 'n gebrek aan finansies.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Tennisvereniging geaffilieer en wedstryde word deur die jaar gespeel en aangebied. Dit is hoofsaaklik vriendskaplike en liga-wedstryde.

Die hoofkwartier van die provinsiale tennisvereniging is in Klerksdorp gestel en die grondwet bepaal dat dit nie verskuif mag word nie.

Die uitvoerende komitee van die klub behartig die organisasie en administrasie van die klub en geen vergoeding word aan enige persoon gegee nie.

Gesellighede word by die klubhuis gehou aangesien almal na byeenkomste teenwoordig is.

Die klub stel nie in 'n sentrale sportkompleks belang nie. Redes wat aangevoer is:

a. dit sal ongerieflik geleë wees;
b. tennis is nie geskik vir 'n sentrale kompleks nie; hoe meer klubs hoe meer kompetisie;
c. daar is geen voordele vir tennisklubs in so 'n sentrum nie, aangesien ruimte en fasiliteite beperk sal word.

v. Reklame aan Potchefstroom

Alleenlik deur plaaslike koerante en streeknuus word reklame deur die tennisklub aan Potchefstroom verskaf.

vi. Opsomming en aanbevelings

1. Die klub beskik oor 'n sterk ledetal wat wedstrydbewus is. 'n Poging gaan aangewend word om 'n juniorklub te stig wat die ledetal grootliks sal uitbrei. Indien dit geskied sal meer tennisbane dringend noodsaaklik word.

2. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n motorparkeergebied en aan sitplekgeriewe vir deelnemers en toeskouers.

3. Die ontwikkeling van die klub word in 'n groot mate deur 'n gebrek aan finansies gestrem.

4. Die klub stel nie belang in 'n sentrale sportkompleks nie aangesien dit wedstryde- en kompetisiegeleenthede sal beperk.

B. Potchefstroom-Suid Tennisklub

i. Lede

Die ledetal van die klub is dertig, waarvan sestien mans en veertien dames is. Geen kinders is lede van die klub nie. Negentien lede neem gereeld aan wedstryde wat aangebied word deel, ses neem soms deel en vier oefen slegs vir die rekreatiewe waarde van tennis.

Die meerderheid deelnemers nl. 27 is afkomstig uit die Suid-Dorp. Al die deelnemers is Afrikaanssprekend. Die gemiddelde ouderdom van die mans is 40 jaar en dames 38 jaar.

Sedert 1966 bestaan daar 'n afname in die ledetal

van die klub. Dit het verminder van 62 na 30 lede. Volgens skatting van die bestuur behoort die ledetal van nou af konstant te bly.

ii. <u>Fasiliteite en terrein</u>

Daar is vier tennisbane tot die klub se beskikking en voorsien tans vir die huidige gebruik. As die huidige ledetal in ag geneem word, behoort die fasiliteite na raming oor tien jaar nog in die behoefte te voorsien, indien onvoorsiene faktore nie 'n rol speel nie.

Die Stadsraad onderhou die tennisbane, en die tennisklub dra nie by tot die onderhoud nie.

Daar bestaan by die bestuur geen behoefte aan enige uitbreiding by die klubhuis nie en parkeerruimte word as voldoende geag.

Die oppervlakte van sommige van die tennisbane verbrokkel en verdien herstel.

iii. <u>Finansies</u>

Die stadsraad doen jaarliks 'n donasie aan die klub. Geen donasies of skenkings word van ander instansies verkry nie.

Uit ledegeld en die donasie van die stadsraad word die klub bestuur. Die klub word nie gestrem deur 'n gebrek aan finansies nie.

iv. <u>Organisasie en administrasie</u>

Die klub is by die Wes-Transvaalse Tennisvereniging geaffilieer.

Wedstryde word nie gereeld aangebied nie, maar indien dit wel aangebied word, speel 'n groot aantal van die lede. Vriendskaplike wedstryde binne die klub word gereeld aangebied.

Die bestuur van die klub behartig die organisasie van die klub en geen vergoeding word betaal nie.

Gesellighede word by die tennisbane gehou, aangesien lede dit gerieflik vind.

Die klub stel nie belang in 'n sentrale sportkompleks nie. Die redes is dieselfde as eersgenoemde tennisklub.

v. Reklame aan Potchefstroom

Die omvang van reklame aan Potchefstroom is uiters gering.

vi. Opsomming

Die tennisklub is hoofsaaklik sosiaal georiënteer en stel nie veel belang in wedstryde met ander tennisklubs nie. Met die huidige toestand van die terrein is die klub se bestuur tevrede, behalwe dat die oppervlaktes van sommige van die bane herstel moet word.

C. Park-Tennisklub

i. Lede

Die klub beskik oor 72 lede waarvan 44 gereeld aan wedstryde deelneem, 16 somtyds deelneem, en 12 slegs vir rekreatiewe waarde van tennis deelneem.

Van die lede is 33 mans en 39 dames. Die gemiddelde ouderdom van die mans is 42 jaar en van die dames 40 jaar. Van die deelnemers is 33 van Die Bult afkomstig,

24 van die Middedorp en 15 van Baillie Park.

Drie van die lede is Engelssprekend. Die res is Afrikaanssprekend.

Dit is 'n besondere ou en gevestigde klub wat reeds in 1893 gestig is. Sedert 1950 het die ledetal van 50 na 72 vermeerder. Die verwagting is dat die ledetal verder sal styg.

ii. <u>Fasiliteite en terrein</u>

Daar is ses weervaste tennisbane tot die klub se beskikking. Tans is dit redelik voldoende, maar gesien in die lig van die groeiende ledetal, sal daar in die nabye toekoms vir nog bane voorsiening gemaak moet word.

Die drie suidelike bane is in 'n goeie toestand, maar die noodsaaklikste bane se oppervlaktes is onvoldoende. Een van lg. bane word tans herstel.

Die terrein behoort aan die Stadsraad wat dit ook onderhou.

Daar bestaan 'n behoefte by die klub aan die volgende geriewe:

a) bergingsruimte vir apparaat:- toerusting word tans in kleedkamers en storthokkies gestoor;
b) lokaal vir administratiewe doeleindes;
c) vergaderlokaal of lokaal waar gaste ontvang en onthaal kan word;
d) telefoon en persgeriewe.

Motorparkering skep probleme en onvoldoende parkeringsruimte is ook 'n probleem. Daar word

parkeerruimtes aangevra.

Verbetering van die vlg. geriewe word aangevra:

a) toilet:- dit is baie oud en onvoldoende;

b) was- en aantrekgeriewe:- daar is slegs een kamer vir mans en dames wat moet dien vir aantrek-, was- en toiletgeriewe;

c) warmwater:- besoekende spanne het dit nodig;

d) veilige bewaringsruimte vir kledingstukke en ander waardevolle artikels:- sluitkassies behoort aangebring te word;

e) toiletgeriewe vir toeskouers:- tans word van deelnemers se geriewe gebruik gemaak.

iii. Finansies

Uit ledegeld en donasies van die Stadsraad word die klub finansieel bestuur. Die ontwikkeling van die klub word nie deur 'n gebrek aan finansies gestrem nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Tennisvereniging geaffilieer en wedstryde word gereeld aangebied. Dit is hoofsaaklik vriendskaplike en liga-byeenkomste. Provinsiale of nasionale byeenkomste kon wel al aangebied gewees het as die terrein en fasiliteite voldoende sou gewees het.

Die bestuur van die klub behartig die organisasie en geen vergoeding word betaal nie.

Gesellighede word by die klubhuis gehou omdat lede dit gerieflik vind en daar geen ander plek is waar dit gehou kan word nie.

Soos die ander tennisklubs, stel die klub ook nie belang in 'n sentrale sportsentrum nie en verkies om oor hul eie geriewe te beskik.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. plaaslike en provinsiale koerante a.o. streeknuus, verskaf die klub reklame aan tennis en ook aan Potchefstroom.

vi. Opsomming

Die Park-Tennisklub word doeltreffend bestuur en is duidelik die sterkste tennisklub in Potchefstroom. Dit is ook duidelik dat die klub die inisiatief neem met die aanbieding van wedstryde en byeenkomste en dat daar gestreef word om tennis tot 'n hoë vlak uit te bou. Om hierdie ideaal te bereik word die klub gestrem deur ontoereikende fasiliteite. Dit blyk uit die feit dat provinsiale en selfs nasionale byeenkomste al aangebied kon gewees het.

Behoorlike tennisbane waarop nasionale byeenkomste aangebied kan word, is dringend noodsaaklik. Dit sal ook meebring dat die huidige terrein ingrypend verander moet word om in hierdie behoefte te voorsien, of om 'n alternatiewe terrein, wat so toegerus is dat groot wedstryde aangebied kan word, aangelê word.

D. Mooirivier Tennisklub

i. Lede

Die klub bestaan uit 47 lede waarvan 26 mans en 21 dames is. Die klub is bloot 'n sosiale klub wat nie

in kompetisie met ander klubs belangstel nie.

Die gemiddelde ouderdom van beide mans en dames is 40 jaar en al die lede is Afrikaanssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Die klub het vier bane tot sy beskikking en dit voorsien in die huidige behoeftes. Die verwagting is dat dit oor tien jaar nog in die behoeftes sal voorsien.

Die terrein behoort aan die plaaslike Stadsraad wat dit ook onderhou.

Daar bestaan geen behoefte by die bestuur van die klub aan enige uitbreiding van die bestaande geriewe by die klub nie.

iii. Finansies

Die ontwikkeling van die klub word nie gestrem deur gebrek aan finansies nie. Tennis word slegs om die sosiale en rekreatiewe waardes beoefen en uitgawes is nie groot nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by geen tennisvereniging geaffilieer nie en geen wedstryde word aangebied nie. Die klubbestuur behartig die organisasie van die klub en geen vergoeding word betaal nie.

Daar bestaan by die klub geen behoefte aan 'n sentrale sportsentrum nie. Dieselfde redes as die ander tennisklubs word aangegee.

v. Reklame aan Potchefstroom

Min reklame word deur die klub aan Potchefstroom

verskaf.

vi. Opsomming

Die klub is hoofsaaklik 'n sosiale klub en daar word nie aan liga-wedstryde deelgeneem nie. Daar bestaan ook geen behoefte aan enige uitbreiding van die bestaande fasiliteite nie. Volgens die klubbestuur is die fasiliteite voldoende en sal dit in die voorsienbare toekoms nog in die behoefte voorsien.

2. Potchefstroom Karateklub

i. Lede

Daar is 59 ingeskrewe lede by die klub, ses mans, vyf dames, dertig seuns en agtien dogters. Daar is egter 'n groot aantal persone wat, alhoewel hulle nie ingeskrewe lede van die klub is nie, tog van die klubfasiliteite gebruik maak.

Veertig van die lede neem gereeld aan wedstryde deel en die res oefen slegs vir rekreasie.

Uit die middedorp is 42 lede afkomstig, uit die Suiddorp 9, Baillie Park 6 en Die Bult 2. Die meeste lede is skoliere en studente en is oorwegend Afrikaanssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Daar word tans gebruik gemaak van 'n skoolsaal om in te oefen en dit voorsien in die huidige behoefte. Daar word egter vermoed dat die terrein oor 10 jaar nie meer in die behoeftes sal voorsien nie, aangesien die ledetal van die klub, in die twee jaar wat dit bestaan, verdubbel het.

Die terrein behoort aan die M.L. Fickskool en dié instansie onderhou dit.

Daar bestaan 'n behoefte by die klub aan die volgende:

a) lokaal vir die stoor van apparaat;

b) lokaal vir administratiewe doeleindes;

c) vergaderlokaal;

d) motorparkering;

e) toiletgeriewe;

f) lokaal om verversingsgeriewe te verskaf;

g) eie oefenlokaal.

iii. Finansies

Die klub word finansieel net uit ledegeld bestuur. Geen donasies word van die Stadsraad of ander instansies verkry nie.

Die ontwikkeling van die klub word nie deur gebrek aan finansies gestrem nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Suid-Afrikaanse karatevereniging geaffilieer.

Byeenkomste word gereeld gehou. Die ruimte in die saal is egter te beperk om baie toeskouers te huisves.

Die sekretaris behartig die organisasie van die klub en 'n honorarium word jaarliks aan hom geskenk.

Gesellighede word aan huise van klublede of by die oefenlokaal gehou, aangesien ander fasiliteite nie beskikbaar is nie.

Die klub stel daadwerklik belang in 'n sentrale sportsentrum en hul stel voor dat die klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. die pers en strooibiljette word reklame aan karate en aan Potchefstroom verleen. Demonstrasies en vertonings word ook gereeld gehou.

vi. Opsomming

Die karateklub is 'n dinamiese klub wat van goeie organisasie getuig. Byeenkomste word gereeld gehou en Springbokke het al vertonings gelewer en met die afrigting gehelp.

Die terrein waar tans geoefen word, behoort aan die M.L. Fickskool en dit is dus nie moontlik vir die Stadsraad om enige veranderings, tot voordeel van die klub aan te bring nie. Vanweë dié feit, stel die klubbestuur in 'n sentrale sportsentrum belang. Daar is geen privaatterrein waar klubaktiwiteite beoefen kan word nie.

Finansieel is die klub onafhanklik.

3. Potchefstroom Seuns Boksklub

i. Lede

Daar is 40 ingeskrewe seuns by die klub. Die gemiddelde ouderdom is dertien jaar. Vyftien seuns neem gereeld en die res neem soms in bokswedstryde deel.
Die klub is reeds in 1947 gestig en sedert 1950 toon dit 'n konstante ledetal. Uit die Suiddorp is dertig lede

afkomstig; die res is uit die dorp as geheel afkomstig.

Van die lede is drie Engelssprekend en die res Afrikaanssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Die klub het die skousaal tot sy beskikking vir oefening en wedstryde. Die oefengeriewe voorsien in die onmiddelike behoeftes. Geen groot uitbreiding van die ledetal word verwag nie en die fasiliteite sal in die toekoms geskik wees.

Daar bestaan 'n behoefte aan sitplekgeriewe vir toeskouers en deelnemers a.o. bewaringsruimte vir kledingstukke en ander artikels.

iii. Finansies

Geen ledegeld word op lede gehef nie. Inkomste word verkry uit toegangsgeld by toernooie en die donasie van die Stadsraad. Kompetisies teen ander klubs en kampioenskaptoernooie word beperk deur 'n gebrek aan finansies. Daar word baie gereis om aan toernooie deel te neem en finansies is 'n probleem.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse amateur Boksvereniging en die Suid-Afrikaanse amateur Boksvereniging geaffilieer.

Twee boksbyeenkomste word per jaar in Potchefstroom aangebied en tussen 200-300 toeskouers woon die byeenkomste by.

Die klub stel belang in 'n sentrale sportsentrum waar fasiliteite tot die klub se beskikking gestel kan

word. 'n Voorstel word gemaak dat die fasiliteite van die Stadsraad gehuur word.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. die pers, radio, strooibiljette en plakate word reklame aan boks en aan Potchefstroom gegee.

vi. Opsomming

Die Seunsboksklub is baie aktief en het al besondere prestasies behaal. Springbokke is gelewer en op die onlangse Suid-Afrikaanse spele in Bloemfontein, is twee bronsmedaljes en 'n silwermedalje ingepalm.

Finansies is 'n groot behoefte by die klub en die ontwikkeling word daardeur aan bande gelê.

4. Potchefstroomse motorsportklub

i. Lede

Vyftig lede is verbonde aan die klub waarvan 40 mans en 10 dames is. Twintig lede neem gereeld aan wedstryde deel, terwyl twaalf soms deelneem. Die res neem slegs vir die genot daaraan deel. Die klub is in 1963 gestig en sedert 1965 toon dit 'n konstante ledetal van 50 persone.

Uit die Middedorp alleenlik is 40 lede afkomstig, uit Baillie Park 5 en die res is versprei deur die dorp.

Van die aantal lede is 40 Engelssprekend, 8 Afrikaanssprekend en 2 Nederlandssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Daar is geen oefenterrein tot die klub se beskikking nie. Aansoek om 'n geskikte stuk grond is by die

Stadsraad gedoen.

Die klub is hoofsaaklik ingestel op tydrenne en die hou van gymkhanas. Vir laasgenoemde is baie groot grondgebied nie nodig nie. Tydrenne vind op openbare paaie plaas en terrein kan dus nie daarvoor afgesonder word nie.

iii. Finansies

Finansies word uit ledegeld en inskrywingsgeld van byeenkomste verkry. Die ontwikkeling van die klub word nie gestrem deur gebrek aan finansies nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is 'n tak van die Suid-Afrikaanse motorsportklub en is geaffilieer by die Outomobiel Assosiasie.

Wedrenne wat o.a. versnellingstoetse, gymkhana's, bestuurstoetse en sosiale byeenkomste insluit word ongeveer elke derde week gehou.

Gesellighede word aan die huise van lede of op ander geskikte plekke gehou.

Die klub stel nie belang in 'n sentrale sportsentrum nie.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. plaaslike koerante, streeknuus en plakate word publisiteit aan motorsport en aan Potchefstroom gegee.

vi. Opsomming

Die plaaslike motorsportklub is goed georganiseerd

en wedrenne word gereeld aangebied. In die reël stel die Stadsraad 'n sekere gebied tot die klub se beskikking vir die hou van wedrenne.

Die klub stel nie belang in 'n sentrale sportsentrum nie.

5. Potchefstroom Amateur Fietsryklub

i. Lede

By die klub is 29 lede ingeskryf. Van die lede is 4 studente, 19 skoliere, 4 ambagsmanne en 2 lede van die sakeberoep. Sestien van die lede is afkomstig van die Middedorp, 2 uit die Suiddorp, 7 uit Baillie Park en 4 van die Bult. Die gemiddelde ouderdom van die lede is 23 jaar.

Al die lede neem aan wedstryde deel indien dit aangebied word.

Die klublede het, ten spyte van powere fasiliteite, besondere prestasies behaal. Twee van die lede is Springbokfietsryers, agt het reeds provinsiale kleure verwerf en tussen die juniors is van die beste in die land. Van die lede het al aan oorsese kompetisies deelgeneem.

ii. Fasiliteite en terrein

Geen oefenbaan/fietsrybaan is tot die klub se beskikking nie. Daar word op openbare paaie om Potchefstroom geoefen. Die klublede gaan egter gereeld na Johannesburg en die Rand om op fietsrybane te oefen.

Die gebrek aan 'n fietsrybaan strem die klub in 'n groot mate. Geen byeenkomste, waar toegangsgelde gevra word, kan aangebied word nie. Alleen padwedrenne word aangebied. Om hierdie rede kan geen fasiliteite of geriewe aan deelnemers en toeskouers gebied word nie.

Daar bestaan 'n groot behoefte by die klub aan 'n fietsrybaan met die nodige fasiliteite.

iii. Finansies

Fondse word uit ledegeld, donasies van die Stadsraad en privaatpersone en verkopings verkry.

Die koste verbonde aan fietsry is besonder hoog en dit is moeilik vir klublede om alleen in hulle fasiliteite te voorsien. Dit is dus nodig dat die klub finansieel sterk moet wees om lede te help. Dit is tans nie die geval nie en goeie ryers kan nie gehelp word nie. Die fietsrypotensiaal in die klub is baie hoog, maar weens gebrek aan finansies, omdat geen hekgelde ge-in kan word nie en gebrek aan 'n fietsrybaan, word klubontwikkeling gestrem.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Suid-Afrikaanse fietsryfederasie geaffilieer. Elke Saterdag word aan wedstryde deelgeneem en daar word gemiddeld twee padwedrenne per seisoen in Potchefstroom aangebied. (Baanwedrenne word gedurende die somer en padwedrenne gedurende die winter gehou).

Vergaderings word by privaatwonings gehou a.g.v. 'n gebrek aan 'n vergaderlokaal. Geselllighede word by

die Potchefstroomdam of in hotelle gehou.

Die klub stel belang in 'n sentrale sportsentrum. Dié belangstelling is hoofsaaklik a.g.v. 'n gebrek aan 'n fietsrybaan. Daar word voorgestel dat die klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. die pers, advertensieskyfies in bioskope en plakate word reklame aan fietsry en aan Potchefstroom gegee.

vi. Opsomming

Die fietsryklub bestaan slegs drie jaar, maar in die tyd is fenominale vooruitgang deur die bestuur bewerkstellig. Lede van die klub beskik oor 'n hoë potensiaal in fietsry en daar is besondere prestasies behaal vir 'n klub wat oor geen geskikte oefenfasiliteite beskik nie.

Daar bestaan 'n groot behoefte aan 'n fietsrybaan. Hierdeur kan die klub finansieel baat en kan lede gehelp word met die aankoop van fietsryfasiliteite. Om lede oefening te gee in baanwedrenne, moet daar weekliks na Johannesburg gery word om daar te oefen. Dit bring groot onkoste mee en veroorsaak dat die klub nie altyd finansieel in staat is om aan groot wedrenne deel te neem nie, alhoewel die klub oor ledepotensiaal beskik.

Gebrek aan finansies lei ook daartoe dat nie veel aandag aan beginners geskenk kan word nie. Dit strem die groei van die klub.

Indien 'n fietsrybaan vir die klub voorsien word,

behoort die klub te groei en een van die beste klubs in die land te word.

6. Potchefstroom Dorp Sokkerklub

i. Lede

Daar is 145 ingeskrewe lede by die klub, waarvan 45 mans en 100 seuns is. Die groot aantal seuns is te danke aan die feit dat in die skole van Potchefstroom nie georganiseerde sokkerklubs bestaan nie. Dit bring mee dat daar altyd groot aantalle jong seuns is wat tot senior standaard kan ontwikkel.

Sedert 1960 het die klub van 40 lede tot die huidige 145 gegroei. In nege jaar het die klub dus met ongeveer 250% gegroei. Van die lede neem 120 gereeld aan wedstryde deel, 15 somtyds en 10 oefen slegs vir rekreasie.

Die meeste lede van die klub, 50%, is afkomstig van die Middedorp. 'n Verdere 30% kom van Baillie Park en die res is verspreid.

Van die lede is 45% Engelssprekend, 40% Afrikaanssprekend en 5% van ander afkoms. Dit is die klub met die hoogste persentasie Engelssprekendes.

ii. Fasiliteite en terrein

Vir die groot ledetal, beskik die klub oor slegs een oefenveld en dit is heeltemaal onvoldoende om alle spelers die geleentheid te gee om gereeld te kan oefen. Nuwe lede kan nie meer aangeneem word nie, weens die gebrek aan oefengeriewe. Vir die huidige en toekomstige

is addisionele oefenvelde dringend noodsaaklik. Dáár is 'n groot behoefte aan, want die klub groei jaarliks.

Die volgende behoeftes bestaan by die klub:

a) spreiligte:- vanweë die groot aantal spelers moet daar saans ook geoefen word, dit kan tans nie gedoen word nie,

b) bergingsruimte vir balle, truie en ander artikels;

c) geskikte motorparkering:- motors moet na aan die veld of in die strate geparkeer word en ruite is al gebreek; probleme word ook ondervind met motors wat vassit as dit reën;

d) kleedkamer- en wasgeriewe vir skeidsregters ontbreek,

e) sluitkassies in kleedkamers om waardevolle artikels van spelers gedurende die wedstryde te stoor,

f) deeglike omheinings en goeie kontrolehekke van die terrein:- geen beheer kan oor toeskouers uitgeoefen word, aangesien die terrein nie doeltreffend omhein is nie; dit skep probleme by die invordering van hekgeld.

iii. Finansies

Uit ledegelde en die jaarlikse donasie van die Stadsraad word die klub gefinansieer. Dit is egter totaal onvoldoende om die klub doeltreffend te bestuur. Groot koste word aangegaan met die aankoop van balle en truie. Vervoerkoste is 'n groot probleem en word

gewoonlik deur enkele lede gedra.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse en die Nasionale Sokkerverenigings geaffilieer. Nagenoeg 50 wedstryde word per seisoen gespeel en gemiddeld 150-250 toeskouers besoek die wedstryde.

Die klubbestuur behartig die organisasie van die klub en geen vergoeding word betaal nie.

A.g.v. 'n gebrek aan 'n vergaderlokaal word die vergaderings en geselligheде in privaathuise, hotelle of sale gehou. Dit verhoog die onkoste van die klub.

Die sokkerklub stel belang in 'n sentrale sportsentrum. Die bestuur beweer dat sentralisasie die gebruik van fasiliteite sal verhoog en geleentheid aan sportlui gebied sal word om aan meer sportsoorte deel te neem. Daar word voorgestel dat die Stadsraad 'n sentrale sportsentrum voorsien, waarvan klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. die pers, streeknuus en plakate word gereelde reklame aan sokker en aan Potchefstroom gegee.

vi. Opsomming

Die sokkerklub is 'n besondere sterk klub wat sedert 1960 fenomenaal gegroei het. Die verwagting is dat die groei progressief sal wees indien meer oefenvelde vir sokker bekom kan word. Die een veld waarop tans geoefen word is ontoereikend. Spreiligte is noodsaaklik om in die aand te oefen en te speel.

Die klub word gekortwiek deur 'n gebrek aan finansies. Kontrole oor toeskouers kan nie doeltreffend toegepas word nie, aangesien die terrein swak omhein is. Daar is dus verlies aan hekgeld. Daar bestaan 'n behoefte aan kleedgeriewe vir skeidsregters a.o. sluitkassies en 'n verversingslokaal.

7. Potchefstroom Dames Hokkieklub

i. Lede

Die klub bestaan uit 27 lede waarvan drie dogters is. Drie-en-twintig lede neem gereeld aan wedstryde deel en vier somtyds. Sedert 1950 toon die klub 'n redelike konstante ledetal.

Negentien van die lede is afkomstig van die Middedorp. Die res woon verspreid.

Van die ledetal is twaalf Engelssprekend en die res is Afrikaanssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Daar is slegs een oefenveld tot die klub se beskikking en dit voorsien nie in die behoefte nie. Die veld mag nie voor 1 April van elke jaar gebruik word nie. Gedurende Maart word al die atletiekbyeenkomste gehou en die hokkieklub mag dan nie van die velde gebruik maak nie.

Die oefenveld is egter in 'n goeie toestand.

Die oefenveld behoort aan die plaaslike owerheid en lg. onderhou ook die terrein.

Daar bestaan by die klub 'n behoefte aan 'n vergaderlokaal, verbeterde toiletgeriewe en 'n lokaal vir

onthaal van gaste en om aan toeskouers en spelers verversingsgeriewe te bied.

iii. Finansies

Slegs uit ledegeld en die donasie van die Stadsraad word die klub gefinansieer.

Die ontwikkeling van die klub word egter nie gestrem deur 'n gebrek aan finansies nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Dameshokkievereniging geaffilieer. Daar word gemiddeld twintig wedstryde per seisoen gereël wat in Potchefstroom en ander dorpe gespeel word. Dit bring vervoerprobleme mee.

Die komitee van die klub behartig sy administrasie en organisasie.

Daar word belanggestel in 'n sentrale sportkompleks en voorgestel dat die klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

Alleenlik deur plaaslike koerante word reklame aan hokkie gegee.

vi. Opsomming

Die dameshokkieklub is 'n gevestigde klub, met 'n ledetal wat deur die jare redelik konstant bly. Daar bestaan by die klub slegs 'n behoefte aan 'n vergaderlokaal, 'n lokaal waar gaste en spelers onthaal kan word, en verbeterde toiletgeriewe. Die klub stel

ook belang in 'n sentrale sportsentrum.

8. M.L. Fick Pluimbalklub

i. Lede

Daar behoort 20 lede aan die klub. Die gemiddelde ouderdom van mans is 29 en dames 27 jaar. Van die lede neem elf gereeld aan wedstryde deel, vier somtyds en vyf oefen slegs vir rekreasie.

Die klub is in 1966 gestig en daar was 33 lede. Daar is dus 'n daling in die ledetal.

Van die lede is ses afkomstig van die Middedorp, en vyf van Baillie Park. Die res is oor die dorp versprei.

ii. Fasiliteite en terrein

Die klub het een oefenbaan tot hulle beskikking. Ten spyte van 'n nie te groot ledetal, is die klub aktief en daar word gereeld vir liga-wedstryde geoefen. A.g.v. die feit dat beginners ook hulle regmatige oefening en opleiding moet kry, is een oefenterrein heeltemaal ontoereikend.

Die toestand van die oefenbaan is na wense vir die beoefening van pluimbal.

Die terrein behoort aan die M.L. Fick Laerskool en dié instansie onderhou die terrein. Die pluimbalklub dra egter 'n gedeelte van die onderhoudskoste.

Daar bestaan 'n behoefte aan die volgende geriewe:

a) lokaal vir administratiewe doeleindes;
b) vergaderlokaal: tans word vergaderings by huise of hotelle gehou,

c) motorparkeerruimte: lede moet in die straat parkeer;

d) wasgeriewe: daar bestaan geen;

e) kleedgeriewe en storte;

f) verversingslokaal;

g) eie oefenlokaal.

iii. Finansies

Die enigste inkomste van die klub bestaan uit ledegeld. Geen donasie word van die Stadsraad verkry nie. Die ledegeld is voldoende vir die aankoop van apparaat en die klub word nie in 'n groot mate deur 'n gebrek aan finansies gestrem nie.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Pluimbalunie geaffilieer.

Behalwe ligabyeenkomste word daar ongeveer ses wedstryde per seisoen aangebied. Die aantal toeskouers by wedstryde is min en wissel van 15-30. (Die M.L. Ficksaal, kan egter nie meer as 30 toeskouers huisves nie).

Die sekretaris van die klub behartig die organisasie en ontvang geen vergoeding nie.

Aan die einde van elke jaar word 'n geselligheid aan die huis van een van die klublede gehou, aangesien daar geen ander fasiliteite vir so 'n geselligheid bestaan nie.

Daar word belanggestel in 'n sentrale sportsentrum en die bestuur voer aan dat so 'n sentrum oplossing sal bied vir talle probleme waarmee die klub te kampe het en

dat pluimbal dan eers tot sy reg sal kom. Daar word voorgestel dat die klubs die fasiliteite van die Stadsraad sal huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. plaaslike koerante en plakate word pluimbal bekend gestel en word reklame aan Potchefstroom gebied.

vi. Opsomming

Die huidige terrein waar die klub oefen is nie die eiendom van die Stadsraad nie. Daar kan nie verbeterings vir die klub aangebring word nie. Geen ander terrein is tot die klub se beskikking nie. Daar moet dus voortgegaan word om van die huidige fasiliteite gebruik te maak.

Die klub stel belang in 'n sportsentrum waar fasiliteite beskikbaar gestel sal word.

9. Potchefstroom Kleiduifklub

Die klub bestaan in Potchefstroom. Lede van die klub skiet voorlopig nog op Sasolburg. Die baan vir die klub is tans in aanbou.

Finansies is 'n groot probleem vir die klub. Fasiliteite is duur om op te rig en in stand te hou. Daar word tans van goedgunstige skenkings gebruik gemaak.

Dié sport is betreklik nuut in Suid-Afrika, maar op plekke waar daar gevestigde klubs is, is aangetoon dat dit baie winsgewend is.

10. Potchefstroomdorp krieketklub

i. Lede

Veertig lede is by die klub ingeskryf waarvan 33 mans en 7 seuns is. Van die lede neem 15-18 gereeld aan wedstryde deel terwyl 15 somtyds deelneem. Drie lede oefen slegs vir rekreasie. Uit die Middedorp is 20 lede afkomstig, uit die Suiddorp 10, Die Bult 4 en Baillie Park 6.

Die gemiddelde ouderdom van die lede is 28 jaar. Dertig van die lede is Afrikaanssprekend en 10 Engelssprekend.

ii. Fasiliteite en terrein

Die Bill Swart-ovaal is tot die klub se beskikking, hoofsaaklik vir wedstryde. Daar is 4 oefennette waar geoefen word. Dit voorsien tans in die behoefte.

Die toestand van die terrein is nie na wense vir die beoefening van die klub se aktiwiteite nie.

Die volgende kritiek word gelewer:

a) die oppervlaktes van die oefenblaaie is swak vir bevordering van die spel;

b) sementblaaie word nie meer aanvaar as korrekte oefenmedium nie, aangesien wedstryde op turfblaaie gespeel word.

c) die huidige oefennette is gevaarlik vir samespel en saamoefening aangesien dit te laag is.

Die wedstrydveld is gerieflik geleë, maar voldoen nie aan die vereistes van klubs wat eerste liga krieket speel nie, vanweë die feit dat die speeloppervlakte 'n

atletiekbaan insluit. Laasgenoemde baan lê laer as die krieketbaan. Op die krieketbaan is ook atletiekfasiliteite wat nie op 'n krieketbaan hoort nie. A.g.v. hierdie feite kan geen groot wedstryde hier aangebied word nie.

Daar bestaan behoeftes aan die volgende fasiliteite:

a) lokaal vir die stoor van apparaat:- die huidige lokaal is te klein en ongerieflik ingerig;

b) lokaal vir administratiewe doeleindes;

c) vergaderlokaal;

d) verbeterde persgeriewe, veral telefoongeriewe;

e) verbeterde toiletgeriewe; veral aparte geriewe vir skeidsregters is noodsaaklik.

f) warmwaterstelsel;

g) bewaringskassies vir persoonlike artikels; toegang tot kleedkamers is vrylik, en diefstal kom voor;

h) verbeterde omheining;

i) uitslag- of tellingsbord;

j) krieketkhorlosie;

k) keerskerms op die grense.

Die voorbereiding van krieketblaaie is deskundige werk en daar bestaan nie 'n werknemer in die Stadsraad se diens wat hierdie taak kan vervul nie. Die voorbereiding word in die hande van persone gelaat wat geen gespesialiseerde kennis van kolfbladvoorbereiding het nie. Dit benadeel die aanbieding van wedstryde.

iii. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse krieketunie geaffilieer.

Die hoofkwartier van die vereniging is in Klerksdorp gesetel. Dit kan na Potchefstroom verskuif word, maar gebrek aan fasiliteite het die groei van die klub gestrem en daardeur ook die inisiatief van bestuursverteenwoordiging. Die swaartepunt van krieket lê in Stilfontein en Klerksdorp, aangesien hierdie plekke beter fasiliteite, akkommodasie, standaardvelde, finansiële hulp aan sportmanne en ander geriewe voorsien. Myne speel egter 'n rol in die voorsiening van die fasiliteite.

Geselligheede word normaalweg in hotelle gehou, aangesien ander geskikte fasiliteite nie bekombaar is nie. Dit lewer egter probleme met jong lede.

Die klub stel belang in 'n sentrale sportsentrum, maar met die voorbehoud dat dit sentraal geleë moet wees en dat winste in sport teruggeploeg moet word en nie na indiwidue moet gaan nie. Daar word voorgestel dat die Stadsraad die sportsentrum finansieer en dit borg en dat die klubs die fasiliteite huur.

iv. Finansies

Uit ledegeld, donasies van die stadsraad en oudlede word die klub gefinansieer. Dit is egter nie voldoende nie. Weens gebrek aan fondse word jonger lede afgeskeep omdat hulle nie eie apparaat kan bekostig nie. Ou en ontoereikende apparaat benadeel die spel en

ondermyn die moraal van die klub. Wedstrydapparaat is swak, ou apparaat word soms gebruik.

Daar moet in ag geneem word dat krieket nie 'n toeskouerspel is nie. Hekgeld word beperk en veroorsaak dat weinige finansies beskikbaar is.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. die pers, streeknuus, strooibiljette en plakate word gereelde reklame aan krieket en Potchefstroom gegee.

vi. Opsomming

Die krieketklub is 'n stabiele en gevestigde klub wat deeglik georganiseer is. 'n Groot probleem is egter dat die wedstrydveld nie geskik is vir die aanbieding van wedstryde op provinsiale of nasionale vlak nie. Die huidige veld word gesamentlik vir krieket en atletiek gebruik. Gedurende Februarie en Maart word die veld hoofsaaklik vir atletiekbyeenkomste aangewend. Onder die huidige omstandighede behoort die veld òf in 'n krieketveld òf atletiekveld omskep te word. Indien lg. die geval is, behoort 'n alternatiewe veld voorsien te word wat aan die betrokke vereistes voldoen.

Daar bestaan ook 'n behoefte aan verbetering van die oefenfasiliteite. Oefennette en kolfblaaie is nie volgens standaard nie en dit bemoeilik die oefensituasie.

Aangesien krieket nie 'n toeskouersport is nie,

gaan die klub mank aan die nodige fondse. Dit strem die ontwikkeling van die klub se uitbreiding sowel as in die opbou van sosiale kontak met ander klubs, wat as noodsaaklik beskou word.

11. Potchefstroomdorp Rugbyklub

i. Lede

Die klub beskik oor 45 spelers wat gereeld aan wedstryde, indien dit aangebied word, deelneem. Dit is 'n ou klub wat deur die jare 'n konstante ledetal toon. Lede van die klub is oor die hele dorp versprei. Al die lede is Afrikaanssprekend, en hulle gemiddelde ouderdom is 25 jaar.

ii. Fasiliteite en terrein

Daar is twee oefenvelde tot die klub se beskikking en dit voorsien in die onmiddelike behoeftes. Na raming sal dit oor tien jaar nog in die behoeftes voorsien indien die klub vier aande i.p.v. die huidige twee aande per week oefen. Daar bestaan nie 'n behoefte aan addisionele oefenvelde nie.

Die oefenvelde is egter swak wat die toestand daarvan betref. Die velde is baie ongelyk en dit het al beserings veroorsaak. Omdat die velde laag en aan die oewer van die Mooirivier geleë is, geskied dreinering stadig. Gedurende die reënseisoen is groot dele van die veld onder water en dit bemoeilik die spelsituasie. Dit is ook gevaarlik vir die spelers. Gedurende die winter is dit baie koud langs die rivier en 'n

klagte is dat toeskouers nie kans sien om te kom nie.

Die oefenterrein behoort aan die plaaslike owerheid en lg. onderhou dit.

'n Groot behoefte by die klub bestaan aan die volgende:

a) bergingsruimte vir apparaat:- apparaat soos pype en kalk word tans in die kleedkamers gestoor; daar is ook geen plek waar artikels soos balle gestoor kan word nie.

b) lokaal vir administratiewe doeleindes; daar bestaan nie een nie en een word aangevra vir komiteevergaderings en vir die kies van spanne;

c) klubhuis: daar is geen bron van inkomste soos bv. hekgelde nie; uit verversings kan 'n inkomste verkry word;

d) beter ingerigte kleedkamers vir deelnemers: daar bestaan twee kleedkamers maar dit is onvoldoende en te klein; daar is ook 'n behoefte aan sluitkassies vir die spelers; indien meer as twee spanne speel bestaan daar altyd die gevaar dat besittings kan wegraak;

e) meer toiletgeriewe: dit is tans te min vir spelers sowel as toeskouers; daar is ook geen aparte kleedkamers vir skeidsregters nie en dit word dringend benodig;

f) parkeerruimte: dit is voldoende, maar indien dit reën sit motors soms vas; 'n harde oppervlakte is noodsaaklik.

iii. Finansies

Finansies word verkry uit ledegeld, donasies van privaatbeheer en die jaarlikse donasie van die Stadsraad.

Die reeds genoemde behoefte aan 'n klubhuis is 'n stremming op die klub. Daar kan nog niks aan donateurs of toeskouers gebied word nie. Besoekende spanne moet van buite-geriewe gebruik maak wat onnodig onkoste te weeg bring. Onthale en geselligheede word in hotelle aangebied en verhoog onkoste.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Rugby-unie geaffilieer. Die provinsiale vereniging is in Potchefstroom gesetel.

Alle liga-wedstryde word op Oliënpark gespeel. Geen byeenkomste kan op die oefenveld aangebied word nie, weens die gebrek aan fasiliteite. Slegs vriendskaplike wedstryde word aan die begin van die seisoen op die oefenvelde aangebied.

Die komitee van die klub behartig die administrasie en organisasie. Jaarvergaderings word in een van die plaaslike hotelle gehou, maar komiteevergaderings word noodgedwonge langs die veld gehou.

Die bestuur van die rugbyklub voel dat 'n sentrale sportsentrum met geskikte fasiliteite ideaal sou wees. So 'n sportsentrum behoort sentraal geleë te wees en van so 'n standaard te wees dat nasionale en internasionale wedstryde aangebied kan word. 'n Voorstel word

deur die bestuur gemaak dat die verskillende klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

D.m.v. plaaslike, provinsiale en Sondagkoerante, streeknuus en plakate gee die klub reklame aan rugbywedstryde en ook aan Potchefstroom.

vi. Opsomming

Dié rugbyklub is 'n gevestigde klub waarvan die ontwikkeling deur gebrek aan behoorlike geriewe en fasiliteite gestrem word. Die bestaande oefenterreine is nie heeltemaal geskik nie en verbeterings behoort aangebring te word.

Daar bestaan 'n groot behoefte aan 'n klubhuis, waar geriewe vir toeskouers sowel as spelers aangebied kan word. Die bestaande geboue op die terrein is nie voldoende en nie geskik nie. Daar bestaan 'n behoefte aan beter ingerigte kleedkamers vir deelnemers sowel as toeskouers.

12. Potchefstroom Amateur Atletiekklub en die Wes-Transvaalse Amateur Atletiekunie

i. Lede

In 1967 is die Potchefstroom Amateur Atletiekklub met 12 lede gestig. Tans is 40 lede ingeskryf waarvan 10 mans, 8 dames, 12 seuns en 10 dogters is. Die meeste lede, 22, is skoliere en studente. Van die lede is 4 Engelssprekend en die res is Afrikaanssprekend.

Negentien van die lede is van die Middedorp en

dertien is van Die Bult afkomstig

Potchefstroom is sedert 1905 die hoofsetel van atletiek in Wes-Transvaal. Sedert 1945 met die stigting van die W.T.A.A., het dit die setel van die unie geword. Die noue verwantskap tussen senioratletiek en die opvoedkundige inrigtings in Potchefstroom, verseker dat Potchefstroom die hoofsentrum van atletiek in Wes-Transvaal sal bly. In die lig hiervan is die behoeftes van die W.T.A.A. ook by die klub s'n ingeskakel.

ii. <u>Fasiliteite en terrein</u>

Die atletiekklub het tans geen oefenterrein tot hulle beskikking nie. Die Bill Swart-ovaal is nie as oefenterrein beskikbaar nie, vanweë ander sportsoorte wat aan die begin van die seisoen op die terrein beoefen word. Drie dae voor enige byeenkoms mag die baan nie gebruik word nie, aangesien dit dan voorberei word.

Daar bestaan 'n groot behoefte aan die volgende fasiliteite: (aangesien die klub byeenkomste op die Bill Swart-ovaal aanbied, is die volgende hoofsaaklik tot die terrein beperk; die behoeftes van die W.T.A.A.-vereniging t.o.v. fasiliteitsbehoeftes by die Ovaal is ook hierby inbegrepe).

a) bergingsruimte vir apparaat; die terrein wat by die Ovaal beskikbaar is, word deur die W.T.A.A.-vereniging benut;

b) lokaal vir administratiewe doeleindes:

administratiewe werk word by privaatwonings gedoen en die berging van waardevolle administratiewe stukke lewer probleme;

c) vergaderlokaal: vergaderings word in hotelle of elders gereël wat nie altyd gewenste akkommodasie bied nie; daar bestaan ook geen geskikte vergaderlokaal vir beamptes voor byeenkomste nie;

d) persgeriewe is ontoereikend want persbeamptes moet of buite by tafels geakkommodeer word, òf bo-op die paviljoen, tussen die toeskouers; telefoongeriewe is ontoereikend vir sowel die pers as die publiek; beplanning van persgeriewe sal ook met fasiliteite vir beeldradio rekening moet hou;

e) veral by groot byeenkomste is doeltreffender motorparkering by die Ovaal noodsaaklik;

f) verbeterde was- en aantrekgeriewe vir veral dames is noodsaaklik; meer storte vir mans en baddens vir dames word benodig, asook doeltreffende warmwatervoorsiening; toiletgeriewe vir die publiek gedurende byeenkomste is onvoldoende;

g) veilige bewaringsruimte vir persoonlike eiendom is noodsaaklik; daar bestaan vrye toegang tot die kleedkamers en diefstal kom dikwels voor;

h) noodhulpkamer: veelvuldige beserings kom in

atletiek voor en beseerdes moet dan ten aanskoue van die publiek behandel word; waar dames beseer word, word die situasie vererger; persone wat noodhulpdienste lewer, beskik oor geen eie lokaal nie en dit is 'n dringende behoefte;

i) meer sitplekgeriewe: die hoofpawiljoen kan slegs 1,700 mense akkommodeer en grooty byeenkomste word soms deur meer as 5,000 mense bygewoon;

j) verbeterde lokaal vir verversings: bestaande geriewe is baie primitief ingerig en tydens reënweer geheel en al onprakties;

k) verbeterde toegangsfasiliteite: toegangspunte is genoeg, maar hekkontrole is swak vanweë ondoeltreffende omheining;

l) opwarming geskied op die hoofveld en dit bevorder die kanse op beserings en belemmer die uitsig van toeskouers; 'n addisionele opwarmingsveld moet voorsien word - moontlik aan die Noordekant van die terrein deur die teerpad te vervang;

m) die baan moet na 'n 400 meter baan, instede van 440-treë baan, verander word, daar alle naellope geruime tyd reeds oor metrieke afstande beslis word;

n) Potchefstroom se baan word beskou as die gewildste atletiekbaan in die land. Om tred te hou met moderne geriewe, is 'n Tartanbaan

gewens, hoewel die kapitale koste op 'n klein gemeenskap soos Potchefstroom hoog sal wees. Tot tyd en wyl die kwaliteit van Tartanbane in Suid-Afrika beproef is, word aanbeveel dat aanvanklik aandag gegee word aan die verbetering van die fasiliteite van verspring, driespring, hoogspring en paalspringgeriewe; nommers waarvan die standaard landswyd laag is, a.g.v. swak geriewe. Hierdie terreine kan met Tartanaanloopbane voorsien word.

iii. Finansies

Uit ledegeld, die donasie van die Stadsraad en donasies van privaatpersone, word die klub finansieel bestuur. Gebrek aan finansies plaas 'n stremming op die ontwikkeling van die klub. Atletiektoerusting is baie duur. 'n Enkele stel hekkies kos nagenoeg R1,000. Permanente apparaat wat 'n groot kapitaal verg, behoort deur die Stadsraad gesubsidieer te word en aan alle instansies wat die baan vir atletiekbyeenkomste huur, beskikbaar gestel te word.

'n Eie atletiekbaan wat as oefenbaan vir die dorpsklub sal dien is baie noodsaaklik.

iv. Organisasie en administrasie

Die klub is by die Wes-Transvaalse Amateur Atletiekvereniging geaffilieer.

In samewerking met die vereniging word wedstryde gereeld aangebied. Wanneer 'n eie veld egter beskikbaar

is, kan eie byeenkomste aangebied word.

Die voorsitter en sekretaresse behartig die organisasie van die klub en geen vergoeding word betaal nie.

Vergaderings en gesellighede word by privaatwonings gehou aangesien ander terrein nie beskikbaar is nie.

Die klub stel belang in 'n sentrale sportsentrum met die voorbehoud dat alle oefengeriewe ten alle tye tot die klub se beskikking gestel sal word. Daar word voorgestel dat die klubs die fasiliteite van die Stadsraad huur.

v. Reklame aan Potchefstroom

Deur middel van die pers, radio, filmvertonings, strooibiljette en plakate word omvattende reklame aan Potchefstroom en aan atletiek verskaf.

Opsomming

Aangesien die Bill Swart-ovaal nie in die ware sin van die woord vir die dorpsatletiekklub beskikbaar is nie, is dit in die klub se belang dat 'n eie oefenterrein beskikbaar gestel word. Daar moet in ag geneem word dat al die ander atletiekklubs in Potchefstroom geslote klubs is en dat die dorpsklub die enigste geleentheid vir deelname aan atletiek bied. Inderdaad kán die Ovaal gebruik word, maar aan die begin van die seisoen wanneer dit die nodigste is, kan dit nie gebruik word nie, vanweë ander sportsoorte wat daar beoefen word.

Wat fasiliteite betref, is daar groot behoeftes by die dorpsklub sowel as by die W.T.A.A.-vereniging.

Fasiliteite is duur en die klub word deur 'n gebrek aan finansies in ontwikkeling en uitbreiding gestrem. Daar word aanbeveel dat die Stadsraad duur atletiekfasiliteite subsidieer en aan atletiekinstansies beskikbaar stel. Die behoeftes van die W.T.A.A. en die Potchefstroomdorp atletiekklub moet nie as sinoniem gesien word nie. Afsonderlike geriewe is onder die huidige reëling, waar atletiek, hokkie en krieket gesamentlik geakkommodeer word, nodig. Indien die Bill Swart-Ovaal slegs vir atletiek gereserveer word, kan dit 'n geskikte oefenveld vir die Dorpsklub wees.

## II ALGEMENE GEVOLGTREKKINGE VAN RESULTATE WAT VAN SPORTKLUBS VERKRY IS

Die spesifieke behoeftes van sportklubs is in die voorgaande afdeling volledig bespreek. Om die spesifieke behoeftes van die klub te peil, moet die vorige afdeling in sy geheel bestudeer word.

Daar moet in ag geneem word dat haas alle sportklubs in Potchefstroom geheel op die Stadsraad in die voorsiening van sportfasiliteite aangewys is. Plaaslike owerhede is nie wetlik verplig om sportfasiliteite aan sportklubs beskikbaar te stel nie; dit is eerder 'n morele verpligting en verantwoordelikheid wat plaaslike owerhede teenoor sy belastingbetalers het. Indien fasiliteite egter voorsien word, behoort dit deeglik gedoen te word en moet die behoeftes van klubs vooraf vasgestel te word.

(1) Uit die onderhoude wat met die sportklubs gevoer is, het sekere aspekte duidelik na vore getree. Die belangrikste is die gebrekkige sportfasiliteite waaroor die meeste klubs beskik. Geeneen van die klubs wat genader is, is tevrede met die huidige fasiliteite wat tot hulle beskikking gestel is nie. Geen luukshede word deur die klubs verwag nie. Dit gaan om fasiliteite wat by klubs behoort te wees, wat ontbreek of in 'n swak toestand is en wat die uitbreiding van die klub en gerief van die lede benadeel. Hierdie feit benadruk die stelling wat gemaak is dat plaaslike owerhede sportfasiliteite op 'n lukraak wyse verskaf met die hoop dat in die behoeftes van sportklubs voorsien sal word. Geen deeglik voorafbeplande ontleding word van sportsoorte gemaak voordat fasiliteite voorsien word nie. Dit lei daartoe dat fasiliteite verskaf word wat onbevredigend is en wat nie in die doel van klubs voorsien nie.

Van die fasiliteite wat benodig word is o.a. verbeterde en genoegsame toiletgeriewe, sluitkassies vir kledingstukke en ander artikels, meer en beter sitplekke vir toeskouers, aparte geriewe vir skeidsregters, vergader- en administratiewe lokale.

Geskikte fasiliteite trek deelnemers en wedstryde of byeenkomste kan op 'n hoë vlak aangebied word. Dit verskaf reklame aan sport en ook aan Potchefstroom. Atletiek kan as voorbeeld genoem word. Puik organisasie en 'n goeie atletiekbaan is verantwoordelik dat byeenkomste van 'n besondere hoë gehalte aangebied word.

Hierdeur word Potchefstroom aan die hele land bekend gestel en hoog in atletiekkringe aangeskryf. T.o.v. die fasiliteite vir atletiek is realistiese aanpassing wat tred hou met die eise van ontwikkeling, egter ook nodig.

'n Deurgaanse klag by die meeste sportklubs is dat a.g.v. 'n gebrek aan geskikte fasiliteite, geen byeenkomste van standaard aangebied kan word nie. Klubs soos pluimbal en karate moet tans van skoolsale gebruik maak aangesien geen ander fasiliteite tot hulle beskikking is nie. By hierdie klubs bestaan daar groot behoeftes vir verbeterde of alternatiewe geriewe. Dit is tans nie vir die plaaslike owerheid moontlik om enige veranderings by die skoolsale aan te bring nie. Dit is beide sterk groeiende klubs wat behoefte aan eie fasiliteite het en dit kan alleenlik deur die Stadsraad voorsien word.

(2) 'n Ander aspek wat duidelik opgeval het is dat die meeste klubs, sommige in 'n mindere en ander in 'n meerdere mate, deur 'n gebrek aan finansies in hulle ontwikkeling gestrem word. Hierdie gebrek aan finansies is grootliks 'n gevolg van die gebrekkige fasiliteite, waardeur die aanskoulikheid van sport en daarom ook die toeskouertalle, verlaag en beperk word.

Dit is egter nodig dat onderskeid gemaak word tussen toeskouersportsoorte soos rugby en atletiek en nie-toeskouersportsoorte soos krieket, tennis en pluimbal. Eersgenoemde sportsoorte word sterk deur toegangsfooie gesteun, terwyl laasgenoemde nie veel daaruit

verkry nie. Donasies wat deur die Stadsraad aan sportliggame gemaak word, moet dan ook, pro rata bereken, groter vir die nie-toeskouersportsoorte wees.

By sommige sportsoorte soos o.a. fietsry, is fasiliteite baie duur en is dit vir die klub nodig om finansiële steun aan lede te gee. Die fietsryklub beskik oor geen addisionele inkomste behalwe ledegeld en donasies nie, omdat geen fietsrybaan bestaan waarby toegangsfooie gevra kan word nie.

Alle sport is deskundig en wetenskaplik. Goeie afrigting is noodsaaklik, maar a.g.v. gebrek aan finansies is dit moeilik bekombaar. Hierdeur word die aantrekkingskrag van sport benadeel en die rekreatiewe waarde lei skade. 'n Faktor wat hierby aansluiting vind is dat die gebrekkige finansies die groei van klubs strem en dat daar alleen aandag aan goeie sportpersoonlikhede gegee word. Beginners kan nie voldoende onderrig word nie en word dikwels oor die hoof gesien. Dit veroorsaak dat sport alleen vir die uitstaande individu is en dat die voorreg van die massa ontneem word. Die kompetisie-element mag nie summier voorop gestel word nie. Die rekreatiewe en gesondheidswaardes mag nie van die massa weerhou word nie.

Al die klubs van die opvoedkundige inrigtings en die Weermag in Potchefstroom is geslote klubs. Die dorpsklubs bied die enigste geleentheid aan die jeug om buite skoolverband aan sport deel te neem. Die huidige toedrag van sake, beperkte finansies en fasiliteite,

lei daartoe dat klubs hulle ledetalle moet beperk en dat alleen die beste sportmanne opgeneem kan word.

(3) Uit die resultate van onderhoude wat met sportklubs gevoer is, blyk dat afstand 'n rol speel in die gebruik van sportfasiliteite. Dit is opvallend dat die meerderheid lede wat by klubs ingeskryf is, naby die betrokke sportfasiliteite woon. (In die ondersoek na rekreasiebehoeftes is ook bevind dat afstand van parke vanaf wonings die persentasie parkbesoek beïnvloed). Hierdie bevinding is belangrik by die verskaffing van sportfasiliteite.

(4) Al die sportklubs wat genader is, met die uitsondering van die vier tennisklubs, is ten gunste van 'n sentrale sportsentrum. Tennisklubs stel nie in sentralisasie belang nie, en voer as redes aan dat kompetisie beperk sal word; dat so 'n sentrum ongerieflik vir lede geleë sal wees en dat ruimte en fasiliteite beperk sal word. Ander klubs stel hoofsaaklik in 'n sportsentrum belang, omdat daar geglo word dat die fasiliteite wat daar tot die klubs se beskikking gestel sal word, doeltreffender sal wees as wat tans die geval is. Die klubs beveel eenparig aan dat die Stadsraad sodanige sentrum moet voorsien en borg en dat die klubs soos in die huidige geval, die fasiliteite van die Stadsraad huur. Sportfasiliteite behoort dan ook van sodanige standaard te wees dat nasionale byeenkomste aangebied kan word.

Die faktor dat afstand die gebruik van fasiliteite beïnvloed, mag nie buite rekening gelaat word nie. Dit word daarom aanbeveel dat, met die uitsondering van die pluimbal- en karateklubs wat tans van skoolfasiliteite gebruik maak; krieket wat sportvelde met die atletiekvereniging deel; hokkie en atletiek, al die dorpsklubs die huidige sportterreine behou en dit slegs as oefenvelde gebruik. Slegs wedstryde en byeenkomste moet dan in die sportsentrum aangebied word. Dit sal meebring dat die fasiliteite van die sportsentrum altyd in 'n goeie toestand gehou word en dat die oefenvelde benut word.

Die uitleg van sodanige sportsentrum behoort so te wees dat dit lokale insluit waar klubvergaderings gehou kan word, geselligheide en onthale van klubs aangebied kan word en vanwaar administratiewe werk van klubs gedoen kan word.

Inkomste uit die sportsentrum moet nie uit die huurgeld van klubs alleen verkry word nie, maar wel o.a. uit die verhuur van sale, aanbieding van konserte en danse, kafeteria en kroeg en toegangsgeld vir sportwedstryde. 'n Persentasie van die inkomste moet weer in rekreasie teruggeploeg word.

(5) Uit die onderhoude was dit duidelik dat daar 'n gebrekkige verhouding tussen die sportklubs en die Stadsraad bestaan. Klubs het behoefte aan hulp en leiding, maar weens 'n gebrek aan 'n skakeldepartement in die Stadsraad, kan kommunikasie nie na behore

plaasvind nie. Daar bestaan tans geen liggaam waardeur sportklubs met die stadsraad kan skakel nie. Sodanige departement behoort in die lewe geroep te word en moet heeltemal selfstandig funksioneer en net op rekreasie en vryetydsbesteding aangewys word.

In sodanige sportskakeldepartement is rekreasie-beamptes onmisbaar. Hulle moet oor 'n wye kennis aangaande rekreasie beskik en in sy taak moet hy koördinerend optree. Alleen deur doeltreffende koördinasie, organisasie en die voorsiening van goeie fasiliteite, kan sport in Potchefstroom tot 'n hoë vlak uitgebrei word.

Die rol wat die rekreasiebeampte sal moet vervul, sal baie wyd wees en een van sy verpligtings sal wees om die jeug in rekreasie op te voed en om 'n wye belangstelling daarin by hulle gaande te maak.

# H O O F S T U K 12

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGE EN ONDERSOEKE VIR VERDERE NAVORSING

### I. SAMEVATTING

a. Rekreasie vorm 'n belangrike aspek van elke gelukkige gemeenskap en dit word beoefen in die raamwerk van vryetyd. Vanaf die vroegste tye het mense oor vryetyd beskik en is rekreasie beoefen. Aanvanklik was dit net die voorreg van die adellikes, maar geleidelik het dit na alle vlakke van die samelewing deurgedring en daar bestaan 'n steeds toenemende behoefte daaraan.

Rekreasie moet gesien word as 'n doel op sigself en nie 'n middel om 'n doel te bereik nie. Dit is 'n Godgegewe besitting wat by beoefening primêr is. Alles wat deur rekreasie bereik word is sekondêr.

'n Ontleding van die begrip rekreasie dui dat dit beteken om te herskep, om te vernu en om te verryk. Dit is dus herskepping en vernuwing van die psigiese en fisiëke kragte van die mens. Die begrip rekreasie is baie wyd en fluktueerbaar. Wat vir een persoon rekreasie is, mag vir 'n ander werk wees. Die basiese onderskeid wat tussen rekreasie en werk gemaak kan word is dat in rekreasie geen gedwongenheid bestaan nie, dit is vrywillig en is alleenlik 'n doel op sigself.

b. In 'n gemeenskap moet rekreasiedienste voorsien word. Smith,[1] Webster[2] en Van Vuuren[3] noem sterk argumente ten gunste van plaaslike owerhede as die beste instansies om in rekreasiedienste te voorsien.

Plaaslike owerhede is egter nie geregtelik verplig om in rekreasiedienste te voorsien nie. Daar rus slegs 'n morele verpligting op die instansies. Voorsiening in rekreasiedienste is geen luuksheid nie, dit is 'n verantwoordelike belegging in mensemateriaal. Rekreasiedienste kan egter nie sondermeer net verskaf word nie. Beplanning wat op wetenskaplike navorsing berus, moet gedoen word. Onbeplande verskaffing van rekreasiedienste lei tot oor- of onderbenutting van die fasiliteite, waardeur die grondgedagte van rekreasie versteur word. Dit kan ook lei tot ekonomies verliese deurdat fasiliteite verskaf word waarvan nie gebruik gemaak word nie.

c. Rekreasie is een van die belangrikste lewensterreine wat bekwame hulp en leiding vereis. Hiersonder kan rekreasie nie tot sy reg kom nie en kan die deelnemer daaraan nie die volle waarde daaruit put nie. Die rekreasieleier moet aan die aktiwiteitsprogram rigting gee en moet kan organiseer en help waar nodig. Waar mense op so 'n informele vlak met mekaar in kontak is, is beïnvloeding baie sterk en bestaan die

---

1. Smith. Die ontspanningsleier.
2. Webster. Urban planning and municipal public policy.
3. Van Vuuren. Uit SANU-verslag 1961.

neiging om die voorbeeld van dié wat bo jou gestel is, na te volg. In dié opsig is dit belangrik dat die rekreasieleier oor 'n sterk persoonlikheid, goeie karakter en akademiese vorming moet beskik. Hy moet wilskrag toon, intelligent wees, mensekennis hê en oor die vermoë beskik om sonder outokratiese mag mense te beheer.

d. Vir die doel van hierdie ondersoek was dit nodig om van vraelyste gebruik te maak om gegewens in te win. Twee tipes vraelyste is gebruik nl. 'n algemene vraelys aan die publiek van Potchefstroom en 'n onderhouds-vraelys aan sportklubs. Met die vraelyste is verskillende doeleindes beoog. Deur die algemene vraelys wou vasgestel word wat die rekreasiepatroon van mense gedurende die somer en winter is, aan watter rekreasie-aktiwiteite voorkeur gegee word, hoe parke en die Potchefstroomdam, as rekreasiegebiede, besoek word en of daar faktore bestaan wat besoeke beïnvloed. Deur die onderhoudsvraelys aan sportklubs is vasgestel watter probleme en behoeftes sportklubs t.o.v. sportfasiliteite het, of klubs se ontwikkeling deur 'n gebrek aan finansies gestrem word en of klubs in 'n sentrale sportsentrum belangstel.

Die algemene vraelys is vanaf Julie-September 1969 onder die publiek van Potchefstroom versprei en weer teruggehaal. 'n Verteenwoordigende steekproef is gemaak vir alle ouderdomsgroepe bo tien jaar. Ouderdomme is in kategorieë van vyf jaar verdeel. Nege

beroepsrigtings is afgebaken. Van die totale aantal vraelyste wat terug ontvang is, was 701 geskik vir verwerking. Die gegewens is op ponskaarte gepons en aan 'n outomatiese rekenaar gevoer. Die resultate is in tabelvorm verwerk en gevolgtrekkings is hieruit gemaak.

Onderhoude met sportklubs is vanaf die begin van April tot einde September 1969 gevoer. Nadat die gegewens ingewin is, is 'n verslag oor elke klub geskryf en probleme, behoeftes en tekortkominge is aangestip.

## II. GEVOLGTREKKINGS

### A. Rekreasiefasiliteite en -behoeftes. (Algemene vraelys)

1. Die blanke bevolking van Potchefstroom is sportbewus. Sport is 'n rekreasievorm wat alle ouderdomsgroepe bevredig en wat deur 'n hoë persentasie uit alle ouderdomsgroepe bygewoon word. Die verskynsel beklemtoon die feit dat wanneer die plaaslike Stadsraad in sportbehoeftes voorsien, daardeur 'n gemeenskapsdiens bewys word wat vir alle ouderdomsgroepe bykans ewe sterk geld.

2. Die grootste enkele behoefte wat uit die vraelys na vore gekom het, is die algemene begeerte na 'n rekreasiesentrum. Die behoefte is so algemeen dat dit nie ligtelik opgeneem mag word nie. Die Stadsraad behoort aandag hieraan te skenk.

3. Daar bestaan 'n behoefte aan die beoefening van sekere rekreasie-aktiwiteite soos boogskiet,

muurbal, ysskaats en keëlbal wat nie in Potchefstroom aangebied word nie. Dit is realisties om te beweer dat indien die fasiliteite verskaf word, dit benut sal word. Uit dié behoefte blyk ook die noodsaaklikheid van rekreasiebeamptes, wat behulpsaam kan wees met die stigting van klubs of algemene hulp vir die stigting van klubs. Sodoende kan rekreasiedeelname bevorder word.

4.a Die huidige aanbieding van parke of die parkuitleg, bevredig nie die inwoners van Potchefstroom nie. In die huidige vorm dien parke grootliks as versiering en besoekers put nie genoeg psigologiese en fisieke voordeel uit parkbesoek nie. Die meeste persone wat nooit parke besoek nie, of dit minder as vier keer per jaar besoek, beweer dat hulle geen behoefte het om meer kere te gaan nie, hoewel hulle parkbesoek nie as tydmors beskou nie. Dit staaf die bewering dat besoekers nie genoeg psigiese en fisieke voordeel uit parkbesoek put nie.

b. Daar behoort groter aansluiting en aanskakeling tussen park- en sportgrondontwikkeling te wees. Bestaande sportvelde is so formeel van karakter en beplanning, dat die rekreatiewe nut daarvan slegs tot die bepaalde sportsoort waarvoor dit opgerig is, beperk bly.

c. Afstand is 'n faktor wat parkbesoek beïnvloed. Hoe nader parke aan wonings is, hoe groter is die persentasie parkbesoek. Die teendeel is ook bewys.

d. Speelgeriewe vir kleuters en laerskoolleerlinge in parke is onvoldoende en behoort verbeter te word.

5. Besoeke aan die Potchefstroomdam deur die inwoners van Potchefstroom is hoog laag (95.5%) en slegs 'n uiters geringe persentasie inwoners besoek nooit die dam nie. Daar bestaan egter 'n behoefte aan uitbreiding van rekreasiefasiliteite. 'n Swembad, saal vir binnenshuise sport, tennisbane en 'n wildtuin is die grootste in aanvraag.

B. Sportklubonderhoude

1. Geeneen van die sportklubs wat genader is, is ten volle tevrede met die huidige sportfasiliteite wat tot die klubs se beskikking gestel is nie. Dit staaf die feit dat die Stadsraad nie altyd doeltreffende voorafontleding maak van die behoeftes van sportklubs nie. Dit lei daartoe dat die sportfasiliteite wat verskaf word onvoldoende is en dat sport, deurdat van swak fasiliteite gebruik gemaak word, nié tot 'n hoë standaard ontwikkel kan word nie.


Klubs wat die swaarste deur gebrekkige fasiliteite getref word, is fietsry, karate, boks, pluimbal en krieket. Omdat daar geen of baie swak fasiliteite bestaan word sportsoorte soos muurbal, stoei, gewigoptel, swem en gimnastiek nie aangebied nie.

2. Met die uitsondering van die tennisklubs stel al die ander sportklubs in 'n sentrale sportsentrum belang. Die rede hiervoor kan gesoek word in

die feit dat die huidige sportfasiliteite nie geskik is nie en dat klubs verwag dat indien 'n sportsentrum voorsien word, fasiliteite aldaar beter sal wees as waarvan tans gebruik gemaak word. Sportklubs beveel eenparig aan dat die Stadsraad die sportsentrum moet voorsien en dat klubs dan die fasiliteite van die Stadsraad huur.

3. Die meeste sportklubs waarmee onderhoude gevoer is, word deur 'n gebrek aan finansies in hulle ontwikkeling en uitbreiding gestrem. Gebrek aan finansies kan teruggevoer word na gebrekkige sportfasiliteite wat verhoed dat byeenkomste van standaard aangebied kan word. Min toeskouers word gelok en sodoende bestaan daar 'n verlies van toegangsfooie wat 'n sterk finansiële bate vir sportklubs is. Onvoldoende omheining van sportvelde veroorsaak ook dat 'n verlies van hekgeld voorkom.

4. Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat daar 'n groot behoefte aan 'n Parke- en Rekreasie-departement in die Stadsraad bestaan. Sodanige departement moet selfstandig van ander departemente funksioneer en moet uitsluitlik op parke en rekreasie aangewys word. Dit kan soos volg saamgestel word:




Die taak van die Hoof van Parke en Rekreasie is koördinerend van aard. In die pos setel die uitvoerende en beherende mag van die Departement Parke en Rekreasie. Die taak van die Hoof van Parke geld onder andere t.o.v. parke, sportvelde, publieke tuine, straatversiering en die fisiese instandhouding van rekreasieoorde. Die taak van die Hoof van Rekreasie, geld meer spesifiek in die bearbeiding van die mensemateriaal in die gemeenskap self en die praktiese uitbouing van rekreasie onder die inwoners van Potchefstroom. As voorbeeld van so 'n departement, kan die Departement van Parke en Rekreasie van Johannesburg genoem word. Bogenoemde beproefde stelsel, net in groter omvang, funksioneer vir die afgelope dekade met uitsonderlike sukses.

Die huidige reëling dat rekreasie onder die ingenieursdepartement resorteer, kan nie aan hierdie instansies reg laat geskiet nie. Hoewel 'n ingenieursdepartement met die fisiese beplanning van rekreasie belas kan word, lê die praktyk van skakeling en bevordering van rekreasie, nie op sy terrein nie.

## III. ONDERWERPE VIR VERDER NAVORSING

